Landbou weekblad

# NAMPO

## 12-15 MEI 2026

HERDEFINIËRING VAN KRAG,

MET DIE NUWE ELECTRICAL VARIABLE TRANSMISSIE (EVT)



TOONVENSTER VAN

# SA landbou

JOHN DEERE

## MET TOT 634 HP EN INTELLIGENTE KRAGBESTUUR STEL DIE NUWE 8R/8RX NUWE MAATSTAWWE VIR WERKSVERRIGTING EN DOELTREFFENDHEID.

Die nuwe 8R/8RX 440–540-reeks bied verhoogde resultate in die land:

Beter werksverrigting beteken wyer implemente wat werksbane met tot 34% verminder. Grondverdigting word verminder en kan opbrengspotensiaal met 2-3% verhoog.

Met beter trekvermoë en volgehoue hoë werksverrigting kan tot 40% meer hektaar per dag gewerk word.

Kan tot 480 hektaar per dag plant met 'n grootraamplanter onder gunstige omstandighede.

Hidrouliese vloei-opsie van 428 L/min en hyservermoë van 10 886 kg.

# INHOUD


2 Nampo-oesdag 2026 konsentreer op veerkragtigheid en winsgewendheid
4 Kaart
6 Gesprekke help bou landbou se toekoms
8 Nampo wys boere se liefde vir vlieg
10 Planmakers moet gereed maak vir beste stryd nóg
12 Platform wil boere prysmakers help word
14 Dra jou boodskap verder uit met *Landbouweekblad*

## Meganisasie
15 Meganisasie op sy beste
16 Presisieboerdery word ál meer noodsaaklik
20 Baie om na uit te sien by John Deere
22 Die storie van 'n plaas en sy mense
24 Groot sukses met New Holland
26 Kompakte Deutz-Fahr-reeks op Nampo te sien
28 Wuhlf bring nuwe werktuig na Nampo

## Graan
30 **Veranderende klimaat:** Teelmateriaal, bestuur belangriker as ooit
36 Sonneblom met hoë olie kan somme laat klop
39 **Ammoniumsulfaat:** Die primêre komponent van plantproteïen
40 Betaal minder vir jou John Deere
43 All Power sorg vir ál jou kragoplossings
46 Nuwe swamdoder beskerm mielies vroeg

## Plaaswerf
49 Iets van alles by Nampo te kry
51 Betroubare oplossing vir boere se werktuie
52 'Driemanskap' van STIHL vir harde arbeid
54 Munte kan jou finansieel beskerm
56 Plaaspad of teerpad, elke rit is 'n hoogtepunt
58 Hilux mik vir wêreldrekord op die Nampo-oesdag
60 ISUZU se FHR 900 kán hard werk
62 CNH Capital bied finansiering wat by jou onderneming pas
64 Slimmer waterbestuur vir moderne boerdery
66 Bly in hoogste rat met beste smeermiddels
68 Tata dryf landbou vorentoe in Suider-Afrika
70 Afrimat Cement is ware Suid-Afrikaanse bouvennoot

## Vee
73 Veewenke wat werk
74 Let op dié faktore vir speenkalfsukses
76 Pas winterlekke aan vir beter beesprestasie
78 'FarmRanger is noodsaaklik vir beesboerdery'
80 Iets van alles op Oesdag te sien
82 Plaasgeure kry 'n vars, moderne aanslag in die Plaaskombuis
86 **Vyf boere, een handelsmerk:** Karoolam met 'n nalatenskap reguit na die verbruiker


## WEER BY NAMPO!



syngenta Boerekos Plaaskombuis
Landbou weekblad
syngenta
MALU
Angus Beef
L&L Lamb & Legacy
SPARTA The Beef Co.
Earlybird
Kloppers
expert
weber
In samewerking met
roots Academy








**REDAKSIE**

**Hoofredakteur** Chris Burgess
**Inhoudshoof** Nelia Richter
**Kommersiële bestuurder** Marisa Beeton
**Promosie-koördineerder** Marieke Snyman
**Subredakteurs** Ina Ferreira, Jan Bosman, Johan Fouché, Liesel Pienaar

**Proefleser** Irma van der Vyver
**Bladuitleg en produksie** Karien van Wyk, Adriana Loedolff
**Reproduksie** Dewald Spies
**Administrasie** Luzaan Grobbelaar
**Uitgewer** Clint Ockhuis

**Advertensies** Esmarelda Ferreira, Berdine Gericke, Jacomien Oosthuizen, Ronnie Robbertze, Theuns Venter, Deon Van Dyk
***Landbouweekblad***
E-pos: **lbw@landbou.com**
Web: **www.landbou.com**

Gedruk deur novus print 'n Afdeling van Novus Holdings

MARIEKE SNYMAN

# Nampo-oesdag 2026 konsentreer op veerkragtigheid en winsgewendheid




**In 'n landbou-omgewing waar onsekerheid byna die enigste sekerheid geword het, verskuif die klem van oorlewing na slim aanpasbaarheid. Vanjaar se Nampo-oesdag wys dat die pad vorentoe nie net oor harder werk gaan nie, maar om beter te boer.**

In 'n tyd waarin die landbousektor toenemend onder druk verkeer, word die vermoë om aan te pas en vooruit te dink al hoe belangriker. Teen hierdie agtergrond is die Nampo-oesdag, wat van 12 tot 15 Mei vanjaar in Nampo-park buite Bothaville in die Vrystaat plaasvind, weer die middelpunt waar produsente, landbou-ondernemings en belanghebbendes in die waardeketting byeenkom. Vanjaar se tema, "Veerkragtigheid deur innovasie", is nie bloot 'n slagspreuk nie, maar 'n akkurate weerspieëling van die probleme én geleenthede wat die bedryf tans definieer.

## 'n Bedryf onder druk – en in beweging

Die Suid-Afrikaanse landboubedryf bevind hom in 'n situasie wat al hoe ingewikkelder raak. Klimaatsverandering veroorsaak onsekerheid in produksietoestande, terwyl insetkoste – van brandstof en kunsmis tot arbeid – voortdurend styg. Daarmee saam is die immer wisselende aard van die plaaslike en internasionale markte, sowel as beleids- en regulatoriese onsekerheid.

Hierdie sameloop van faktore plaas produsente in 'n situasie waar tradisionele praktyke nie meer voldoende is nie. Boerdery het ontwikkel van 'n beroep wat baie op ervaring en intuïsie staatmaak tot een waar data, tegnologie en strategiese besluitneming 'n al hoe groter rol speel.

Volgens dr. Dirk Strydom, besturende direkteur van Nampo (Edms.) Bpk., is veerkragtigheid vandag veel meer as net oorlewing.

"Dit behels die vermoë om aan te pas, beter besluite te neem en volhoubaar winsgewend te bly.

"Die Nampo-oesdag speel juis 'n kernrol om produsente met die nodige hulpmiddels en kennis toe te rus om hierdie doel te bereik."

## Innovasie is die verskil

Die klem op innovasie is nie toevallig nie. In 'n omgewing waar marges al hoe nouer word, is doeltreffendheid en presisie van deurslaggewende belang. Produsente moet slimmer boer – met minder vermorsing, beter hulpbronbestuur en groter akkuraatheid.

Op die Nampo-oesdag word hierdie beginsels prakties uitgeleef. Van presisieboerdery en gevorderde meganisasie tot verbeterde teelmateriaal en digitale hulpmiddels – die uitstalling bied 'n wye spektrum van oplossings. Besoekers kry die geleentheid om nuwe tegnologie eerstehands te ervaar en te kyk hoe dit op hul eie boerdery van toepassing kan wees.

Spuithommeltuie, byvoorbeeld, word toenemend deel van die moderne boer se arsenaal. Hierdie tegnologie bied nie net groter akkuraatheid nie, maar kan ook insetkoste verlaag en omgewingsimpak beperk. Net so speel datagedrewe besluitneming, waar produsente deur middel van ontleding en monitering meer ingeligte keuses kan maak, toenemend 'n rol.

**Die son loer skaars oor die horison, maar die rye is reeds lank – Nampo-oesdag begin vroeg vir dié wat niks wil misloop nie.** FOTO'S: MARIEKE SNYMAN

## Uitbreiding en nuwe hoogtepunte

Die Nampo-oesdag 2026 bou voort op sy gevestigde reputasie, maar bring terselfdertyd nuwe elemente na die terrein. Die uitbreiding aan die noordekant van die terrein skep ruimte vir 'n groter verskeidenheid van uitstallers, waaronder internasionale deelnemers uit China en Italië.

Verskeie nuwe produkte word vanjaar bekend gestel, met 'n besondere klem op voertuie en trekkers. Daar is ook planne vir 'n wêreldrekordpoging, wat 'n bykomende element van opwin-

ding tot die verrigtinge voeg.

'n Nuwe ontspanningsarea, bykomend tot die Six Gun Grill Country-saal, gee besoekers die kans om tydens die besige program te ontspan. Dié ruimtes dra by tot die algehele ervaring en beklemtoon dat die Nampo-oesdag nie net oor sake gaan nie, maar ook oor die gemeenskap en die bou van netwerke.

## Die menslike element

Hoewel tegnologie en innovasie die kern is, bly die menslike element 'n belangrike aspek van die Nampo-oesdag. Die Santam Landbou Vroueprogram, in samewerking met *Rooi Rose*, is een van die gewildste trekpleisters en bied 'n uiteenlopende program van inspirasie en vermaak.

Kunstenaars en persoonlikhede soos Hannon, Willem Botha, Amanda Strydom, Reandi Grey en Lizz Meiring sal tot 'n dinamiese atmosfeer bydra.

Hierdie program onderstreep die rol van vroue in die landbou en bied terselfdertyd 'n platform vir gesprekke wat verder as die plaashek strek.

## Bekende trekpleisters

Die sukses van die Nampo-oesdag berus nie net op vernuwing nie, maar ook op die behoud van elemente wat deur die jare gewild gebly het. Die Standard Bank-4x4-roete en die Adventure-4x4-roete bied weer aksiebelaaide demonstrasies, terwyl die saadpersele waardevolle inligting oor nuwe kultivars en teelmateriaal verskaf.

Die Nasie in Gesprek-reeks bring weer kenners en belanghebbendes byeen om uiters belangrike kwessies in die landbou te bespreek. Hierdie platform speel 'n belangrike rol in die uitruil van gedagtes en die bevordering van strategiese denke binne die bedryf.

## Skeppende oplossings in die vee-arena

Die uitbreking van bek-en-klouseer het noodgedwonge veranderinge meegebring. Geen diere met gesplete kloue sal vanjaar op die Nampo-oesdag toegelaat word nie. Tog het die organiseerders en rasgenootskappe skeppende maniere gevind om steeds waarde te bied.



Van indrukwekkende trekkers tot slim, innoverende werktuie – jy sal in elke hoekie op die Nampo-oesdag iets nuuts ontdek.

Die TAU Animal Feeds-vee-arena konsentreer op alternatiewe aanbiedings met diere, soos perde, honde en pluimvee, wat onder streng biosekerheidsmaatreëls vertoon word.

*Landbouweekblad*, Graan SA en Omnia bied weer vanjaar die immergewilde Boereplanne op die Nampo-oesdag aan. Dit gee boere die geleentheid om kreatiwiteit en innovasie op die plaas te demonstreer. Vanjaar is 'n unieke uitdaging aan die deelnemers gestel: Hulle moet slim ingenieursvaardighede en doeltreffendheid kombineer deur 'n praktiese oplossing te ontwerp sodat slegs een persoon 'n drom diesel op 'n bakkie kan laai.

## Optimale ervaring

Die digitale transformasie van die Nampo-oesdag is duidelik sigbaar in die 2026-toepassing. Met toegang tot meer as 900 uitstallers, verbeterde navigasie en interaktiewe funksies stel dit besoekers in staat om hul ervaring te optimaliseer.

Logistiek bly 'n prioriteit. Verskeie verbeterings is aangebring om beweging op en na die terrein te vergemaklik. Die Mieliehop-pendeldiens verbind Bothaville met die terrein, terwyl bykomende roetes vanaf die O.R. Tambo-lughawe en die omliggende dorpe toegang verbeter.

Verkeersvloei is ook hersien, met die moontlike hergebruik van grondpaaie om druk op die hoofroetes te verlig. Trekkers en sleepwaens vervoer besoekers op die terrein tussen die uitstallings, en bykomende bushaltes verbeter die beweging verder.

## Verblyf en kulinêre aanbod

Om in die groeiende vraag na verblyf te voorsien, bly die woonwapark suid van hek 2 'n gewilde opsie. Met 100 staanplekke en voldoende geriewe bied dit 'n praktiese oplossing aan besoekers wat naby die terrein wil bly.

Die kulinêre aanbod is ewe indrukwekkend. Die Syngenta *Boerekos* Plaaskombuis bied weer, in oorleg met *Landbouweekblad*, 'n verskeidenheid geregte in 'n ontspanne plaasatmosfeer aan. Saam met die tradisionele kosstalletjies – wat deur plattelandse organisasies aangebied word – skep dit 'n outentieke en diverse koservaring.

## Geskiedenis en toekoms

Die Graan SA-museum, geborg deur Santam, gee besoekers die geleentheid om die geskiedenis van die organisasie en die groei van die Nampo-oesdag te verken. Hierdie ruimte dien as 'n herinnering aan hoe ver die bedryf gekom het – en hoe belangrik dit is om daardie nalatenskap te bewaar.

## Toekoms van landbou

Die Nampo-oesdag bly die belangrikste ontmoetingsplek vir die landbousektor in Suid-Afrika. Dit is hier waar planne, innovasie en mense bymekaarkom om die toekoms van die landbou te vorm. In 'n tyd waar produsente onder toenemende druk werk, bied die Nampo-oesdag nie net inspirasie nie, maar ook praktiese oplossings wat help om boerderye veerkragtiger, doeltreffender en uiteindelik winsgewender te maak.

Die spreekwoord lui: "'n Boer se plan is sy beste oes." Op Nampo 2026 word daardie plan gesmee – een wat die probleme van vandag in die geleenthede van môre kan omskep. **LBW**

NAVRAE: Web: **nampo.co.za**, vir kaartjies: **opentickets.co.za**



In die Syngenta *Boerekos* Plaaskombuis kry jy 'n blaaskans van die hele dag se rondstappery – en sommer ook 'n lekker bord eg Suid-Afrikaanse kos.

## TERREINKAART, NAMPO-PARK

| ADVERTEERDER | BLADSY | NAMPO-STALLETJIE |
|---|---|---|
| ABC HANSEN | 9 | C34A |
| AFGRI | 40 | E29 |
| BAYER | 42 | Roodebank Saad 2 |
| BED HOLDINGS | 51 | C31 |
| CASE IH | 18 | B11, B12 & B28 |
| DEUTZ FAHR | 26 | E22, E23, E26A & B |
| ELANCO | 89 | A23 |
| ELECTROLEE | 72 | K6 |
| FALCON | 29 | E1 |
| FARMRANGER | 78 | Nampo-saal 40 |
| FORD | 56 | E21 |
| IRRIGATION UNLIMITED | 32 | C30 |
| ISUZU | 60 | E28 |
| JOHN DEERE | 20-21 | A12-14, A16-17, A37 & A38 |
| JOHN DEERE FINANCIAL | 22 | A12-14, A16-17, A37 & A38 |
| JOJO TANKS | 64 | C1A |
| KYNOCH FERTILIZER | 38 | A15 |
| LANDBOUWEEKBLAD | 14, 49 | H11 (Ou Six Gun-saal) |
| MOLATEK | 76 | V4 & V5A |
| NEW HOLLAND | 24 | A2 & A3 |
| OMNIA (BOEREPLANNE) | 34 | A13 |
| PANNAR SAAD | 48 | B41 & B42 |
| PIONEER | 33 | Roodebank Saad 4 |
| PLAASKOMBUIS | 82 | H11 (Ou Six Gun-saal) |
| SENSAKO | 36 | H11 |
| SHELL | 66 | A27 |
| STAALMEESTER | 19 | E2 |
| STIHL | 52 | H1 |
| TATA | 68 | C18 |
| TOYOTA | 58 | D12 & D13 |
| VOERMOL | 74 | V10 |
| WUHLF | 28 | D14 B |







## MEDIESE NOODNOMMERS

**ANNCRON-KLINIEK**
Standplaas E32

**WILMED PARK**
Sampi-saal

**WILMED PARK PRIVATE HOSPITAAL**
Naomi Taljaard, 083 381 7548

**LIFE ANNCRON-HOSPITAAL**
Pieter Ferreira, 071 291 2603

**ER24:** Meiring Kahts, 082 909 0382



syngenta
Boerekos
Plaaskombuis
&
Landbou weekblad
SAADPLOTTE
SEED PLOTS
G29 G30 G31 G32 G33 G34 G35
AFRICAN GROUP LUBRICANTS 4x4 ADVENTURE TRACK
4x4 QUAD & SIDE-BY-SIDE DEMO AREA
Grondbone Laan
G25 G24 G23 G22 G21 G20 G19 G18 G17 G16 G15
G7 Goodyear Ave
G3 G4 G5 G6 G10 G11 G12 G13 G14
MIDAS SAAL / HALL
K23
F27 F28 F29 F30 F31 F32 F33 F34 F35 F36 F37 F37a
F24 F23 F22 F21 F20 F19 F18 F17 F16 F15 F14
K22
Sojaboon Laan
F2 F3 F4 F5 F6 F7a F7b F8 F9 F10 F11 F12 F13
E45 E44 E43 E42 E41 E40 E39
H14 H15a H15b H16 H17
E31 E32 E33 E34 E35 E36 E37 E38
H13 H12
SYNGENTA LBW PLAASKOMBUIS
H11 H10 H9 H8
DURA-LOVOL Laan
K18 K19 K20
E28
NAMPO-SAAL
NAMPO HALL
K21
LIQUI MOLY SAAL/HALL
E21 E22 E23 E24 E26a E26b E27
H1 H2 H3 a H3 b H4 H5 H6 H7
STANDARD BANK 4x4-DEMONSTRASIETERREIN 4x4 DEMONSTRATION AREA
GASTEHUIS GUEST HOUSE
Toilette
Toilets
Hekke
Gates
Graan SA
Grain SA
Inligting
Information
Verversings
Refreshments
Noodhulp
First aid
Brandbestryding
Fire fighting
Mahindra Laan
E19 E18 E17 E16 E15 E14 E13 E12a E12b E11
E2 E3 E4 E5 E6 E7 E8 E9 E10
Revaro Laan
D39 D38 D37 D36 D35 D34 D33 D32 D31 D30 D29 D28 D27 D26
K16
Suzuki Laan
AGRICAD Laan
C27a C27b C28a C28b C29 C30 C31 C32 C33 C34a C34b C35 C36
Suzuki Boulevard
D19 D20 D21a D21b D22 D23 D24a D24b D25
C26 C25 C24 C23 C22b C22a C21 C20a C20b C19 C18 C17 C16
D18 D17 D16b D16a D15a D15b D14a D14b D13 D12
Suzuki Laan
C1 C2 C3 C4 C5 C6 C7 C8 C9 C10 C11 C12 C13 C14 C15
K14
K15
D1 D2 D3 D4 D5 D6 D7 D8 D9 D10 D11
OPENBARE/UITSTALLERS INGANG
PUBLIC/EXHIBITORS' ENTRANCE
BOTHAVILLE
GRAIN SA
GRAAN SA
Graan SA-ledesaal
Verversings
Toilette
Inligting
Brandbestryding
Hekke
Noodhulp




**Nasie in Gesprek** bring belanghebbendes byeen om te praat oor oplossings vir die toekoms van die landboubedryf. *FOTO'S: VERSKAF*

# Gesprekke help bou landbou se toekoms

Van ekonomiese druk tot watersekerheid en wêreldhandel – **Nasie in Gesprek** bring vanjaar weer indringende, relevante gesprekke na die Nampo-oesdag.

In 'n tyd waarin die Suid-Afrikaanse landbou onder toenemende druk verkeer, bied **Nasie in Gesprek** op die Nampo-oesdag 'n belangrike platform waar produsente, kenners en belanghebbendes uit die bedryf saam kan dink oor oplossings en die pad vorentoe. Die gesprekke konsentreer op kernkwessies wat die volhoubaarheid en mededingendheid van die sektor regstreeks raak – van plaasvlak-ekonomie tot globale handelsdinamika.

Die jaarlikse **Nasie in Gesprek** op Nampo het deur die jare gegroei tot een van die belangrikste forums vir oop, eerlike en soms moeilike gesprekke oor die stand van die Suid-Afrikaanse landbou.

Vanjaar se program bou voort op dié tradisie en pak 'n reeks onderwerpe aan wat nie net produsente raak nie, maar die hele landbouwaardeketting – en uiteindelik elke verbruiker.

## Ekonomie

Die eerste sessie, "**Om te boer of nie te boer nie: Die ekonomiese werklikheid**", plaas die kollig op die harde werklikhede waarmee produsente daagliks gekonfronteer word. Stygende insetkoste, wisselvallige pryse en toenemende druk op winsmarges dwing baie boere om fundamentele vrae te vra oor die volhoubaarheid van hul bedrywighede. Die gesprek beoog om eerlike perspektiewe vanaf die grondvlak te bied – nie net oor probleme nie, maar ook oor die kompromieë tussen skaal, doeltreffendheid en volhoubaarheid.

Die kernvraag wat hier gestel word, sny diep: As jy vandag van voor af moes begin, sou jy weer kies om te boer? En indien nie, wat moet verander om daardie antwoord na 'n "ja" te skuif?

Dit is 'n gesprek wat waarskynlik sterk emosies en uiteenlopende menings sal ontlok, maar dit is juis daarom noodsaaklik.

## Bek-en-klouseer

Die tweede sessie konsentreer op een van die mees ontwrigtende risiko's vir die veebedryf: "**Bek-en-klouseer: Een uitbreking, baie gevolge**". Onder hierdie tema word die wydverspreide impak van 'n uitbreking ondersoek – van regstreekse verliese op plaasvlak tot die ernstige gevolge vir uitvoermarkte en Suid-Afrika se reputasie internasionaal.

Hierdie gesprek strek verder as blote krisisbestuur en kyk indringend na Suid-Afrika se biosekerheidstelsels. Wat werk, wat werk nie, en hoe kan samewerking tussen die staat en die bedryf verbeter word om toe-

komstige uitbrekings te voorkom? Die vraag is nie net hoe om te reageer nie, maar of Suid-Afrika in staat is om 'n stelsel te bou wat krisisse kan voorkom.

## Waterbeskikbaarheid

Water, een van die mees kritieke hulpbronne vir die landbou, is sentraal in die derde sessie: "**Water: Mededinging vir elke druppel**". Met toenemende druk op waterbronne bou die spanning op tussen die landbou, stedelike gebruik en nywerheids- en omgewingsbehoeftes. Hierdie gesprek ondersoek hoe water tans toegeken en bestuur word, en of die stelsel regverdig en doeltreffend is.

Vir produsente is die implikasies baie groot. Onsekerheid oor waterbeskikbaarheid raak beleggingsbesluite, produksiepraktyke en uiteindelik voedselsekerheid.

Die sessie probeer om nie net die probleme uit te lig nie, maar ook praktiese oplossings en beleidsrigtings te bespreek wat 'n volhoubaarder waterbestuurstelsel kan ondersteun.

## Die landbounarratief

Die vierde sessie skuif die kollig na persepsie en kommunikasie met die tema: "**Vorm die narratief: Vertel die landbou se storie met selfvertroue**". Ten spyte van die landbou se deurslaggewende rol in die ekonomie en samelewing voel talle belanghebbendes dat die sektor se bydrae nie altyd reg verstaan of waardeer word nie.

In 'n era van sosiale media, vinnige nuussiklusse en toenemend openbare ondersoek word die manier waarop die landbou homself posisioneer, al hoe belangriker. Hierdie gesprek vra of die sektor genoeg doen om sy storie te vertel – of moontlik die verkeerde storie vertel. Dit gaan oor vertroue bou, deursigtigheid bevorder en 'n meer gebalanseerde narratief skep wat verder strek as die plaashek.

**NASIE IN GESPREK-PROGRAM**

| Datum | Onderwerp | Sprekers |
|---|---|---|
| Dinsdag 12 Mei<br>10:00-12:00 | **Sessie 1:**<br>Om te boer of nie te boer nie: Die ekonomiese werklikheid | Fasiliteerder: Theo Vorster<br>Richard Krige, Graan SA<br>Japie Grobler |
| Woensdag 13 Mei<br>10:00-12:30 | **Sessie 2:**<br>Bek-en-klouseer: Een uitbreking, baie gevolge | Fasiliteerder: Chris Burgess<br>Dewald Olivier, RMIS<br>Minister John Steenhuisen<br>Johann Kotzé, AgriSA |
| Woensdag 13 Mei<br>13:00-14:30 | **Sessie 3:**<br>Water: Mededinging vir elke druppel | Fasiliteerder: Dr. John Purchase<br>Gregory Smith, SAAFWUA<br>Theo Boshoff, Agbiz |
| Donderdag<br>14 Mei<br>13:00-14:00 | **Sessie 4:**<br>Vorm die narratief: Vertel die landbou se storie met selfvertroue | Fasiliteerder: Anlie Hattingh<br>Nick Serfontein |
| Vrydag 15 Mei<br>10:00-12:00 | **Sessie 5:**<br>Handelsoorloë, tariewe en geleenthede | Fasiliteerder: Prof. Nick Binedell<br>Wandile Sihlobo, Agbiz<br>Ferdi Meyer, BFAP |

> Wat duidelik is, is dat **Nasie in Gesprek** nie bloot 'n praatforum is nie, maar 'n ruimte waar kritiese denke, eerlike debat en praktiese oplossings byeenkom.



Deur oop gesprekke, die uitruil en oordra van kennis en samewerking help **Nasie in Gesprek** om volhoubare verandering in die landbousektor teweeg te bring.

## Internasionale handel

Die laaste sessie, "**Handelsoorloë, tariewe en geleenthede**", plaas die Suid-Afrikaanse landbou binne die breër globale konteks. In 'n wêreld waar geopolitieke spanning, handelsverskuiwings en veranderende marktoegang 'n ál groter rol speel, moet plaaslike produsente en uitvoerders vinnig aanpas om mededingend te bly.

Hierdie paneel kyk hoe internasionale gebeure uitvoergeleenthede beïnvloed en wat op die spel is vir Suid-Afrikaanse produsente. Is die land besig om sy eie handelsbestemming aktief te vorm, of reageer dit bloot op eksterne kragte? Dit is 'n vraag wat al hoe meer relevant raak namate wêreldmarkte meer kompleks en onvoorspelbaar word.

Hoewel verskeie gespreksleiers en sprekers reeds aangekondig is, is dit belangrik om daarop te let dat nie almal al hul deelname finaal bevestig het nie. Dit laat ruimte vir verdere interessante toevoegings tot die program en onderstreep die dinamiese aard van die gesprekke.

Wat duidelik is, is dat **Nasie in Gesprek** nie bloot 'n praatforum is nie, maar 'n ruimte waar kritiese denke, eerlike debat en praktiese oplossings byeenkom. Vir produsente wat hulself wil toerus met insig en perspektief in 'n vinnig veranderende landbou-omgewing, bied hierdie platform 'n unieke geleentheid om eerstehands deel te wees van gesprekke wat die toekoms van die bedryf help vorm.

Op die Nampo-oesdag, waar innovasie en tradisie mekaar ontmoet, dien **Nasie in Gesprek** as 'n belangrike herinnering: Die probleme is groot, maar die vermoë om saam te dink en saam aan oplossings te werk, bly een van die landbou se sterkste punte. **LBW**

ALANI JANEKE en MARISA BEETON

# Nampo wys boere se liefde vir vlieg

In die uitgestrekte landskap van Suid-Afrika, waar afstande tussen plase en dorpe dikwels honderde kilometer beslaan, begin vliegtuie en helikopters 'n ál groter rol in boerdery speel. Die vliegveld by Nampo-park is 'n bewys hiervan.

Suid-Afrikaanse boere besef die waarde van vliegtuie – nie net as 'n doeltreffende hulpmiddel in hul boerderybedrywighede nie, maar ook as 'n praktiese oplossing vir persoonlike vervoer.

Suid-Afrika staan aan die voorpunt van landboulugvaart in Afrika. Hoewel daar nie presiese statistieke is oor die aantal boere wat vliegtuie besit nie, meen bedryfskenners dat daar 'n beduidende aantal landbouverwante lugvaartuie in die land is. Volgens die artikel "The best aircraft registry for African owners" wat in 2023 op die webwerf **www.avbuyer.com** verskyn het, is Suid-Afrika se ZS-geregistreerde vliegtuie te sien in die hele Afrika, wat die land se gevorderde lugvaartinfrastruktuur weerspieël.

Die meeste van hierdie vliegtuie word deur groot kommersiële boere besit, wat dikwels uitgestrekte eiendomme bestuur wat andersins moeilik is om te bereik en te besigtig.

## Mites en feite oor boere se vliegtuiggebruik

Soos met enige beduidende belegging is daar verskeie wanopvattings rondom vliegtuigbesit deur boere. Wat is die ware situasie?

Een van die grootste mites is dat net die rykste boere vliegtuie kan bekostig. Hoewel nuwe vliegtuie inderdaad duur kan wees, berig die webwerf **reviewbeforeflight.com** dat ouer modelle bekostigbaarder is, met sommige gesertifiseerde vliegtuie beskikbaar vir minder as R350 000. Baie boere begin met 'n gebruikte vliegtuig en ruil dit mettertyd in vir 'n nuwe vliegtuig namate hul behoeftes en begroting verander.

Daar is ook opsies om koste te deel deur mede-eienaarskap of deur vliegtuie deur 'n boerevereniging of koöperasie aan te skaf.

Dit is egter 'n wanopvatting dat die goedkoopste vliegtuig ook goedkoop sal wees om te onderhou. Die feit is dat die aanvanklike aankoopprys nie altyd die lopende koste weerspieël nie. 'n Ouer, eenvoudige vliegtuig wat goedkoop aangeskaf is, kan uiteindelik duurder wees om te bedryf as gevolg van hoër brandstofverbruik, gereelder onderhoud of moeilik bekombare onderdele.

Boere moet die totale eienaarskapskoste oor die gebruiksduur van die vliegtuig in ag neem, nie net die aanvanklike kapitaalbesteding nie.



Die landingstrook by Nampo-park is tydens die Nampo-oesdag een van die besigstes in Suid-Afrika. *FOTO: ALANI JANEKE*

## Vliegtuie op Nampo-oesdag

Een van die merkwaardigste voorbeelde van die belangrikheid van vliegtuie en helikopters in die Suid-Afrikaanse landbou is die jaarlikse Nampo-oesdag by Bothaville.

Besoekers aan dié skou weet al dat voertuigverkeer op sekere dae erg besig kan raak. Vir baie mense sal dit egter nuus wees om te hoor dat die landingstrook by Nampo-park in spitstye besiger kan wees as by die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg.

Die meeste vliegtuie wat al binne 'n uur tydens Nampo bestuur moes word, was 70, volgens Cliff Lötter, gesoute lugverkeerbeheerder by die Nampo-vliegveld wat al 19 jaar lank die verkeer beheer. Ter vergelyking, volgens die lughawensmaatskappy (Acsa) se statistieke vir die 2023-'24-boekjaar, het slegs 23 vliegtuie per uur op O.R. Tambo geland.

"Die Nampo-oesdag is die grootste invliegeleentheid in die Suidelike Halfrond. Ons beheer jaarliks meer as 900 opstyg- en landingsbewegings in die vier dae van Nampo," sê Cliff.

Op 16 Mei 2019 het 'n rekordgetal van 190 vliegtuie en 47 helikopters binne drie uur by Nampo-park geland. Toit Wessels, wat toe assistentbestuurder van bemarking en Nampo by Graan SA was, het gesê daardie oggend het 'n vliegtuig amper elke minuut geland.

Verlede jaar het altesaam 85 vliegtuie en 16 helikopters op die eerste dag op die Nampo-vliegveld geland.

Cliff het toe aan *Landbouweekblad* gesê Woensdae en Donderdae is gewoonlik die besigste dae op die vliegveld.

Cliff word altyd deur twee *spotters* ondersteun sodat hy kan seker maak dat enige vliegtuie of helikopters wat na die park op pad is, gesien kan word. Hy is laas jaar ondersteun deur twee baie bekwame vroue, Marelise Scheepers van die Lanseria-lughawe, wat sedert 1997 'n lugverkeerbeheerder is, en Karin Mathew van die Wonderboom-lughawe, wat dié werk sedert 2002 doen.

Sowat 50% van die besoekers wat van die vliegveld gebruik maak, is boere, sowat 20% is sakemanne en die oorblywende 30% is van korporatiewe instellings. **LBW**

### Wat jy moet weet as jy invlieg

- **Die grootte van die beheerde lugruim:** Radius van 5 seemyl rondom Nampo-park van S27° 13'36" O26° 41'00" en 'n hoogte vanaf die grond tot 3 000 voet.
- **Toegekende kommunikasiefrekwensie:** 120,2 MHz (die tyd van lugverkeerbeheer is van 07:00 tot 17:00).
- **Die roepsein is:** Nampo Tower.



ABC Hansen Africa
Dis
OES
TYD
Kry die regte toerusting betyds
www.abchansenafrica.co.za/wp
Info@abchansenafrica.co.za
Gauteng: 012 8030036 / 082 577 1247
Wes Kaap: 079 139 2393 / 079 139 3704
Silo Sak Vuller
Silo's
Silo Sakke
In-Silo Droging




AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
BOU DIE TOEKOMS VAN
landbou in Suid-Afrika
Dra by tot Akademia se Landbouskenkingsfonds
Besoek www.akademia.ac.za of stuur ŉ e-pos na skenking@akademia.ac.za
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# Kry jou planne gereed vir die beste stryd nóg

Boereplanmakers moet solank hul moue oprol en hul inskrywings regkry, want 'n nuwe uitdaging en rugbysterre beloof om vanjaar se Boereplanne-kompetisie die beste nóg te maak.



Gert van Tonder van Reitz in 2025 by een van sy wenplanne – 'n ekonomiese geiser wat met ou enjinolie werk. Die olie word aan die brand gesteek om die water te verhit. Van Tonder was die wenner in twee afdelings van die Boereplanne-kompetisie saam met Landbouweekblad Omnia Graan SA. *FOTO: CHARL VAN ROOYEN*

Die "boereplan" wat seker die grootste invloed nóg op Suid-Afrika gehad het, sal vanjaar op die Nampo-oesdag te sien wees.

Daan Human, skrumafrigter van die Springbokke, bring die skrummasjien van hierdie rugbyspan na die standplaas van *Landbouweekblad*, Graan SA, Omnia en Boereplanne.

Dié masjien, in Bloemfontein deur Werner Dreyer gebou, het die Springbokke se skrums van die mees gevreesde in wêreldrugby gemaak.

Daan gaan ook op die Nampo-oesdag 'n draai by Boereplanne kom gooi. En dis nie al nie – die Cheetahs-rugbyspan gaan ook kom skouerskuur met besoekers en die deelnemers aan Boereplanne (hou *Landbouweekblad* se sosiale media dop om uit te vind op watter dae dit alles gaan gebeur).

Om die geskiedkundige sportartifak te sien, is net één van die opwindende dinge wat vanjaar se Boereplanne-kompetisie saam met Landbouweekblad Omnia Graan SA gaan kenmerk.

Nóg een is die Dieseldrom-uitdaging wat ál die boereplanmakers daar buite se grysstof aan die werk gaan sit.

Boere word uitgedaag om met die beste patent na vore te kom waarmee net een mens 'n drom diesel agterop 'n bakkie kan laai. Die wenner sal prysgeld van R10 000 losslaan.

Deelnemers moet hul patent ontwerp, bou, inskryf (inskrywingsvorm op **bl. 11**) en na Nampo-park bring. Daar moet hulle demonstreer hoe hul plan werk.

Die Boereplanne-kompetisie spog vanjaar met 'n totale kontantprys van R50 000.

"Vanjaar se kompetisie gaan een van die beste nóg wees," sê Chris Burgess, hoofredakteur van *Landbouweekblad*.

"Die Boereplanne-kompetisie is 'n wonderlike instelling op die Nampo-oesdag. Dit is 'n besonderse eer om dié kompetisie deur die jaar onder die aandag van ons boere te hou.

"Om die hele tyd planne te maak, is immers wat boere uniek maak," sê Chris.

## Skryf so gou moontlik in

Boere met blink planne word dus genooi om hul planne so gou as moontlik vir die kompetisie in te skryf.

Jou inskrywing kan enige toerusting wees wat aangewend kan word om probleme op die plaas aan te pak.

Deelnemers kan in ses afdelings inskryf (al die reëls is op die inskrywingsvorm op **bl. 11**).

Jy kan ook produkte inskryf wat reeds kommersieel beskikbaar is. Hoewel prysgeld nie in dié kategorie van toepassing is nie, gaan die wenner 'n gratis uitstalruimte van 10 m x 10 m op Nampo 2027 losslaan.

## Kies jou afdeling

**Nuut.** Hieronder tel enige nuwe werktuie of landboutoerusting (rekenaar-programmatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit).

**Gemodifiseerd.** Enige werktuie of landboutoerusting (ook programmatuur, toepassings of tegnologie) wat aangepas is, kan in dié afdeling ingeskryf word. Dit sluit elektriese en nie-elektriese gereedskap in.

**Huis en tuin.** Hierdie afdeling is bedoel vir planne wat in en om die huis, asook in die kombuis gebruik kan word.

**Ope afdeling.** Dié afdeling is jou kans om enigiets in te skryf wat nie in die voorafgaande drie kategorieë val nie en waarvan die vervaardigingskoste minder as R5 000 is.

**Skole-afdeling.** Die groot getal inskrywings in die verlede deur jong planmakers het gelei tot 'n spesiale afdeling vir leerders. Enige plan van 'n leerder wat aan 'n onderriginstelling verbonde is, kan vir dié afdeling ingeskryf word.

**Kommersiële afdeling.** Produkte wat kommersieel beskikbaar is, kan ingeskryf word. Een plan per persoon – dit hoef nie 'n *bona fide*-boer te wees nie – kan ingeskryf word. Verder geld ál die reëls van die kompetisie.

Die deelnemers se inskrywings moet Graan SA voor of op Maandag 4 Mei bereik, behalwe dié van kommersiële planne wat voor 30 April ingedien moet wees.

Die inskrywings moet op Maandag 11 Mei teen 14:00 op die Boereplanne-terrein wees. **LBW**

NAVRAE: Stuur inskrywings aan Wim Venter, e-pos: **wim@grainsa.co.za**, of Graan SA, Posbus 88, Bothaville 9660. Enige ander navrae kan aan die e-pos-adres **lbw@landbou.com** gestuur word.

# NAMPO Boereplanne

**'n TOTALE PRYSGELD VAN R50 000 IS OP DIE SPEL!**

## Wen groot met jou unieke boereplanne op vanjaar se NAMPO Oesdag. Skryf vroegtydig in om jou plek te verseker.

### Amptelike inskrywingsvorm

Hierdie planne sluit enige toerusting in wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te pak. Behalwe vir kategorie G mag die toerusting nie reeds gepatenteer wees nie en mag dit deur enigiemand vir eie gebruik nagemaak word.

### Inskrywings

Rig alle inskrywings aan Wim Venter by *wim@grainsa.co.za* of skakel hom by 086 004 7246 met enige navrae.

Naam en van: ______________________________

Adres: ______________________________

Selfoonnommer: ______________________________

E-pos-adres: ______________________________

Plan staan bekend as: ______________________________

Beskrywing: ______________________________

______________________________

Naam van skool/instansie (F): ______________________________

Dui die afdeling met 'n kruisie aan:

A. Nuut: masjinerie, implemente en landboutoerusting (digitale tegnologie ingesluit)
B. Gemodifiseerd: masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)
C. Gereedskap: alle gereedskap, elektries sowel as nie-elektries
D. Huis en tuin: planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis
E. Ope afdeling: enige item wat nie hierbo genoem word nie met 'n vervaardigingskoste van minder as R5 000
F. Skole-afdeling: enige inskrywing van 'n student/leerder aan 'n onderriginstansie
G. Kommersiële afdeling: planne nie ouer as twee jaar wat reeds kommersieel beskikbaar is kom in aanmerking vir die spesiale prys van 'n NAMPO 2027-uitstalruimte (10 m x 10 m). Slegs een plan in hierdie kategorie per persoon en deelnemers moet *bona fide*-boere wees
H. Video-afdeling: vir planne wat te groot, te ver of onprakties is om fisiek by die Oesdag te kry. Die prysgeld vir hierdie afdeling is effens minder as vir A tot F

Ek onderneem hiermee om by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: ______________________________

### Reëls

1. Ingeskrewe artikels moet van Dinsdag tot Vrydag by Graan SA se NAMPO Oesdag uitgestal word.
2. Slegs inskrywings op die amptelike inskrywingsvorm sal aanvaar word.
3. Alle deelnemers sal na afloop van die NAMPO Oesdag deur *Landbouweekblad* gekontak word vir moontlike publikasie van die betrokke inskrywing in *Landbouweekblad* of op Landbou.com en die wenners sal op die borge se sosialemediaplatforms aangekondig word.
4. Die deelnemer is verantwoordelik vir die vervoer van sy plan voor en na die kompetisie, tensy anders met die borge ooreengekom.
5. Graan SA, Omnia Nutriology® en *Landbouweekblad* aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies tydens deelname aan die kompetisie nie.
6. Elke deelnemer of sy verteenwoordiger moet tydens die beoordeling op Dinsdag 12 Mei 2026 teenwoordig wees om die plan te demonstreer. Deelnemers kwalifiseer as uitstallers en is dus geregtig op een gratis toegangskaartjie vir elke dag wat hulle op die terrein is.
7. Wenners of hul verteenwoordigers moet tydens die prysuitdeling op Donderdag 14 Mei 2026 om 12:00 teenwoordig wees.
8. Items wat reeds kommersieel bemark word of in die proses is om as patent geregistreer te word, kan in kategorie G ingeskryf word, mits dit nie ouer as twee jaar is nie. Die wenner in hierdie kategorie sal die spesiale Graan SA-prys soos bo genoem wen, en kom nie in aanmerking vir prysgeld nie.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
10. Die beoordelaars sal pryse na goeddunke toeken en inskrywings diskwalifiseer wat nie na hul oordeel gepas is nie. Spesiale pryse mag volgens die beoordelaars se diskresie toegeken word.
11. Deelnemers kan in die afdelings soos hierbo uiteengesit meeding.
12. Inskrywings moet Graan SA voor of op Maandag 4 Mei 2026 bereik, behalwe vir kommersiële planne wat voor 30 April ingedien moet wees.
13. Inskrywings moet teen 14:00 op Maandag 13 Mei 2026 op die Boereplanneterrein wees. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm moet saam met die plan by die ingangshek getoon word om toegang te verkry.
14. Geen inskrywings mag voor Saterdag 16 Mei van die terrein verwyder word nie.

omnia NUTRIOLOGY | NAMPO | Landbou weekblad

**Die prysuitdeling vind op Donderdag 14 Mei 2026 plaas. Produsente word genooi om die inskrywings op standplaas 2B langs Omnia te kom besigtig. Skakel Wim Venter by 086 004 7246 met navrae.**

LANDBOU24 | ELZETTE BOUCHER KRUGER

# Platform wil boere prysmakers help word

In 'n bedryf waar boere dikwels prysnemers is, kan beter data en naspeurbaarheid die mag terug in die boer se hande plaas.



Van links is Helmut Drewes (Agrista), Chris Burgess (*Landbouweekblad*), Deon Saayman (Cape Wools SA), Pierre Vlok (BKB), Minette Ferreira (Media24), André Christie-Smith (Kleinheuwel Trust) en James de Jager (Segard Masurel Suid-Afrika) by die bekendstelling van Landbou24 se nuwe *Landbou.app*-platform in Kaapstad. *FOTO: ER LOMBARD*

Die *Landbou.app*-platform wil boere nader aan hul markte bring en groter deursigtigheid in landbouwaardekettings skep sodat boere winsgewender kan boer.

Dié nuwe platform is ontwikkel deur Landbou24 – 'n handelsmerk gebore uit 'n gesamentlike onderneming tussen Media24 se landboupublikasie *Landbouweekblad* en Agrista, 'n ontwikkelaar van slim digitale landbou-oplossings. Landbou24 se doel is om pasgemaakte digitale produkte te skep wat die landboubedryf bemagtig vir die handel van die toekoms.

Dit bring boere, finansiële instellings, verskaffers en markte saam in een digitale ekostelsel waar handel vereenvoudig, deursigtigheid verbeter en naspeurbaarheid versterk kan word.

Volgens Chris Burgess, hoofredakteur van *Landbouweekblad*, is dié bekendstelling deel van 'n nuwe aanslag vir die publikasie en sy digitale projekte. "Die tydskrif is meer as 'n eeu gelede gestig om Afrikanerboere ekonomies te help herstel ná die Anglo-Boereoorlog. Die *Landbou.app* is die volgende stap in daardie evolusie."

Met beter data en sterker skakels tussen rolspelers in die waardeketting glo hy die stelsel kan help om boere se winsgewendheid te verbeter.

Helmut Drewes van Agrista sê drie groot markkragte hervorm tans die landbou wêreldwyd: marktoegang, verbruikersverwagtings en toenemende sertifiseringsvereistes. "Boere wil toegang hê tot premiemarkte. Om dit te bereik, moet ons nuwe kanale skep wat hulle nader aan sulke markte bring."

Die platform gebruik gedetailleerde kaartdata om plaasgrense aan te dui. Boere kan hul grond "opeis" en registreer, waarna hulle toegang kry tot verskeie dienste, waaronder 'n plaasverslag.

*Landbou.app* is een van Landbou24 se vlagskipprodukte. Daardeur kan organisasies, boere en ander deelnemers in 'n waardeketting hul sake beter bestuur, veilig handel dryf en selfs hul eie digitale winkels open.

*Landbou Nexus* is nog 'n vlagskipproduk. Dit stel boere in staat om punt-tot-punt-naspeurbaarheid toe te pas, hul dataprofiel te bestuur en deel te neem aan verkoopsnetwerke op *Landbou.app*. Die platform sluit 'n digitale markplein in waar produkte en dienste direk aan ondernemings en die publiek bemark kan word.

Deelnemers kry deur platforms soos *Landboumark* en *Marketplace* op *Landbou.com* en *Africanfarming.com* toegang tot groot landbougehore.

Minette Ferreira, uitvoerende hoof van media by Media24, sê die projek wys hoe die publikasie nie net oor die toekoms van landbou verslag doen nie, maar aktief daaraan bou.

Landbou24 het die *Landbou.app*-platform onlangs in Kaapstad bekend gestel, met Cape Wools SA as die eerste organisasie wat die stelsel gebruik om naspeurbaarheid in die wolwaardeketting te versterk. Die tegnologie maak dit moontlik om wol van die plaas tot die eindverbruiker te volg. Tydens die bekendstelling is dit gedemonstreer deur die QR-kode op 'n baal wol van André Christie-Smith van Kleinheuwel Trust by Bredasdorp te skandeer en dadelik ál die inligting oor daardie spesifieke baal op te roep.

Volgens Deon Saayman, uitvoerende hoof van Cape Wools SA, is die projek die gevolg van meer as vier jaar se werk om naspeurbaarheid in die plaaslike wolbedryf te vestig. Wolboere kan die QR-kode hieronder skandeer om by die Cape Wools-netwerk op *Landbou.app* aan te sluit. **LBW**

*Om meer uit te vind oor Landbou24 se pasgemaakte digitale oplossings, besoek die Syngenta* Boerekos *Plaaskombuis tydens Nampo. Sluit ook op 14 Mei om 08:00 by ons aan vir 'n paneelbespreking oor tegnologie.*

NAVRAE: **www.landbou24.com**

landbou 24

Gee beheer terug aan boere


mark
Landbou
KOOP EN VERKOOP VINNIG, MAKLIK EN MET VERTROUE
Jou tyd hoort by jou boerdery – nie vasgevang in ingewikkelde aankope en bemarking nie. Met Landboumark, *Landbouweekblad* se nuwe **digitale markplein** vir moderne landbou, kry jy alles op een plek – ontwerp om landbouhandel slimmer en meer toeganklik te maak.
Geklassifiseerde advertensies
Plaasprodukte
Veilings
Soek vinnig en maklik deur 'n wye reeks produkte en dienste, en plaas jou eie geklassifiseerde advertensie in 'n japtrap; bly op die hoogte van die jongste veilings, adverteer jou gebeurtenis en neem regstreeks deel; en koop en verkoop plaasprodukte van topgehalte – van voortreflike vleis, vars produkte en handgemaakte nisprodukte.
11:39
Skep 'n plasing
Veld tot vurk varsheid
Plaasprodukte
Begin vandág nog - teken aan by mark.landbou.com
Of skandeer die QR-kode met jou slimfoon
Landbou
weekblad | weekliks | .com

# Dra jou boodskap verder uit met *Landbouweekblad*

*Landbouweekblad* se doel vir meer as 'n eeu was nog altyd om regte waarde toe te voeg tot Suid-Afrikaanse boere en wat hulle op hul plase doen. Hoewel die landbou, media en bemarking in daardie tydperk drasties verander het, en *Landbouweekblad* se baadjie daarmee saam by tye, bly die handelsmerk se hoofdoel niks minder nie as om boere op hulle plase te hou.

*Landbouweekblad* het in Mei 1919 as 'n gedrukte publikasie begin, en het sedertdien ontwikkel tot 'n multimedia-aanbieding van landbou-inligting met 'n reikwydte oor verskeie platforms.

"Gebou op 'n eeu oue erfenis het *Landbouweekblad* tred gehou met veranderende tye. Die handelsmerk het verander van 'n tradisionele landboutydskrif tot 'n dinamiese reeks platforms wat gedrukte publikasies, digitale aanbiedinge, televisieprogramme, geleenthede en pasgemaakte bemarkingsoplossings insluit," sê Chris Burgess, hoofredakteur.

"Hierdie voortdurende ontwikkeling is 'n bewys van *Landbouweekblad* se verbintenis om in die ontwikkelende behoeftes van boere én landboubesighede te voorsien."




### Die span sal jou met die volgende bystaan om jou doelwitte te bereik:

- **Strategiese bemarking.** Ontwikkel 'n toegespitste kommunikasiestrategie vir jou behoeftes en teikengehoor.
- **Vertel van stories.** Vernuwende veldtogkonsepte wat jou handelsmerk met boere laat praat deur middel van stories en inligting wat vir boere interessant is.
- **Skep van inhoud.** Professionele ontwikkeling van artikels, visuele materiaal, video's en potgooie.

## Praat met 'n breë gehoor

*Landbouweekblad* se gehoor verteenwoordig die hele Suid-Afrika se landboubedryf. Die primêre gehoor sluit gevestigde kommersiële boere in wat op *Landbouweekblad* staatmaak vir betroubare inligting om produktiwiteit en winsgewendheid te verbeter. Hierdie boere waardeer die publikasie se wetenskaplik gegronde benadering en praktiese insigte.

Deur inisiatiewe soos *African Farming* bly *Landbouweekblad* getrou aan die doel van sy ontstaan, naamlik om boere te bemagtig, en verskaf noodsaaklike hulpbronne en gemeenskapsteun aan die groeiende opkomende landbousektor.

Deur *Landbouweekblad* kan landboubesighede met die hele plaaslike landbougemeenskap en die volgende geslag landbouleiers praat. As vertroude bron bereik *Landbouweekblad* ook beleidmakers en professionele mense. Dit maak *Landbou.com* die ideale platform vir landboubesighede wat nie net boere wil beïnvloed nie, maar ook die wyer landbouwêreld.

## Verskeie platforms

Die krag van *Landbouweekblad* lê in sy vermoë om boodskappe op verskeie platforms oor te dra:

***Landbouweekblad.*** Die tydskrif is een van slegs twee landboupublikasies in Suid-Afrika wie se syfers amptelik deur die Sirkulasieburo van Suid-Afrika (ABC) bevestig is. Met 'n sirkulasie van 12 378 bly *Landbouweekblad* se gedrukte publikasie 'n kragtige kanaal om kommersiële boere en belanghebbendes in die landbou te bereik.

***Landbou.com.*** Dié webwerf en slimfoontoepassing het homself gevestig as 'n betroubare en volledige digitale landboubron, met 770 151 bladlese per maand. 'n Digitale weergawe van die gedrukte *Landbouweekblad* kan ook daar gelees word.

**Sosiale media.** Die handelsmerk het 158 600 volgelinge op Facebook, 20 043 op X, 13 600 op Instagram, 5 947 op TikTok, 1 100 op LinkedIn en 3 622 op sy eie WhatsApp-kanaal.

***Landbouweekliks.*** Dié gewilde TV-program oor die landbou wat op VIA (DStv-kanaal 147) uitgesaai word, bereik 'n gemiddelde weeklikse gehoor van 195 423.

**Nuusbriewe.** Nege nuusbriewe met spesialisinhoud word aan byna 28 000 intekenare gestuur – van die jongste nuus en kundige raad tot *Boerekos*-resepte en inligting oor innovasies.

**Weervideo's.** Nog altyd 'n voorloper met weernuus, bied *Landbou.com* saam met Vox die eerste streeksweervoorspelling-video's met omvattende inligting wat maandeliks uitgestuur word. Die eerste video is meer as 500 000 keer gekyk.

**Geleenthede (*events*).** *Landbouweekblad* bied verskeie landbougeoriënteerde geleenthede aan, met 'n sterk klem op herlewingslandbou en volhoubaarheid, wat jaarliks meer as 3 000 besoekers lok.

## Jou oplossing-gedrewe vennoot

Wat *Landbouweekblad* werklik van ander markdeelnemers onderskei, is sy oplossing-gedrewe benadering om landbouondernemers te help om sukses te behaal. Pleks van 'n eengrottepakket werk die *Landbouweekblad*-span nou saam met kliënte om hul spesifieke kommunikasiebehoeftes en -doelwitte te verstaan en oplossings te bied.

Of jy 'n nuwe landbouproduk bekend wil stel, jou handelsmerk onder boere wil versterk of die mark wil inlig oor innoverende dienste, *Landbouweekblad* bied die kundigheid, platforms en gehoortoegang wat nodig is om jou doelwitte te bereik.

Ongeag of jy die begroting vir 'n uitgebreide veldtog of 'n bietjie platter beursie het, ons het 'n oplossing vir jou.

Besoek *Landbouweekblad* by die Syngenta *Boerekos* Plaaskombuis tydens Nampo en gesels met 'n verteenwoordiger oor jou bemarkingsbehoeftes. **LBW**

# Meganisasie op sy beste

Glansende staal, indrukwekkende trekkers en kragtige masjinerie: Dié fotoblad vang die landbou se tegnologie en geskiedenis vas – van die nuutste toerusting tot veteraantrekkers wat jaarliks besoekers aan Nampo se koppe laat draai.




Die Lovol-transporter staan jaar ná jaar gereed vir eindelose selfies en bewondering van besoekers. Deesdae lyk hy ekstra speels met sy kort Boerboel-broekie, en dit maak hom 'n onmiskenbare gunsteling.

*FOTO'S: MARIEKE SNYMAN*




Revaro se standplaas trek die aandag van elkeen wat verbystap. Met moderne masjinerie en volwaardige oplossings wys dié maatskappy se span hoe hulle boere se werk makliker en vinniger kan maak.




Valtrac se trekkers en werktuie is 'n gewilde trekpleister. Sy span verduidelik graag die verskillende modelle se kenmerke.




Op sy standplaas wys Case IH 'n volledige reeks toerusting en masjinerie wat besoekers van nader kan bekyk.




New Holland se stalletjie lok almal wat van betroubare en gevorderde landboumasjinerie hou.




John Deere se stalletjie is 'n gewilde kuierplek vir besoekers wat die nuutste trekkers en werktuie wil sien.





Die saal met 'n groot verskeidenheid veteraantrekkers gee 'n terugblik op die geskiedenis. Van nostalgiese ontwerp tot blink staal bied dit 'n kans om te sien hoe landboumasjinerie deur die jare ontwikkel het.

LLOYD PHILLIPS en MARISA BEETON

# Presisieboerdery word ál meer noodsaaklik



Presisieboerdery gaan oor inligting wat die boer help om akkurater en kostedoeltreffender te boer. *FOTO: VERSKAF*

**Om insetkoste te bestuur, is vanjaar belangriker as ooit tevore. Hoë produksiekoste en 'n siklus van lae graanpryse plaas druk op graanboere se winste. Daarom is presisiepraktyke en die gebruik van tegnologie 'n noodsaaklike oorweging vir boere wat vanjaar die Nampo-oesdag besoek.**

Presisieboerdery is nie meer 'n konsep van die toekoms nie. Die tipe landboutegnologie wat tot die beskikking van Suid-Afrikaanse boere is, ontwikkel en verbeter voortdurend.

Die hoofklem bly op presisie om bestuursbesluite te verbeter en die beste moontlike opbrengste te behaal.

Kenners wat vroeër vanjaar met *Landbouweekblad* gesels het, het gesê 'n algemene doelwit van baie van die jongste landboutegnologieë is om selfs groter presisie, beheer en doeltreffendheid moontlik te maak – van besluitneming en produksie tot die oes van die plaas se eindprodukte.

'n Verskeidenheid data uit vorige produksiesiklusse moet ingesamel en ontleed word. Die inligting daaruit, tesame met voorspellings danksy tegnologie, moet die boer in staat stel om toenemend meer ingeligte besluite oor die volgende produksiesiklus te neem.

## Boer met tegnologie in jou hand

Tegnologie het vir baie boere hul regterhand geword wat hulle bystaan om daagliks hul boerdery doeltreffend te bestuur. Hierdie tegnologie pas deesdae ook in die palm van hul hand.

Danie Minnaar van Springboklaagte by Kroonstad in die Vrystaat sê toepassings op sy slimfoon is een van die maniere wat hy gebruik om sy gemengde boerdery kostedoeltreffender te bestuur.

"Die toepassings is fantasties. Byvoorbeeld, met die John Deere-toepassing kan ek intyds sien hoe elke werktuig werk, in watter rat dit is, teen watter spoed dit werk, wat die brandstofverbruik is, watter soort werk dit doen, hoe diep in die grond dit werk en wat die presiese spuitroetine is.

"Die sekerheidshalsbande om my vee se nekke stuur 'n waarskuwing na my foon as iets of iemand hulle steur.

"Die besproeiingstoepassing word elke halfuur met inligting van die grondvogmeters bygewerk. Indien nodig, kan ek my foon gebruik om die besproeiingstelsel van 'n afstand te programmeer om 'n spesifieke landery op 'n spesifieke tyd water te gee."

New Holland sluit by hierdie gemak van presisieboerdery aan met kundiges wat by die Nampo-oesdag gereed sal staan om met boere te gesels oor sy FieldOps-boerderybestuurstelsel. Dit is 'n omvattende bestuurstelsel wat ál die inligting van presisietoerusting in een toepassing integreer.

Dit is 'n web- én mobiele toepassing, wat beteken die boer kan ál die masjiene via sy selfoon monitor. Die operateur se skerm kan ook op die foon sigbaar wees, sodat die boer, waar nodig, instruksies kan gee as die operateur vrae het of daar 'n probleem opduik.

## Spuittegnologie verminder koste

Willie Human, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Landboumasjinerie-assosiasie, het aan *Landbouweekblad* gesê dat gevorderde presisietegnologieë vir plant en bespuiting wat in Suid-Afrika beskikbaar is, vinnig ontwikkel.

"Vir bespuiting sluit dit slim sensors in wat onkruid opspoor en dan 'n kolbespuiting toedien.

"Dié spuittegnologie werk doeltreffender as gewone bespuiting, verminder koste en dra tot 'n gesonder omgewing by."

Presisietegnologie, soos om die tempo van die saad- en kunsmisplasing te verander, asook RTK- (*Real-Time Kinematic*) geaktiveerde outomatiese stuur maak eweredige rye moontlik.

Willie sê as planters nie onmiddellik tydens plant by wisselende grondtoestande kan aanpas nie, kan waardevolle opbrengs verlore gaan.

"Gevorderde presisietegnologie monitor grondtoestande voortdurend en pas die planter se saai-eenhede en diepte dienooreenkomstig aan. Dit verseker egalige opkoms, wat noodsaaklik is vir optimale opbrengste."

## Stropertegnologie loop voor

André Olwagen, hoof van taktiese bemarking en produkportefeulje by Case IH Suider-Afrika, is beïndruk met die vordering wat deur die jare in stropertegnologie behaal is.

"Die akkurate en diverse data wat moderne stropers verskaf, is nou 'n maatstaf vir boere. Dit wys watter aspekte van gewasbestuur gewerk het en waar kwessies reggestel moet word.

"Stropers gebruik deesdae kameras en sensors om voortdurend die gewas te skandeer wat geoes word. Kunsmatige intelligensie (KI) pas dan outomaties die werktuig se instellings aan om die mees optimale gewasdeurset of die skoonste graanmonster te behaal."

Hy meen tegnologie wat boere sal help om die data wat stropers en ander werktuie en toerusting verskaf, selfs beter te verstaan en te gebruik, is noodsaaklik. Dit is veral belangrik vir die toenemend presiese bestuur van bedryfskoste teenoor opbrengste.

"Dit kom nou by die punt waar boere koste tot op die vierkante meter pleks van opbrengs per hektaar kan bereken. Deesdae tel elke sent."

Louis Strydom, bemarkingsdirekteur van Omnia Fertiliser, sê presisieboerderytegnieke, gevorderde elektronika en KI-aangedrewe oplossings kan bydra tot verhoogde opbrengste, die optimale gebruik van insette en minder vermorsing.

"Die afgelope paar jaar het produsente ál meer op gevorderde ontledings begin staatmaak. Dit sluit in data wat lei tot beter besluitneming deur akkurater insigte oor grondgesondheid, plantvoeding en waterbestuur te verskaf."

## Waar begin 'n boer?

Tog bly die vraag vir baie boere: Waar begin jy en hoe keer jy dat tegnologie 'n duur fout pleks van 'n belegging word?

Die grootste fout wat produsente maak, is om met toerusting te begin pleks van met doelwitte. Presisieboerdery gaan nie oor skerms en sensors nie, maar oor beter besluitneming.

Die eerste stap is dus om duidelik te bepaal wat jy wil verbeter. Vir sommige boere gaan dit oor hoër opbrengste, en vir ander oor die verlaging van kunsmis- of brandstofkoste. Sonder 'n duidelike doelwit raak dit maklik om geld uit te gee op tegnologie wat nie werklik waarde toevoeg nie.

'n Kernbeginsel van presisieboerdery is die bestuur van variasie binne 'n landery. Geen landery is homogeen nie. Grondtipe, voginhoud en produksiepotensiaal verskil dikwels drasties binne enkele hektare. Dit beteken dat eenvormige toediening van insette dikwels lei tot oorbemesting in sekere dele en onderbemesting in ander.

Volgens kundiges by die Landbounavorsingsraad behoort produsente te begin met betroubare data-insameling. Grondontledings kan aangevul word met opbrengskaarte, satellietbeelde en selfs hommeltuigdata.

Hierdie inligting help om patrone te identifiseer wat nie met die blote oog sigbaar is nie.



Boerderybestuurstelsels kan deesdae in die palm van die boer se hand pas. *FOTO: NEW HOLLAND*

Hoewel nuwe toerusting aanloklik is, is dit dikwels meer sinvol om eers in data te belê. 'n Opbrengsmonitor op 'n bestaande stroper of basiese GPS-kartering kan reeds groot waarde ontsluit. Sonder betroubare data bly selfs die duurste toerusting 'n raaiskoot.

Grondklassifikasie is ook 'n goeie beginpunt. Grondtipes bepaal die soort bewerking wat toegepas gaan word. 'n Boer gaan nie grond wat 50 cm diep is, dieselfde bewerk as grond van 2 m diep nie. Dit sal bepaal in watter werktuig hy belê.

## Stap vir stap

Bring presisieboerdery geleidelik in jou boerdery in. Baie produsente begin met outostuurstelsels om oorvleueling te beperk en akkuraatheid te verbeter. Daarna volg seksiebeheer, wat veral by spuittoerusting en planters insette bespaar.

Eers later word veranderlike toediening oorweeg, wanneer voldoende data beskikbaar is om sinvolle besluite te neem.

Die grootste onmiddellike voordeel van presisieboerdery lê in insetdoeltreffendheid. Deur kunsmis, saad en chemiese middels presies toe te dien daar waar dit nodig is, kan koste aansienlik verminder word sonder om opbrengs in te boet. In 'n tyd van stygende insetpryse is dit vir baie boere die belangrikste dryfveer.

Samewerking met die regte vennote is egter deurslaggewend. Agronome, insetverskaffers en tegnologiemaatskappye speel almal 'n rol. Daarom is die Nampo-oesdag die ideale plek vir die boer wat sy presisieboerderyvermoëns wil uitbrei of daarmee wil begin. Met al die kundiges op een plek, kan hy begin met inligtingversameling. **LBW**






## GROOT GEDINK. GOED GEBOU. GENERASIES LANK.

In 1977 het Axial-Flow 'n nuwe manier van oes gebring: 'n Enkele rotor. Minder bewegende dele. Meer opbrengs waar dit sáák maak.

Wat begin het as 'n deurbraak, het gegroei tot 'n bewese standaard - verfyn deur jare se ervaring en gevorm deur boere wat elke dag op hul toerusting staatmaak. Vandag bou ons op daardie fondament met tegnologie wat verder gaan as net die masjien: slimmer, sterker en meer verbind.

Want by Case IH is dit eenvoudig: alles word gebou vir boere, deur mense wat boerdery verstaan.

Kom ervaar dit self by NAMPO Oesdag. Ons sien daarna uit om vir jou meer te wys.

## SIEN JOU BY NAMPO

**Standplaas:** B11, B12 & B28

**Datum:** 12–15 Mei 2026.

**Plek:** NAMPO Park, Bothaville, Vrystaat, Suid-Afrika.

KONTAK JOU NAASTE HANDELAAR OF TAK VIR MEER INLIGTING
www.caseih.co.za

CASE IH


Teagle Tomahawk 505M
Staalmeester
75
JAAR
Met meer as 100 verskillende landbouprodukte, voorsien ons in elke boer se behoeftes.
SW50 and SW70 Baler
018 431 2171/2
www.staalmeester.co.za

# Baie om na uit te sien by John Deere

John Deere sal 'n opwindende reeks nuwe masjinerie by Nampo 2026 bekend stel en sodoende sy diepgewortelde verbintenis tot innovasie, produktiwiteit en kliëntgerigte oplossings vir Suid-Afrikaanse boere verder verstewig.




Die John Deere 3036EN is een van die reeks nuwegenerasie- 3E- en 3EN-trekkers wat vanjaar by die John Deere-standplaas te sien sal wees. *FOTO'S: VERSKAF*

By die John Deere-standplaas sal nuwe kompakte trekkers, gevorderde kuilvoeroestegnologie, grootraam-planters en die jongste plantertegnologie ten toon gestel word. Daar sal ook 'n virtuele bekendstelling wees van wat op pad is na die Suid-Afrikaanse mark.

## 3E- en 3EN-reeks-nuwegenerasietrekkers

John Deere gaan onder meer sy nuwe reeks 3E- en 3EN-trekkers bekend stel. Die 3E-reeks is gebou vir doeltreffendheid, betroubaarheid en operateurgerief, en lewer uitmuntende werkverrigting in die veeleisende omgewing van spesialiteitsgewasse.

Kernkenmerke sluit in 'n kragtige en brandstofdoeltreffende enjin, 'n kompakte en uiters beweeglike ontwerp, hoë hidrouliese kapasiteit en verskeie bandopsies om by 'n wye reeks toepassings te pas. Die trekker kan selfs met 'n laaigraaf toegerus word.

## Opgegradeerde John Deere 5090E

Die John Deere 5090E, 'n bewese werkesel op Suid-Afrikaanse plase, keer terug na die Nampo-oesdag met beduidende opgraderings wat veelsydigheid en gebruiksgemak verbeter. Verbeterings sluit in verhoogde hyserkapasiteit, 'n laaigraafkonfigurasie en JDLink™-gereedheid vir verbeterde konnektiwiteit en vlootbestuur.

Die trekker word aangedryf deur 'n betroubare John Deere PowerTech™-enjin van 4,5 liter, en is beskikbaar met óf sonder 'n kajuit in gewone konfigurasie of hoëgrondvryhoogte-konfigurasie.

## F8- selfaangedrewe kuilvoerkerwer

Die John Deere F8- selfaangedrewe kuilvoerkerwer (SPFH) stel 'n nuwe maatstaf vir doeltreffendheid in die kuilvoerbedryf. Dié nuwe werktuig lewer hoër werkverrigting, verbeterde kuilvoergehalte



John Deere se eksklusiewe HarvestMotion™-tegnologie maak doeltreffende kuilvoermaak teen laer revolusies moontlik.



Die F8- selfaangedrewe kuilvoerkerwer lewer hoër werkverrigting en kuilvoer van 'n beter gehalte teen laer brandstofverbruik.

en laer brandstofverbruik per hektaar as vorige werktuie.

Die F8 word aangedryf deur die nuwe JD14X-PowerTech™-enjin van 13,6 liter, wat verhoogde krag en wringkrag teen laer enjinrevolusies lewer. John Deere se eksklusiewe HarvestMotion™-tegnologie maak doeltreffende kuilvoermaak teen laer revolusies moontlik.

Operateurgerief word verbeter met die nuwe kajuit, CommandARM™, 'n herontwerpte hidrouliese beheerder (*hydro handle*) en 'n groter Corner Post-vertoonskerm.

Tegnologiese hoogtepunte sluit in John Deere Ultimate- en X-stream-pitkneusers, HarvestLab™ 300 – wat tot 4 000 metings per sekonde kan neem – en Active Fill Control, wat outomatiese 3D-vul gebruik om vragmotors en sleepwaens eweredig te laai en sodoende vermorsing te beperk.

## DB44-planter maak sy Nampo-debuut

John Deere sal vir die eerste keer 'n 24-ry-DB44-planter by die Nampo-oesdag vertoon, wat grootskaalse plant en gevorderde planttegnologie tot plaaslike boere se beskikking stel.

Die planter kan toegerus word met MaxEmerge™ 5E- of ExactEmerge™-ry-eenhede. Onafhanklike hidrouliese ryeenheid-drukbeheer (*individual row hydraulic downforce*) is standaard op dié planter.



John Deere sal vir die eerste keer 'n 24-ry-DB44-planter by Nampo tentoonstel, wat grootskaalse plant en gevorderde planttegnologie tot plaaslike produsente se beskikking stel.

'n Verskeidenheid aanhegstukke kan bygevoeg word na gelang van die kliënt se omstandighede, soos lugkussingbeheerde ryskoonmakers en lugkussingbeheerde toetrapwiele.

Die planter is toegerus met 'n Seedstar 5-moniteringstelsel en kan met JDLink™ verbind sodat die produsent die plantproses op sy slimfoon of tablet kan monitor.

Daarby sal John Deere ook Performance Upgrade Kits vir planters ten toon stel. Daarmee kan ouer planters van 6 rye tot 16 rye opgegradeer word. Dit stel produsente in staat om planters op te gradeer na die nuutste MaxEmerge™ 5E- of ExactEmerge™-tegnologie.

## Virtuele bekendstellings

Nampo 2026 sal ook die virtuele vertoonvenster wees vir John Deere-produkte wat onlangs bekend gestel is of binnekort bekend gestel gaan word.

Die **8R- en 8RX-hoëkilowatt-trekkers**, wat in Februarie 2026 bekend gestel is, is tans die grootste rygewas-trekkers op die mark.

Hierdie modelle word aangedryf deur John Deere se PowerTech™-enjin van 13,6 liter wat tot 473 kW (634 perdekrag) lewer en toegerus is met die bedryf se eerste elektriese veranderlike transmissie (EVT) vir landboutoepassings.

Die kombinasie van hoër-kilowatt- en baanbreker- elektriese transmissietegnologie lewer beter doeltreffendheid en produktiwiteit as ooit tevore.

Verder sal John Deere sy nuwe 400R- selfaangedrewe spuit bekend stel, wat John Deere se portefeulje vir gevorderde gewasbeskerming en presisietoediening verder sal uitbrei.

Tydens Nampo sal daar by die John Deere-standplaas ook sessies aangebied word wat meer inligting aangaande presisietegnologie en nuwe produkte in die John Deere-stal. Woon gerus hierdie sessies, wat aangebied word deur fabrieksverteenwoordigers en spesialiste in die bedryf, by. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.deere.africa/en/index.html**

# Die storie van 'n plaas en sy mense




Eersteling Boerdery is die storie van 'n moderne plaas en die mense wat die boerdery moontlik maak.

John Deere Financial bied 'n blik op wat dit beteken om 'n moderne plaas te bestuur – waar sukses nie net gemeet word aan opbrengs nie, maar aan mense, gemeenskap en nalatenskap. *FOTO'S: VERSKAF*

Die landboubedryf is propvol stories; stories oor die mense en verhoudinge, oor die werktuie en oor die grond en produkte.

Eersteling Boerdery is geen uitsondering nie. Hier skryf 'n toegewyde span saam aan 'n verhaal van familie- en gemeenskapsbande teen die agtergrond van Groblersbrug se Bosveldlandskap in Limpopo.

John Deere Financial het die plaas besoek om dié stories en die unieke lewe daar vas te vang. Hulle het nie net die pragtige plaas op film vasgelê nie, maar ook die samehorigheid, toewyding en verhoudinge wat Eersteling oor ses geslagte heen laat floreer.

Dié kort rolprent, aangebied deur John Deere Financial, gee 'n blik op wat dit beteken om 'n moderne plaas te bestuur – waar sukses nie net aan opbrengs gemeet word nie, maar aan mense, gemeenskap en nalatenskap. Tog speel betroubare toerusting en goeie beplanning 'n onmiskenbare rol in die volhoubaarheid van die plaas.

'n Deel van Eersteling se suksesverhaal lê in die werktuie en hulpbronne wat deurentyd waarde toevoeg.



Jan Loots sê sy John Deere-trekker is 'n staatmaker op sy plaas.



Coeta Coetzee boer saam met sy skoonpa, Jan Loots, op die plaas Eersteling.

Jan Loots vertel met trots hoe hard hy moes werk voordat hy 'n John Deere-trekker kon byvoeg tot sy werktuie – 'n trekker waarop vandag nog staatgemaak word.

Vir Jan is dit meer as net 'n werktuig: "Wanneer ek vandag op daardie trekker klim, praat ek eers 'n bietjie boontoe en sê baie dankie. Dit is vir my 'n vreeslike voorreg om met 'n werktuig soos daardie trekker te werk."

Suksesstories is gelykstaande aan geleenthede. Coeta Coetzee, Jan se skoonseun, se storie op die plaas Eersteling het begin met 'n geleentheid wat Jan hom gebied het en hy hoop om dieselfde vir die volgende geslag te doen: "Ek dink wat 'n ou vir jou kinders wil nalaat, is 'n beter geleentheid as wat jy self gehad het, want ons almal het geleenthede nodig."

As finansiële vennoot ondersteun John Deere Financial hierdie visie met oplossings wat boerderye help om met selfvertroue vir die toekoms te beplan. Met die regte toerusting en finansiële ondersteuning kan Eersteling voortbou op die werk van ses geslagte en die deur vir die volgende geslag oopmaak.

Hoewel geskikte werktuie noodsaaklik is om 'n boerdery 'n voorsprong te gee, herinner dié kort rolprent 'n mens daaraan dat die landbou ook gaan oor die stories en mense wat boerdery moontlik maak. Kyk die volle Eersteling Boerdery-rolprent op die YouTube-kanaal (**@JohnDeereAME**) en ervaar hoe geloof en gemeenskap die dryfveer agter boerdery is. **LBW**


Eersteling Boerdery:
Die Storie Van 'n Moderne Plaas en Sy Mense
Op plaas Eersteling stap familie en gemeenskap al vir ses generasies saam. John Deere Financial het dié plaas besoek om die stories en die unieke lewe daar vas te vang.
JOHN DEERE FINANCIAL
Skandeer die QR-kode om die kortfilm te kyk.
Persoonlike finansiële oplossings
John Deere Financial se krediet- en finansieringsprodukte word verskaf in samewerking met Absa Bank Beperk, 'n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer en Geregistreerde Kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.
www.deere.africa | JohnDeereAME
John Deere
John Deere Africa & Middle East

# Groot sukses met New Holland

**Met die klem op groot werktuie konsentreer New Holland vanjaar op die nuwe CR10-stroper en die verbeterde T9- en Genesis T8-trekkerreeks. Hiermee bevestig New Holland dat hy een van die sleutelverskaffers van groot landboutoerusting aan produsente is.**

Op die Nampo-oesdag sal New Holland 'n indrukwekkende reeks werktuie op sy standplase A2 en A3 ten toon stel. Dit weerspieël die maatskappy se verbintenis tot die vooruitgang van boerderypraktyke. Kom besoek New Holland gerus en besigtig die nuwe produkte en verbeterings aan bestaande modelle van naderby.

New Holland het in 1975 baanbrekerswerk gedoen met die gebruik van dubbelrotors vir dors met die bekendstelling van Twin Rotor™-stropers. Meer as 50 jaar later het dié tegnologie 'n kenmerk geword van byna elke hoë-uitset-stroper.

Die nuwe CR10-stroper is New Holland se antwoord op die boerdery-eise van vandag én môre. Dit is ontwerp om graanverliese te beperk, graangehalte te beskerm, lopende koste laag te hou en die boer se landerye in die beste moontlike toestand vir die volgende seisoen te laat. Die manier waarop stropers ontwerp word, is heroorweeg, en 'n heeltemal nuwe ontwerp en aandryflyn is geskep.

Die CR10 is ongeëwenaard – die 24-duim-rotors in 'n wyer en langer dorskompartement voer 'n 16 000 liter-graantenk, en laai die oes teen 'n vinnige 210 liter/sek. af. Die Twin Clean™-skoonmaakskoen bevat twee skoonmaakstelsels wat gelyktydig werk, met twee boonste en twee onderste siwwe, twee skoongraansensors en twee stelle druksensors om die skoonmaakskoenlading te meet.

Dié stelsel is revolusionêr in die bedryf en is ten volle outomaties om egalige kruisverspreiding te verseker, wat maksimum kapasiteit teen bykans nulverliesvlakke moontlik maak. Die bekroonde IntelliSpread™-radar outomatiseer die verspreidingsbeheer om volledige en egalige restebedekking van tot 18 m agter die stroper te verseker, ongeag wind-, gewas- of vogtoestande.

Die Genesis® T8-reeks is onlangs verbeter om in meer bedryfsbehoeftes te voorsien. Daar is voldoende krag van enjins wat 195 kW tot 297 kW lewer (ongeveer 5% meer as die vorige reeks), met 'n volledig gesinchroniseerde Ultra Command™-kragskakeltransmissie of die Auto Command™- deurlopendveranderlike transmissie (CVT) om hierdie krag na die swaardiens-asse, robuuste driepuntskakels en trekstange oor te dra. Dit dra alles by tot optimale werkverrigting tydens grondvoorbereiding.

Die megavloei- hidrouliese pomp van 328 liter/min. met ses volledige hidrouliese koppelings verseker langdurige werking van enige werktuig. Kajuitsuspensie is nou standaard, en dit word aangevul met twee IntelliView™ 12-aanraakskerms om al jou werktuie en toedienings te bestuur. 'n Lewenslange telematika-geïnkorporeerde stelsel en beheer is nou beskikbaar, wat die sigbaarheid van jou vloot vergemaklik. Saam met die FieldOps-databasisstelsel het jy volle beheer oor jou plaas en vloot. Die FieldOps-stelsel is gratis, en jy kan al jou toerusting daarby inkorporeer.

Daar is steeds twee modelle in die reeks met die bekende SmartTrax-stelsels. Hierdie rusperbande bied 'n beter voetspoor, dryf- en vastrapvermoë, veral in sanderige of nat toestande.

New Holland se T9-trekkerreeks met PLM Intelligence lewer 312 kW tot 474 kW, gemak en doeltreffendheid. Met geïntegreerde, gekoppelde funksies en gevorderde kajuittegnologie bied dit eenvoudige beheer en groter aanpasbaarheid. Dit is die kragtigste vierwielaangedrewe trekker wat New Holland nóg aangebied het.

Presisietegnologie sal deur die presisietegnologie-afdeling ten toon gestel word, met inligting oor die FieldOps-, Raven- en die nuwe FleetPro-stelsel.

Besoek gerus ook New Holland se winkel vir 'n verskeidenheid goedere, asook die nuutste klere en bykomstighede.

Reusebesparings sal tydens Nampo beskikbaar wees – hou die media dop vir nog inligting hieroor. **LBW**

NAVRAE: Kontak jou naaste New Holland-handelaar of besoek **www.newholland.com/za**



**Met die nuutste CR10-stroper en die verbeterde T9- en Genesis T8-trekkerreeks van New Holland kry jy onoortreflike waarde en ongeëwenaarde prestasie, seisoen ná seisoen.**
*FOTO: NEW HOLLAND*

# DINK GROOT
# DINK NEW HOLLAND

## REUSE MASJINERIE.
## REUSE BESPARINGS.
## REUSE OESTE.



**ONS GAAN GROOT!** Sluit by New Holland aan tydens Nampo! Ervaar die **TOEKOMS VAN BOERDERY** met baanbrekende tegnologie en onverbeterlike aanbiedinge.

**Nuwe generasie CR10-Stroper** – ontwerp vir maksimum doeltreffendheid en rekordbrekende oeste.

**Verbeterde T8- & T9-Trekkers** – lewer ongeëwenaarde krag, presisie en produktiwiteit.

Kom maak 'n draai by ons van 12 tot 15 Mei 2026 by uitstalruimtes A2 en A3, Nampo Park, Bothaville.

**Dink GROOT. Dink New Holland. Jou oes is dit werd.**

Tindrum 26/024R

**Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:**

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

**www.newholland.com/za**

**NEW HOLLAND**
**SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN**

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

# Kompakte Deutz-Fahr-reeks op Nampo te sien

Twee Deutz-Fahr-modelle gaan aandag trek met hul klem op lae lopende koste, goeie werkverrigting en boervriendelike ontwerp – alles ondersteun deur 'n landwye diensnetwerk wat werklik die verskil maak.




Die Deutz-Fahr 75 Keyline Narrow is 'n robuuste, ekonomiese werkesel wat spesifiek ontwerp is vir doeltreffende werk in wingerde en boorde. *FOTO'S: VERSKAF*

Op Nampo 2026 gee Smith Power Equipment 'n belangrike stap vorentoe met die bekendstelling van sy nuwe reeks laerkilowatt-Deutz-Fahr-trekkers. Dié bekendstelling plaas die klem op praktiese, betroubare en kostedoeltreffende oplossings – perfek vir die behoeftes van Suid-Afrikaanse produsente.

"Ons sien 'n groeiende behoefte aan trekkers wat eenvoudig, robuus en bekostigbaar is, maar steeds die gehalte van Deutz-Fahr bied," sê David Kelder, besturende direkteur van Smith Power Equipment.

"Hierdie reeks is spesifiek saamgestel met die plaaslike mark in gedagte."

Hoewel die reeks 'n wye spektrum modelle insluit – soos die Deutz-Fahr 3045, 4046, 4060, 4.80 en 55 Keyline – val die kollig met dié bekendstelling op twee sleutelmodelle: die Deutz-Fahr 75 Keyline Narrow en die Deutz-Fahr 5125 Cab.

## Betroubare eenvoud wat werk

Die 75 Keyline Narrow is gebou vir gebruik in wingerde en boorde. Dit is 'n robuuste trekker sonder fieterjasies. Hierdie model lewer presies wat nodig is om die werk gedoen te kry – betroubaar, ekonomies en maklik om te onderhou.

"Die 75 Keyline Narrow bied die beste waarde vir geld vir trekkers wat in wingerde en boorde gebruik word," sê David. "Dis 'n eerlike trekker wat ál die blokkies merk – dag in en dag uit – met lae lopende koste en minimale staantyd."

Dit is ideaal vir klein tot mediumgroot boorde en wingerde. Dit bied die beste prys en brandstofverbruik in sy klas.

Die trekker se eenvoud beteken laer onderhoudsvereistes en maklike dienste – 'n belangrike voordeel in strawwe landboutoestande.




Die Deutz-Fahr 5125 Cab. Dié kragtige, veelsydige trekker kombineer moderne tegnologie en operateursgerief vir maksimum produktiwiteit.

## Krag, tegnologie en gemak

Vir produsente wat meer kapasiteit en veelsydigheid benodig, bied die Deutz-Fahr 5125 Cab 'n sterk en moderne oplossing.

Met 'n betroubare Deutz-Fahr FARMotion-enjin wat 94 kW lewer en 'n ergonomiese kajuit, is hierdie trekker ontwerp om produktiwiteit te verhoog, terwyl operateursgerief gehandhaaf word.

"Die 5125 Cab bied alles wat 'n moderne boer nodig het – krag, beheer en gemak," sê David. "Dit is 'n veelsydige werkperd wat reg is vir enige taak op die plaas."

Belangrike voordele sluit in:

- Hoë werkverrigting vir veeleisende take.
- Sterk hidrouliese kapasiteit vir werktuie.
- Gevorderde ratkasopsies.
- 'n Gemaklike kajuit met sigbaarheid reg rondom.
- Per kilowatt die beste prys vir 'n trekker met 'n kajuit op die mark.

Dié model is ideaal vir gemengde boerdery, grondbewerking en laaiertoepassings.

## Nasionale ondersteuning en uitmuntende waarde

'n Sleutelvoordeel van Smith Power Equipment se aanbod is sy wye nasionale handelaarsnetwerk, wat verseker dat kliënte toegang het tot betroubare diens en ondersteuning.

"Ons handelaars is die ruggraat van ons besigheid," sê David. "Met 'n gevestigde netwerk landwyd kan ons vinnige diens, die beskikbaarheid van onderdele en sterk naverkoopondersteuning bied – iets wat vir produsente baie belangrik is."

Dié klem op naverkoop-ondersteuning gee produsente die gemoedsrus dat hul belegging beskerm is en dat hul toerusting altyd optimaal sal presteer.

Daarby bied Smith Power Equipment die reeks teen uiters mededingende pryse aan, wat dit 'n aantreklike opsie maak vir produsente wat maksimum waarde soek. "Ons doel is eenvoudig: Om die beste moontlike produk teen die regte prys te lewer, ondersteun deur diens waarop produsente kan staatmaak," voeg David by.

## Besoek Smith Power Equipment op Nampo

Produsente word genooi om die nuwe reeks op die Nampo-oesdag te ervaar. "Kom kyk self wat hierdie trekkers kan doen. Ons span en handelaars sal daar wees om jou te help om die regte oplossing vir jou boerdery te kies."

Spesiale bekendstellingspryse is net geldig op Nampo 2026.

Besoek Smith Power Equipment se standplaas op Nampo of kontak jou naaste handelaar vir nog inligting. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.smithpower.co.za**


SPESIALE NAMPO PROMOSIE PRYSE
beskikbaar gedurende NAMPO Bothaville 2026. Alle pryse sluit BTW uit.
DEUTZ FAHR
3045E 2WD
45 HP
R 217 025
AGROPLUS 75F KEYLINE
OOS 4WD, 75HP
R 453 915
PRYSE SLUIT AFLEWERING IN!
AGROFARM 4090
CAB 90 HP
R 621 390
AGROFARM 5125 GS
LRC CAB 125 HP
R 1 117 232
9340 TTV
340 HP
R 5 351 978
AGROLUX
4.80DT
E2 OOS
4WD, 75HP
R 395 010
AGROTRON
6205G
205 HP
R 2 480 577
smith® Power Equipment
Dirk Meiring
(verkoopsbestuurder van Deutz-Fahr,
Smith Power Equipment)
dirk@smithpower.co.za
mail@smithpower.co.za
www.smithpower.co.za
Beperkte voorraad. Bepalings en voorwaardes geld.
Alle pryse sluit BTW uit.
Of kontak u naaste Smith Power-handelaar vir 'n demonstrasie en persoonlike kwotasie.



Wuhlf se grootboet, die 960-2-ontbosser, word vanjaar vir die eerste keer op Nampo ten toon gestel en is daar teen 'n spesiale prys beskikbaar. *FOTO: BRAND REPUBLIC*

# Wuhlf bring nuwe werktuig na Nampo

Wuhlf Equipment vernuwe sy aanbod gedurig, en wys die prototipe van 'n afstandbeheerde ontbosser vanjaar op Nampo.

Vir meer as twee dekades spesialiseer Wuhlf Equipment al in die vervaardiging, invoer en verskaffing van verskillende werktuie, soos vurkhysers en voorlaaiers, maar is veral bekend om sy topgehalte-ontbossers (*mulchers*).

Dié plaaslike maatskappy is ook voortdurend besig met die ontwikkeling van nuwe produkte wat die lewe vir die boer makliker maak.

Die nuutste werktuig wat Wuhlf besig is om te ontwikkel, is 'n afstandbeheerde ontbosser waarvan die prototipe vanjaar op Nampo te sien sal wees.

"Die rede waarom ons só 'n werktuig na die mark bring, is omdat hy op rowwer terrein kan werk," sê Johan Grobler, direkteur van Wuhlf Equipment.

"Op sekere plekke waar dit skuins is, kan dit gevaarlik wees om met 'n standaard-werktuig te ontbos omdat dit kan omval. Die afstandbeheerde ontbosser is platter, daarom sal dit nie sommer gebeur dat dit omval nie. Dit is dus heelwat veiliger om mee te werk."

Hoewel dié ontbosser nie so groot is nie, is hy toegerus met 'n 85 kW-enjin met Danfoss-pompe wat hom aandryf.

"Die kopwydte oftewel snywydte van die werktuig is 1,2 meter. Jy kan hom ook op 'n tiekie omdraai," sê Johan.

Hy verduidelik dat die operateur tot so ver as 100 meter weg van die werktuig af kan staan.

"Ons sal dit egter nie aanbeveel nie, want dan kan jy nie mooi sien wat jy doen nie. Ideaal gesproke moet die operateur binne 10-15 meter van die ontbosser af wees. Hy sal dan mooi kan sien wat hy doen, maar steeds ver genoeg wees van enige klippe of iets anders wat die ontbosser moontlik kan opskiet."

'n Baie groot voordeel van hierdie afstandbeheerde ontbosser is dat Wuhlf dit self vervaardig, dus is dit 'n eenvoudige werktuig.

"Dít is hoe ons daarvan hou om ons werktuie te vervaardig, want dit maak dit ook makliker om in stand te hou."

Die afstandbeheer van die ontbosser is met die samewerking van die Tshwane Universiteit van Tegnologie ontwikkel.

"Hierdie ontbosser is al in werkende toestand, maar ons is nog nie gereed om dit te verkoop nie," verduidelik Johan.

"Wanneer ons 'n werktuig ontwikkel, onderwerp ons dit eers vir ses maande aan toetse om seker te maak dit voldoen aan ons standaarde voordat ons dit op die mark plaas."

## Die groot meneer

Wuhlf se 960-2-ontbosser is ook vanjaar vir die eerste keer op Nampo te sien, en is met sy allemintige 276 kW-enjin en 'n 2,5 m-drom ideaal vir grootskaalse ontbossing. Dié bielie weeg 19,1 ton, is 3,7 m hoog, 3,05 m wyd en 8 m lank. Die ryspoed is 25 km/h. Die geartikuleerde stuuraksie het twee stuursilinders en 'n orbitale klep.

Die 960-2 is ook geskik vir die bosboubedryf om ou plantasies vir nuwe aanplantings voor te berei. Hierdie ontbosser bied uitstekende waarde vir geld omdat dit dieselfde pompe gebruik as dié in heelwat duurder, ingevoerde werktuie.

Die Danfoss-pomp (250 $cm^3$) met veranderlike verplasing (35 000 kPa) en die Danfoss-aandrywingspomp (100 $cm^3$), ook met veranderlike verplasing (35 000 kPa), ondersteun die 960-2 se duursaamheid.

"Hoewel ons die 960-2-ontbosser al baie lank verkoop, is dit die eerste keer dat ons dit op Nampo ten toon stel, en dit sal daar teen 'n spesiale prys beskikbaar wees. Belangstellendes kan ons gerus kom besoek en uitvind wat dit is," sê Johan.

Wuhlf Equipment se kundige span is ook op Nampo gereed met inligting oor sy produkte, onderdele en uitstekende naverkoopdiens, en om enige navrae te beantwoord. **LBW**

NAVRAE: Coert Steenberg, **084 247 0804; 012 548 0321**; e-pos: **sales@wuhlf. co.za**; web: **www.wuhlf.co.za**


AMAZONE
ZG-TS 7501 Truck
GO for Innovation
amazone.net
AMAZONE
ZG-TS 7501
Nuwe weergawe
Laer swaartepunt
Minder gewig
Est. 1985
FALCON
Verskaffer van Amazone-implemente
Est. 1985
FALCON
Side Discharge Slasher
Bale Grab
F150 Tilt Flail Mower
RC Mower
033 330 4764
www.falconequipment.co.za

MARIEKE SNYMAN

Veranderende klimaat

# Teelmateriaal, bestuur belangriker as ooit

In 'n landbou-omgewing waar elke seisoen nuwe struikelblokke bring, word die verskil tussen gemiddelde en uitsonderlike opbrengste toenemend bepaal deur hoe goed boere teelmateriaal, bestuur en omgewingsfaktore met mekaar laat saamwerk.

Die sleutel lê dikwels in hoe gevestigde beginsels konsekwent en doelgerig toegepas word. Dít was die kernboodskap van Nico Barnard, landboukundige by Pannar Saad, tydens die maatskappy se onlangse Val Extravaganza.

Volgens hom berus moderne mielie- en sojaboonproduksie nie meer net op insette nie, maar op die geïntegreerde toepassing van genetiese potensiaal, presisieboerdery en deeglike risikobestuur.

Die Suid-Afrikaanse graanprodusent boer vandag in 'n omgewing waar elke besluit 'n groter impak op die eindresultaat het as ooit tevore. Klimaatsonsekerheid, hoë insetkoste en wisselvallige marktoestande plaas produsente onder druk, maar volgens Nico lê die antwoord nie noodwendig in meer insette nie.

"Teelmateriaal stel die plafon, maar bestuur bepaal hoe naby jy daaraan kom."

Hy het beklemtoon dat moderne kultivars oor merkwaardige genetiese potensiaal beskik, maar dat dit slegs ontsluit word wanneer dit doelgerig bestuur word. Die keuse van kultivars is dus nie 'n alleenstaande besluit nie, maar deel van 'n groter bestuursbenadering waarin plaaslike toestande 'n deurslaggewende rol speel.

Volgens hom maak produsente dikwels die fout om kultivars op grond van algemene proefresultate te kies, sonder om hul eie omgewing in ag te neem. "'n Kultivar wat in een streek



Elke besluit wat die graanboer neem, het 'n impak op die eindresultaat, het Nico Barnard, landboukundige by Pannar Saad, tydens die Val Extravaganza gesê.

presteer, gaan nie noodwendig dieselfde in jou omstandighede doen nie."

## Water: Die grootste beperkende faktor

Nico het dit duidelik gestel dat water die enkele belangrikste faktor is wat opbrengs bepaal. In Suid-Afrika se halfdroë klimaat is grondvog 'n skaars en waardevolle hulpbron wat noukeurig bestuur moet word.

"Jy kan nie 'n 10 ton-oes beplan as jou water net 6 ton kan dra nie."

Hierdie werklikheid beteken dat produsente hul verwagtinge moet aanpas by die beskikbare waterprofiel en bestuurspraktyke daarvolgens moet rig. Plantdatums, kultivarkeuses en bewaringspraktyke speel alles 'n rol in hoe doeltreffend water benut word.

Hy het beklemtoon dat suksesvolle produsente diegene is wat hul grond en waterpotensiaal deeglik verstaan en hul besluite daarvolgens neem.

## Plantestand en rywydte 'n balanseertoertjie

Plantestand en rywydte is volgens Nico twee van die mees onderskatte bestuursmiddels in graanproduksie. Hy het verduidelik dat die optimale plantestand nie 'n vaste resep is nie, maar van verskeie veranderlikes afhang.

"Daar is nie 'n een-grootte-oplossing wat almal pas nie. Alles hang van jou reënval, grond en kultivar af."

Wanneer die plantestand te hoog is, neem die mededinging vir water en voedingstowwe toe, wat opbrengs kan benadeel. Wanneer plantestand aan die ander kant te laag is, beteken dit dat beskikbare hulpbronne nie ten volle benut word nie. Die uitdaging is om die regte balans vir elke spesifieke land te vind.

Rywydte beïnvloed op sy beurt hoe plante lig opvang en hulpbronne benut. Hoewel nouer rye in sekere omstandighede voordelig kan wees, moet dit altyd in konteks beoordeel word.

## Tydsberekening is alles

Een van die sterkste boodskappe uit Nico se aanbieding was die belangrikheid van tydsberekening. Hy het daarop gewys dat baie bestuursbesluite nie noodwendig verkeerd is nie – dit word bloot op die verkeerde tyd toegepas.

"'n Goeie besluit op die verkeerde tyd is steeds 'n swak besluit."

Laat aanplanting, vertraagde onkruidbekamping en bemesting wat nie met die gewas se groeistadium ooreenstem nie, kan alles opbrengs beperk.

"In 'n omgewing waar weerstoestande vinnig verander, kan tydige optrede jou maak of breek."

## Risikobestuur as noodsaaklikheid

Met die klimaat wat toenemend verander, word risikobestuur ál belangriker. Hy het produsente aangemoedig om hul risiko te



Dit is noodsaaklik om verdigting by sojabone teen te werk om gesonder plante en beter opbrengste te verseker. By die plant links is die impak van verdigting duidelik sigbaar, terwyl daar geen verdigting by die plant regs is nie.

versprei deur nie al hul eiers in een mandjie te sit nie.

"Versprei jou risiko – oor kultivars, oor plantdatums én oor lande."

Hierdie benadering help om die impak van ongunstige toestande te versag en bied 'n mate van stabiliteit in 'n onvoorspelbare omgewing. Nico het daarop gewys dat tegnologie produsente kan help om risiko beter te bestuur deur tydige en akkurater inligting te verskaf.

## Tegnologie bring presisie

Die rol van tegnologie in moderne boerdery kan nie onderskat word nie. Nico het verwys na hulpmiddels soos satellietdata, opbrengskaarte en grondontledings wat produsente in staat stel om hul lande met groter akkuraatheid te bestuur.

"Ons beweeg weg van algemene aanbevelings na plaasspesifieke bestuur."

Hierdie skuif stel produsente in staat om hul insette doeltreffender aan te wend en beter besluite te neem. In 'n mededingende landbou-omgewing is dit volgens hom 'n noodsaaklike ontwikkeling.

## Die mens bly die kern

Ondanks al die tegnologiese vooruitgang bly die menslike faktor die kern van suksesvolle boerdery. Ervaring, aanpasbaarheid en die vermoë om besluite te neem, is eienskappe ▶




Nico Barnard (links) in gesprek met produsente tydens die Val Extravaganza. Hy het die waarde van samewerking en kennisoordrag tussen boere, landboukundiges en insetverskaffers beklemtoon, want almal leer by mekaar.

OASIS TANKS



TAAI • BETROUBAAR • BEKOSTIGBAAR

21ste eeu staal-paneel tenks waarop jy kan staatmaak

Nuutste tegnologie en innoverende ontwerp neem OASIS TANKS na die volgende vlak in wateropberging standaarde



- AZ150 ALUZINC staal
- Korrosiebestand
- 500 tot 1 miljoen liter
- Ingenieur ontwerp
- Spoedige installasie
- Min tot geen onderhoud
- Verlengde lewensduur
- 10-jaar waarborg

Vervaardig deur RAINBOW RESERVOIRS (PTY) LTD

NEEM BEHEER VAN JOU EIE WATERSEKURITEIT MET OASIS WATERTENKS

083 226 8572 | 011 965 6016 | sales@oasistanks.co.za | www.oasistanks.co.za



Proewe wat die impak van stres op mielies in verskillende blaarstadiums toon, beklemtoon hoe gevoelig die gewas gedurende kritieke groeifases is en waarom tydige bestuur noodsaaklik is om opbrengspotensiaal te beskerm.

wat nie deur tegnologie vervang kan word nie.

"Boerdery is nie net 'n wetenskap nie – dit is ook 'n kuns. Boere wat bereid is om aan te pas en voortdurend te leer, is ook beter toegerus om probleme te oorkom."

## Samewerking bou 'n sterker bedryf

Nico het ook die waarde van samewerking binne die landbougemeenskap beklemtoon. Hy glo dat die oordra en uitruil van kennis tussen boere, landboukundiges en insetverskaffers noodsaaklik vir vooruitgang is.

"Ons leer die vinnigste by mekaar."

Hy het boere aangemoedig om proewe op hul plase te doen en hul bevindings met ander te deel. Hierdie gesamentlike benadering dra by tot 'n sterker en veerkragtiger bedryf.

## Variasie tussen lande vertel 'n storie

Nico het die aandag gevestig op die groot variasie in opbrengs wat dikwels in verskillende lande op dieselfde plaas voorkom. Volgens hom is dit juis hierdie verskille wat waardevolle insigte bied, mits dit reg geïnterpreteer word.

"Produsente pas dikwels dieselfde bestuurspraktyke in alle lande toe, ondanks beduidende verskille in grondtipe, dreinering en waterhouvermoë." Hierdie "eenvormige" benadering kan daartoe lei dat sekere lande onderpresteer, terwyl ander nie hul volle potensiaal bereik nie.

Lande moet meer gedifferensieerd benader word. Dit beteken dat insette, plantestand en selfs kultivarkeuses aangepas moet word volgens die spesifieke eienskappe van elke land.

"Bestuur moet aangepas word by potensiaal – nie andersom nie."

Swak kolle in lande is volgens hom nie bloot probleemareas nie. "Beskou dit as 'n kans om bestuurspraktyke te verfyn. As jy die oorsaak van laer opbrengste identifiseer, hetsy dit gronddverdigting, swak voedingstatus of waterbeperkings is, kan jy doelgerigte aanpassings maak wat oor tyd 'n beduidende verskil maak.

Hierdie benadering vereis dat produsente hul plase met 'n kritiese oog beskou en bereid is om weg te beweeg van algemene aannames.

Daar lê groot waarde daarin om die detail raak te sien. "Dít is waar die verskil gemaak word."

## Suksesresep

Hoewel kwessies soos klimaatsverandering en kostedruk nie ligtelik opgeneem moet word nie, glo Nico dat die bedryf die nodige hulpmiddels het om suksesvol te bly.

"Die potensiaal is daar – dit gaan oor hoe ons dit bestuur."

Produsente wat teelmateriaal, bestuur en omgewingsfaktore doeltreffend integreer, sal diegene wees wat volhoubaar en winsgewend bly boer in 'n steeds veranderende wêreld, het Nico gesê. **LBW**





PIONEER®

100 JAAR

# GOEIE GOED BEGIN MET EEN.

## EEN PERSOON. EEN SAK SAAD. EEN LAND. EEN OES.

Vir die laaste 100 jaar was dit ons missie om opbrengste te verhoog, plaagweerstand te verbeter en welvaart te verseker. Ons streef daarna om vir nog 100 jaar op die kruin van die tegnologie-golf te bly en altyd bewus te bly van ons herkoms.Terwyl ons oë op die toekoms gerig is, koester ons altyd ons eeu van nalatenskap in ons harte.

**WANT 100 JAAR BEGIN MET EEN.**







CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers. © 2025 Corteva



# Kies 'n doelgedrewe vennoot. Groei met selfvertroue.

**Sukses in boerdery gebeur nie per toeval nie. Dit begin reeds lank voordat 'n saadjie gesaai word of die eerste reëndruppels val. Vooruitbeplanning help produsente om besluite te neem wat optimale opbrengste in die toekoms moontlik maak.**

Omnia se vennootskap met produsente help hulle om die beste pad na sukses te vind. Ons Nutriology® model – die wetenskap van groei – ondersteun produsente gedurende elke groeistadium in die produksiesiklus met onder andere die verstaan van grond en die monitering van gewasprestasie sodat hulle ingeligte besluite met selfvertroue kan neem.

"Vandat ek Omnia as vennoot het, gaan ek net van krag tot krag."
— Attie Smook, Sannieshof

Vir Attie begin sukses by die keuse om homself met die regte kundiges te omring. Hy stap reeds meer as 'n dekade met Omnia die pad. Die professionele ondersteuning wat hy oor die jare ontvang het, het sedertdien ontwikkel tot 'n vennootskap wat op vertroue gebou is.

Elke besoek, gesprek of interaksie met sy Omnia-landboukundige help bou aan 'n gesamentlike plan – een wat ondervinding, datagedrewe insigte en 'n toekomsblik saamvoeg.

"My landboukundige se insette is van onskatbare waarde. Ons gesels minstens een keer 'n week. Somtyds gaan dit oor reënval of grondtoestande; soms hoor ons bloot net hoe dit gaan. Sonder 'n betroubare vennoot kan dinge skeefloop."

### Inligting word omskep in insig en vooruitsig

Regoor die land bewys produsente dat die basis vir 'n goeie opbrengs reeds lank voor die begin van 'n seisoen gelê word.

> “Ons doen dinge deesdae baie meer wetenskaplik, om sukses te verseker, moet jy nuwe idees kan aangryp.”
>
> — Johan Schickerling, Bosbult

In noue samewerking met sy landboukundige begin Johan elke nuwe seisoen met ‘n gedetailleerde ontleding van die vorige seisoen se prestasie. Hierdie proses word ondersteun deur sy chemiese en fisiese grondontledings op te dateer. Danksy die insigte wat hy hieruit kry kan hy aksieplanne vir die nuwe seisoen finaliseer.

> “Ons bou ons planne rondom die vorige seisoen se data en inligting, en in samewerking met ons betroubare landboukundige. Dis wat Nutriology® vir my beteken – advies wat deur die regte navorsing gerugsteun word. So kan mens stremmingstoestande beter hanteer en is produksie optimaal.”

Vir Johan is goeie beplanning ‘n boer se belangrikste vorm van risikobestuur.

> “Jy kan nie die reën beheer nie, maar jy kan seker maak dat jy gereed is vir wat ‘n seisoen mag inhou.”

## Beplan vir moeilike seisoene

Pieter van den Berg, ‘n produsent van Hoopstad, sê beplanning help hom beslis om die uitdagings te oorkom wat produsente in die gesig staar.

> “Omnia se landboukundige het my gehelp om my grondchemie te herstel en om beter gewasbestuursbesluite te neem. Sedertdien het dinge jaar na jaar verbeter.”

Deur die Nutriology® model te gebruik lewer Pieter se eens uitgeputte landerye nou winsgewende oeste.

> “Toe ek op hierdie plaas begin boer het, was die grond pH 4.5. Deesdae is dit 6.1 wat ideaal is vir goeie wortelontwikkeling wat die plant se vermoë om water en voedingstowwe te absorbeer verbeter. As jou grond reg is, val al die ander dinge in plek.”
>
> — Pieter van den Berg, Hoopstad

## Groei saam aan die toekoms

Een ding staan soos ‘n paal bo water: boerdery hou risiko’s in, van die weer tot markskommelinge. Die onsekerheid wat daarmee gepaard gaan kan mens moedeloos maak, maar deur vooruit te beplan is dit moontlik om onsekerhede in geleenthede te omskep.

Vir Omnia is beplanning veel meer as net ‘n blote proses. Dis ‘n vennootskap wat gebou word rondom wetenskap, vertroue en kundigheid.

Produsente en agronome wat saam beplan, kweek soveel meer as net gewasse.

**Hulle verbreed kennis.**
**Kweek selfvertroue.**
**Bou aan die toekoms.**

**Praat vandag met ‘n Omnia-landboukundige om uit te vind hoe Omnia se Nutriology® model jou boerdery kan help floreer.**

omnia
NUTRIOLOGY

For more information, visit **www.nutriology.co.za**

# Sonneblom met hoë olie kan somme laat klop

Argentinië word beskou as die wêreld se voorste uitvoerder van sonneblomolie en het 'n sterk verwerkingsbedryf wat sowat 90% van die sonneblomsaad verwerk wat jaarliks geproduseer word.



Syngenta se Argentynse sonneblombasters is geskik vir produksie onder Suid-Afrikaanse omstandighede. Een van die voordele is dat hierdie basters 'n hoë oliepersentasie het. *FOTO: SENSAKO*

Syngenta word wêreldwyd as die leier in sonneblomteelmateriaal beskou. "Suid-Afrikaanse boere het toegang tot Argentynse sonneblombasters wat ons toets om seker te maak dat dit ook vir plaaslike toestande aangepas is. Die bykomende voordeel is dat hierdie basters 'n hoë oliepersentasie het," sê Hendrik van Staden, eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Suid-Afrika en hoof van rygewasse in Afrika en die Midde-Ooste.

Volgens Charles Basson, wat in beheer van Syngenta se sonneblom-en-mielieprodukplasings is, selekteer Syngenta reeds vroeg in die teelprogram sade vir 'n hoë olie-inhoud.

Syngenta het onlangs 'n groep boere en bedryfskenners op 'n sonneblomstudiereis na Argentinië geneem. Een van die hoofdoelwitte van die besoek was om dieper te delf in die wetenskap agter 'n hoë oliepersentasie in sonneblomsaad en wat die impak daarvan op produsente se verbouingspraktyke en ook op verwerkers is.

Die groep het die Renova-oliepers in Quequén besoek wat uitsluitlik sonneblomsaad en sojabone verwerk. Renova Quequén is in die suide van die provinsie Buenos Aires, sowat 7 km van die Quequén-hawe van waar die verwerkte produkte uitgevoer word.

Die sonneblomsaad word ontvang, skoongemaak, gedroog, indien nodig, en dan in silo's opgeberg. In die verwerking word die doppe van die sonneblomgraan verwyder, waarna dit gepers word om die olie van die oliekoek te skei. Die vaste stowwe wat uit die proses verkry word, gaan deur 'n proses om die oorblywende olie te onttrek.

In Suid-Afrika word ál meer klem op sonneblomsaad met 'n hoë oliepersentasie gelê.

Peter Lovelace, uitvoerende hoof van Central Edible Oils Company (CEOCO), sê dié maatskappy het in die 2010-'11-produksieseisoen 40-41% olie onttrek. Die oliepersentasie van sonneblomme wat in Boksburg gelewer is, het sedertdien tot so laag as 35% gedaal.

"Hierdie neiging het aansienlike implikasies vir die volhoubaarheid van die sonneblomoliebedryf gehad. Terwyl ons lopende koste gestyg het, het die gehalte van die sonneblomsaad ten opsigte van die lewering van werklike oliepersentasies afgeneem. Dit het beteken dat ons meer sonneblomsaad moes inneem om dieselfde hoeveelheid olie te verkry."

Die afgelope paar jaar het CEOCO saam met Syngenta gewerk om kontrakte te sluit met produsente wat sonneblomsaad met 'n hoë oliepersentasie in Boksburg kon lewer.

"Die projek lewer uitstekende resultate en ons is verheug oor die oliepersentasies wat boere nou met Sensako-basters behaal. Ons is bereid om die ooreengekome premie aan produsente te betaal omdat ons weet dat alle partye bevoordeel word," sê Lovelace.

Benewens die oliepersentasie, konsentreer Syngenta ook op siekte- en onkruiddoderverdraagsaamheid en opbrengs.

Volgens Basson word basters oor verskeie omgewings en plantdatums heen geplant om planthoogte, die grootte van die kop, staanvermoë, die hoek van die sonneblom se kop, sowel as dae tot blom en volwassenheid te bepaal.

"Ons bied hoogs presterende basters met 'n hoë oliepersentasie en die bykomende voordeel van buigsaamheid," sê Basson.

Syngenta se sonneblompakket bestaan uit die Sensako-basters SNK 270 CL, SNK 242 CL en SNK 441 CL.

SNK 441 CL (70-72 dae tot 50%-blomtyd) bied boere 'n vroeë plantdatum-opsie, met SNK 270 CL (64-68 dae tot 50%-blomtyd) en SNK 242 CL (62-64 dae tot 50%-blomtyd), wat boere meer buigsaamheid met vroeë tot laat plantdatum-opsies bied.

Uit die data en kommersiële proewe wat deur die Syngenta-span op plaasvlak gedoen is, is dit duidelik dat hierdie basters nie vir enige van die mededingers hoef terug te staan nie en dat dit beslis oorweeg moet word deur boere wat ernstig oor sonneblomverbouing en opbrengs op belegging is.

Syngenta beveel aan dat produsente 'n pakket basters aanplant om siekte- en droogtestres strategies te bestuur. Met sy nuwe sonneblompakket beveel hy aan dat boere hul plantdatums versprei om risikobestuur te verbeter. **LBW**

NAVRAE: WEB: **syngenta.co.za**


SENSAKO
w syngenta.co.za
f SENSAKO
Yt SENSAKO
t 27 (0) 58 303 4690
Belê in Pure Mieliepotensiaal
Ons het belê in die ontwikkeling van 'n nuwe geelmieliepakket sodat jy met gerustheid mielies kan plant en sien hoe goeie planne in goeie opbrengs verander.
SNK 220-65 BR
SNK 220-65 R
SNK 2224 BR
SNK 2234 BR
Ons help jou groei
syngenta®


Kynoch
Meer as net bemesting - 'n vennoot in jou opbrengs.
Kynoch bied ons meer as net kunsmis – ons is jou vennoot vir optimale opbrengs. Met ons kennis, presisie-oplossings en plaaslike ondersteuning help ons jou om jou boerderypraktyke te verbeter en jou lande se volle potensiaal te benut.
Kom kuier ons span kenners by NAMPO, 12 - 15 Mei, en ontdek hoe ons jou kan help om opbrengste te verhoog, beplanning te verbeter en volhoubare groei te bewerkstellig.
KYNOFULVATE YELLOW
A bio-stimulant for improving root and shoot growth in grain crops and leafy vegetables.
www.kynoch.co.za
«Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie»
KynoFulvate Yellow® M261 (Act 36 of 1947)


Kom boer op ons werf!
NAMPO INTEKEN-AANBOD
Landbou
weekblad | weekliks | .com
LAAT DIE TYD
stilstaan op Nampo
Teken in op Landbou.com op NAMPO
VIR NET R650 per jaar (R55 p.m.)
TEEN 2025 SE PRYSE!
Eerste 100 intekeninge
Kry 'n GRATIS
ete by ons Plaaskombuis
syngenta Boerekos Plaaskombuis
Ter waarde van R120
Of
Staan 'n kans om 'n luukse horlosie te
WEN
Ter waarde van R5000
*Horlosie slegs ter illustrasie
* Bepalings en voorwaardes.
In die landbou maak die regte ding op die regte tyd saak. Dis hoe jy oorleef. Dis hoe jy vooruit boer.

## Ammoniumsulfaat

# Die primêre komponent van plantproteïen

Om nie genoeg swael te gebruik nie, lei tot nadele vir plantproteïen-groei.

### Waarom is ammoniumsulfaat so belangrik?

Ammoniumsulfaat se chemiese formule is $(NH_4)\ 2SO_4$. Ammoniumsulfaat bevat 21% stikstof en 24% swael.

Die stikstof is in ammoniumvorm wat minder geneig om uit die grond te loog (weg te spoel), wat voordelig is vir 'n plant se groei. Baie grondsoorte het 'n tekort aan swael wat noodsaaklik is om die boublokke neer te lê vir gesonde plantproteïene en ensieme.

**Swael word benodig in die sintese:**

- Van aminosure (sisteïen, metionien) wat die primêre komponente van proteïen is.
- Van proteolitiese ensieme en koënsiem A, en formasie van chlorofil en glukosied-olies.
- Vir die sintese van sekere vitamiene, byvoorbeeld glutatioon.
- Swael beïnvloed die strukturele eienskappe van protoplasma wat die kouegevoeligheid van plante positief beïnvloed.
- Die hoeveelheid swael in die koringkorrel sal byvoorbeeld 'n invloed op die bakgehalte van meel uitoefen via die invloed op proteïensintese.
- Sulfaat-bemesting het ook 'n gunstige invloed op die mouteienskappe van gars.
- Die hoeveelheid swael in die grond beïnvloed ook die benutting van ander elemente deurdat dit in verhoudings daarmee in plantmateriaal ingebou word. Die teenwoordigheid van voldoende swael in die grond sal die plant se reaksie op stikstof positief beïnvloed deurdat proteïensintese gestimuleer word.

### Belangrikste makrovoedingstowwe




### Stikstof (N) 21%

- Stikstof is uiters belangrik vir vegetatiewe groei en chlorofil.
- Dit bevorder vinnige blaar- en stamgroei.

### Swael (S) 24%

- Swael is noodsaaklik vir proteïensintese en ensiemfunksie, asook vitamiene en spesifieke aminosure.
- Swael is verantwoordelik vir die kenmerkende smaak en reuk van plante soos uie, knoffel en kool. **LBW**

NAVRAE: **035 751 2183**; e-pos: **mel@ekor.co.za**; web: **ekor.co.za**



# Betaal minder vir jou John Deere

Ja, jy het reg gelees. Van die gewildste John Deere-trekkers is tans by AFGRI Equipment beskikbaar teen 14%-afslag. Dit is danksy 'n historiese prysaanpassing.

Dit is nie aldag dat só iets gebeur nie en 'n mens kan die opgewondenheid in Etienne Meyer, bemarkingsbestuurder by AFGRI Equipment, se stem hoor wanneer hy daaroor gesels.

"Ons het ons pryse vir sekere werktuie hersien. Dit is by uitstek 'n ongewone gebeurtenis. Die vorige prysaanpassing was 22 jaar gelede."

Hierdie is 'n belangrike stap vir die landbousektor en is deur AFGRI Equipment met die samewerking van John Deere bewerkstellig.

Die nuwe pryse volg op gunstige wisselkoerse, onder meer 'n sterker Suid-Afrikaanse rand teenoor belangrike internasionale geldeenhede. In 'n tyd waar wêreldmarkte deur verhoogde politieke en ekonomiese onsekerheid beïnvloed word, kan wisselkoerse vinnig en onvoorspelbaar verander. Daarom is die tyd nóú reg vir só 'n hersiening.

"Ons het gekyk hoe ons die voordeel van die gunstige rand-dollar-wisselkoers kan benut omdat die meeste van ons werktuie ingevoer word. Ons betaal in dollar, dus wou ons die huidige voordele van die wisselkoers direk aan ons kliënte deurgee," sê Etienne.

"Ons het saam met John Deere met die fabrieke onderhandel en ooreengekom om 'n groter aantal trekkers te bestel en hulle het met 'n goeie prys geantwoord."

## Verligting vir boere

Danksy hierdie pryshersiening stel AFGRI Equipment en John Deere 'n prysverlaging van tot 14% op geselekteerde modelle bekend, wat betekenisvolle waarde en onmiddellike verligting aan boere en landbouondernemings oor Suid-Afrika heen bied.

"Die prysaanpassing is geldig op die meeste van die John Deere-produkreeks, maar veral op die gewilde 5D- en 5E-driesilinder-trekkerreeks. Dit kom daarop neer dat een van ons gewildste modelle, die 5075E, se prys daal van R399 000 wat dit in Januarie gekos het, tot R341 000, BTW uitgesluit. Dit is 'n groot verskil," sê Etienne.

Hierdie inisiatief weerspieël 'n sterk verbintenis tot die Suid-Afrikaanse landbouprodusent en toon dat albei organisasies na boere luister en optree wanneer geleenthede ontstaan om hul bedrywighede te ondersteun en die landbousektor te versterk.

"Wanneer omstandighede dit moontlik maak om waarde vir ons kliënte te skep, glo ons dat daardie voordele regstreeks na die boer moet terugvloei. Hierdie pryshersiening gaan daaroor om ons kliënte te ondersteun, vennootskappe te versterk en die landbou in die streek verder te laat groei," sê Patrick Roux, besturende direkteur van AFGRI Equipment.

Dit is ook wat Etienne opgewonde maak. "Dit is selde dat pryse daal as die omstandighede daarvoor voorsiening maak. Dit verbly ons harte dat ons dit in hierdie onseker tye vir boere meer moontlik maak om 'n wêreldklas-produk soos 'n John Deere te kan koop.

"Dit getuig daarvan dat AFGRI nooit ophou om die belange van die kliënte te dien nie. As daar 'n geleentheid is om aan ons kliënte terug te gee, doen ons dit."

Hierdie aanbod is beskikbaar tot einde Mei 2026 en dit sluit die Nampo-oesdag op Bothaville in.

AFGRI nooi boere na die AFGRI-standplaas (E29) om 'n koppie koffie te kom geniet en met sy AFGRI Equipment-verteenwoordiger oor dié spesiale aanbod te gesels.

## Die hele AFGRI is daar

Net soos elke jaar die geval is, is al AFGRI se sake-eenhede verteenwoordig op die Nampo-oesdag. Dit sluit in finansiering, opberging, opleiding en verskeie ondersteuningsdiense.

Hierdie sake-eenhede weerspieël AFGRI se geïntegreerde benadering tot die ondersteuning van boere. Dit is ook 'n bewys dat AFGRI, danksy sy produkte en dienste, die boer se vennoot is regdeur die hele waardeketting.

Kom loer in by AFGRI, want die spesiale aanbod op die John Deere-trekkers is nie die enigste een by standplaas E29 nie.

Die hoofde van die onderskeie afdelings is ook beskikbaar om met boere oor kwessies, behoeftes en oplossings te gesels. **LBW**



**Die John Deere 5075E is een van die gewilde trekkers wat tans goedkoper is danksy 'n prysaanpassing deur AFGRI Equipment en John Deere.**
*FOTO: MARIEKE SNYMAN*


LEGACY UNLOCKED PROMOTION
JOHN DEERE
NOW LEGENDARY
5 JAAR / 5 000 UUR POWERGARD™ VERLENGDE WAARBORG
5045D
46 hp (34.1 kW)
TWD: R 212 000
MFWD: R 244 000
5050D
50 hp (36.5 kW)
MFWD: R 252 000
5 JAAR / 5 000 UUR POWERGARD™ VERLENGDE WAARBORG
5055E
57 hp (42 kW)
TWD: R 226 000
MFWD: R 255 000
5075E
75 hp (55 kW)
TWD: R 312 000
MFWD: R 341 000
BTW UITGESLUIT
Bepalings en voorwaardes geld. Voorraad is beperk.
Dokumentfooie, afleweringskoste en lisensiëring uitgesluit.
www.afgriequipment.co.za
AFGRI
EQUIPMENT


DEKALB
ALTYD AAN
JOU SY
Plant jou sukses
met geel droëlandbasters en jou keuse van tegnologie.
Sukses begin met die regte keuse. Of jy nou Roundup Ready® Maize 2, YieldGard® Maize 2, of die wenkombinasie van beide kies, ons bewese portefeulje en toegewyde kundiges ondersteun jou van planttyd tot strooptyd.
/// DKC72-66BR
/// DKC77-26BR
/// DKC110-42BR
acceleron®
Roundup® HERBICIDE
Roundup Ready® MAIZE 2
YieldGard® MAIZE 2
BAYER
#DEKALBverskil | @Bayer4Crops
www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002
Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.
Die registrasie-eienaar van Acceleron®, DEKALB®, Roundup Ready® Herbicide, Roundup Ready® MAIZE 2 en YieldGard® MAIZE 2 is Bayer AG.
WAARSKUWING – LEES DIE PRODUKETIKETTE VOOR GEBRUIK.
A42262/LBW



All Power het sedert 1974 meer as 35 000 sonkrag-installasies in die nywerheids- en landbousektor opgerig.
*FOTO: VERSKAF*

# All Power sorg vir ál jou kragoplossings

All Power is jou betroubare verskaffer van sonkragstelsels, en elektriese voertuie en fietse vir die moeilikste terreine.

Al ooit gewonder wie sonder twyfel aan kliënte betroubare produkte van topgehalte in die sonkragbedryf voorsien en boonop uitstekende naverkoopdiens lewer? Ná 30 jaar se bemarking in *Landbouweekblad* is All Power, met nuwe produkte en groter stelsels, steeds op koers om as leier in die sonkragbedryf te dien.

All Power is ook nou die voorloper in die elektriesevoertuigmark met Kandi se reekse elektriese voertuie en motorfietse.

Reeds meer as vier dekades neem All Power die voortou in sonkrag-innovasie. Hy het 'n reputasie opgebou wat gerugsteun word deur volharding, presisie-ingenieurswese en kompromielose betroubaarheid.

Die maatskappy het sedert 1974 meer as 35 000 sonkraginstallasies in die nywerheids- en landbousektor opgerig – 'n nalatenskap wat eerder gewortel is in prestasie as belofte.

Teen 2001 het All Power sy sonkragreikwydte uitgebrei en dieselfde robuuste, veldgetoetste tegnologie na huise en klein besighede gebring.

Wat All Power van ander diensverskaffers onderskei, is sy diepgaande begrip van omgewings waar energie nie 'n gerief is nie, maar noodsaaklik vir oorlewing is.

Die maatskappy ontwerp, vervaardig, installeer en voer sonkragaangedrewe pomp- en energiestelsels uit wat spesifiek vir strawwe en afgeleë toestande gebou is. Van die vlaktes van Zambië en die besproeiingskorridors van Mosambiek tot Botswana, Australië, Spanje, Mexiko en Amerika, dryf All Power-oplossings huishoudings, plase, gastehuise, besighede en selfs gemeenskappe ten volle aan.

Sy sukses spruit uit 'n duidelik ontwerpte benadering tot die benutting van sonkrag. All Power se gepatenteerde, gegalvaniseerde, seisoenaal verstelbare monteerrame is ontwerp om regdeur die jaar maksimum prestasie uit direkte sonlig te haal – 'n noodsaaklike voordeel op afgeleë plekke waar elke kilowatt saak maak.

Dit is 'n stelsel wat nie net vir doeltreffendheid ontwikkel is nie, maar ook vir veerkragtigheid.

Aan die stuur van sake van All Power is die uitvoerende hoof, Terry Moss, verskeie kere nasionale motorsportkampioen en ook hoof van Moss Racing Team, wie se agtergrond in elektriese en meganiese ingenieurswese die onderneming se hoëprestasie-DNS gevorm het. Sy ervaring in mededingende ingenieursomgewings het die grondslag gevorm waarop sonkragstelsels doelgerig gebou is vir Afrika se veeleisende terreine en verfyn is met dieselfde presisie wat geld in motorwedrenne.

Benewens hardeware lewer All Power ten volle geïntegreerde, gebruiksgereed energie-ekostelsels, ondersteun deur spesialiste – van ontwerp tot inbedryfstelling. Die maatskappy se portefeulje pak die groeiende behoefte aan onafhanklikheid van die kragnetwerk aan in 'n wêreld van stygende koste en onbetroubare kragnetwerke.

Dié oplossings sluit in:

- Kandi Afrika – splinternuwe infrastruktuur om elektriese voertuie, e-fietse en veldmotorfietse te laai.
- Onafhanklike en hibriede bergingsoplossings vir sonkrag op megawatt-skaal.
- Netwerkgekoppelde sonkragstelsels vir residensiële, kleinsake- en nywerheidsgebruik.
- Apium-litiumioonbatterye vir onafhanklike nie-netwerkkrag vir huise en plaashuise.
- Hoëvolume-sonkragwaterpompe sonder batterye (driefase-krag).
- Sonkragaangedrewe besproeiings- en spilpuntstelsels wat direk vanaf die son werk (sonder batterye).
- Verstelbare grondmonteringsrame, vervaardig deur All Power in Gqeberha.
- Hibriede Sunsynk-omsetterstelsels met batteryrugsteun vir ononderbroke kraglewering. All Power maak plase in geheel (insluitend melkstalle) onafhanklik van die netwerk.
- Pasgemaakte sonkragoplossings vir gastehuise op wildplase en ander toepassings, asook vir gebruik in afgeleë omgewings.
- Die vervaardiging van sonkragaangedrewe boorgatdompelpompe met 'n positiewe verplasingstelsel.
- Die verspreiding van borsellose, sonkragaangedrewe Apium-boorgatpompe (rotor en multistadium).

Elke installasie is ontwerp om werklike bedryfsprobleme op te los, koste te verminder, energievoorraad te stabiliseer en verhoogde produktiwiteit moontlik te maak waar konvensionele krag nie binne bereik is nie.

All Power vier tans meer as 40 jaar in die sonkragbedryf en reeds meer as 50 jaar in besigheid. Of dit nou sonkragoplossings of 'n elektriese evolusie is – dis All Power. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.allpowersolar.co.za**

ALL POWER
WORLD LEADERS IN SOLAR

Ons vier +50 jaar in besigheid. +40 jaar in sonkrag.
**Wanneer dit sonkragoplossings of elektriese evolusie is, is dit All Power.**

# Die Agri Droom. Geen Brandstof.

## Herlaai met Sonkrag

All Power is die trotse invoerder, voorraadhouer en diensverskaffer van sonkragoplossings en elektriese voertuigoplossings.




SPOORWYDTE VERGELYKBAAR MET 'N BAKKIE SPOORWYDTE.



**KANDI ELEKTRIESE FIETS (E-FIETS)**



**ELEKTRIESE GHOLF KAR**



**ELEKTRIESE VELDFIETS**



**KANDI ELEKTRIESE UTV**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Laai vanaf 220V konvensionele prop-eenheid | Onafhanklike Vierwielaandrywing-suspensie | 80km per lading | Beperkte greep-ewenaars |

**All Power - amptelike invoerders van Kandi Elektriese Voertuie in Afrika.**

Solar@allpower.co.za | www.allpowersolar.co.za | www.kandiafrica.co.za | 041 451 3936

ALL POWER
WORLD LEADERS IN SOLAR

# ALL POWER VERSKAF JOU MET SKOON EN HERNUBARE ENERGIE

**All Power, gedryf deur passie, is vir meer as 50 jaar gevestig as 'n premium invoer- en infrastruktuurvennoot wat intelligente sonkragoplossings lewer. All Power lei 'n elektriese evolusie in residensiële, landbou-, kommersiële en industriële markte met dienste wat onafhanklike, hibriede en netwerkgekoppelde sonkragstelsels insluit. Ons is die amptelike invoerder van Apium, Sunsynk, Megarevo en MegaBatt-produkte terwyl ons sonkragwaterpompstelse en sonkragaandrywing vir besproeiingstelsels verskaf. Ons verskeidenheid elektriese mobiliteitsoplossings word gedemonstreer deur ons elektriese fietse (e-bikes), elektriese veldfietse, elektriese gholf karre en elektriese UTV's wat met 'n normale 220V-prop gelaai word, met krag opgewek deur jou sonkragstelsel.**

**Onafhanklike Sonkragtselsel**




**Hibriede Sonkragstelsel**




**Sonkragwaterpomp Stelsels**



**Apium, Sunsynk & Megarevo omskakelaars en batterye**




**Sonkrag vir Besproeiingstelsels**



**Sonkrag-aangedrewe boorgat dompelpompe (alle groottes)**




**Ons vier +50 jaar in besigheid. +40 jaar in sonkrag.**
**Wanneer dit sonkragoplossings of elektriese evolusie is, is dit All Power.**

solar@allpower.co.za | Kempstonweg, 79, Sidwell, Gqeberha (Port Elizabeth) | 041 451 3936

# Nuwe swamdoder beskerm mielies vroeg

Elke mielieseisoen begin met hoop. Saad word geplant, die weer word fyn dopgehou en elke boer droom van 'n sterk, gesonde oes. Maar saam met dié hoop kom 'n bekende struikelblok: Plantsiektes wat onverwags kop uitsteek.

Vir baie boere is dit 'n bekende storie – 'n land wat aanvanklik belowend lyk, kan binne weke tekens van siekte toon. As siektes, soos grysblaarvlek of noordelike blaarskroei, vestig, kan die gevolge ernstig wees – nie net vir die land nie, maar ook vir die boer se sak. Dit is juis hier waar vroeë, voorkomende beskerming kritiek is.

BASF ondersteun mielieprodusente met 'n omvattende portefeulje gewasbeskermingsoplossings – van onkruid- en insek- tot swamdoders – wat ontwerp is om produsente deur elke fase van die seisoen te ondersteun.

Binne die portefeulje speel gevorderde swamdoders 'n uiters belangrik rol in die beskerming van gewaspotensiaal. Revytek® (reg.nr. L11787, Wet 36 van 1947) is 'n baanbrekerproduk met 'n nuwe benadering tot siektebeheer.

Gesonde mielies begin met vroeë beskerming – die regte swamdoderstrategie help om siektes te keer voordat dit jou opbrengs raak.



## Dubbelaksie-beskerming

Wat Revytek® besonders maak, is die unieke kombinasie van twee kragtige tegnologieë: Die nuwe geslag isopropanol-triasool, Revysol® (mefentriflukonasool) en BASF se beproefde F500®, een van die toonaangewende strobiluriene op die mark.

Hierdie dubbelaksie-formule bied 'n kragtige beskermingsmeganisme wat vinnig werk en langdurige beskerming verseker.

Revysol® se unieke molekulêre struktuur laat dit doeltreffend deur die blaar beweeg – beide sistemies en translaminêr.

Dit beteken die aktiewe bestanddele word vinnig deur die plant opgeneem, wat help om siektes vroeg te stuit en die gewas langer te beskerm.

Vir optimale resultate beveel BASF 'n sterk swamdoder-spuitprogram aan wat reeds vanaf die vyfde tot sesde blaarstadium begin, met produkte soos Revytek®, Priaxor® (reg.nr. L11011) en Abacus® Advance (reg.nr. L9132).

Waar hoë siektedruk voorkom, kan 'n opvolgtoediening vanaf groeistadium 51 – BBCH-groeistadiumskaal ('n internasionale standaard vir plante) – met produkte soos Revytek®, Priaxor®, Abacus® Advance en Duett® Star (reg. nr. L10958) oorweeg word.

Moderne landbou gaan oor meer as net opbrengs. Dit gaan daaroor om elke hektaar optimaal te bestuur en elke besluit strategies te neem.

BASF wil produsente met sy portefeulje help om presies dít te doen – om gewasse beter te beskerm, risiko's te bestuur en met groter sekerheid na 'n suksesvolle oes te werk.

BASF glo dat ware innovasie nie net in die laboratorium plaasvind nie, maar ook in die lande waar boere elke dag werk.

Revytek® is deel van dié visie: Om produsente te ondersteun met innoverende, hoë-prestasie-oplossings wat volhoubaarheid en winsgewendheid in hul boerdery bevorder. **LBW**

## BASF-oplossings vir geïntegreerde beheer

BASF se mielieportefeulje strek verder as swamdoders en bied ook oplossings vir probleme met onkruid en insekte. Hierdie produkte werk saam om mielies van die plant- tot oesstadium te beskerm en 'n optimale opbrengs te ondersteun:

**Onkruiddoders**

- **Eragon®** (reg.nr. L10407, Wet 36 van 1947) is 'n voorplantonkruiddoder vir die doeltreffende beheer van moeilik beheerbare breëblaaronkruide in mielies.
- **Intelex®** (reg.nr. L9895) is 'n Kixor®-oplossing wat uitstekende vooropkomsbeheer van grasse en talle breëblaaronkruide bied.
- **Frontier® Optima** (reg. nr. L7011) is 'n betroubare onkruiddoder vir voor en ná opkoms om onkruide, soos eenjarige grasse, asook verskeie breëblaaronkruide en, onder sekere omstandighede, ook geeluintjies, te beheer.

### Insekdoder

- **Fastac®** (reg.nr. L4991) is 'n aanpasbare kontak- en maaginsekdoder vir die beheer van plae, soos Afrikabolwurm, stronkboorder en snywurm, wat in verskillende gewasstadiums aangewend kan word.

NAVRAE: Web: **www.agro.basf.co.za/af/**

Lees volledige etiket voor gebruik van produkte. Beskikbaar op webwerf


Vir die liefde van landbou
Om te sê jy "hou van" landbou
sê heeltemal te min ...
"Hou van" is om in die lande te wees wanneer die weer gunstig is, die grond uit hom laat groei, en die werk maklik voel ... "Lief wees" is om met dagbreek reeds in die velde te wees ongeag die weer, die lande of die werk. Boerdery is nie 'n keuse nie, dis 'n roeping. Dis die grootste taak ter wêreld.
Kies 'n vennoot wat reeds vir generasies lank Suid-Afrikaanse boere bystaan.
BASF
We create chemistry
BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk • Sestiendestraat 852, Midrand, 1685
Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 • Tel: +27 11 203 2400
Faks: +27 11 203 2461 • Webblad: www.agro.basf.co.za
Mobiele webblad: m.agro.basf.co.za
uppe marketing A37727
DIE NAAM WAARVOOR JY MOET VRA




# OPBRENGS

## Dít is die BOER in jou.

Jy ken jou grond. Ons ken mielies. Met jare se navorsing en uitgebreide proewe as fondasie, bied Pannar se **geelmieliebasters** uitstekende droogteverdraagsaamheid, staanvermoë en prestasie in beide droëland- en besproeiingstoestande. Ons robuuste pakket sluit groeiklasse van ultravinnig tot medium in, en bied daarby 'n verskeidenheid konvensionele basters sowel as dié met **PowerCore®** tegnologie – veelsydige oplossings vir enige produksiestelsel. Of jy nou jou eerste seisoen **geelmielies** plant of jou vyftigste, vertrou op ons data-gedrewe insigte en persoonlike landboukundige advies om elke besluit te laat tel.

PANNAR®

Saam boer ons vir jou toekoms™

CORTEVA™ agriscience

**www.pannar.com**

™ ® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2026 Corteva. 2026/YMAIZE/LW/03

# Iets van alles op Nampo te kry


*Landbouweekblad* se stalletjie het vanjaar 'n nuwe tuiste, en is nou in die Syngenta Boerekos Plaaskombuis te vind. *FOTO: ALANI JANEKE*

Die Nampo-oesdag is nie net die platform vir groot werktuie en internasionale landbou-ondernemings nie. Dit is ook die plek waar besighede hul produkte bekend stel waarsonder 'n boerdery se bedrywighede nie vlot kan verloop nie.

Is jy op soek na inligting oor boerdery- en finansiële praktyke, boerekosresepte, 'n nuwe bakkie of gesprekke met kundiges oor veiligheid? Die Nampo-oesdag bied dit alles.

Daar is jaarliks 'n groot verskeidenheid uitstallers: van die verskaffers van snoeiskêre en kraggereedskap vir algemene plaaswerk tot voertuigvervaardigers, verskaffers van vierwielmotorfietse, veldnutsvoertuie en ander gereedskap wat nuttig vir selfdoentake is.

Vir die boer wat sy werkers met veiligheidsklere wil toerus, is daar ook opsies, en vir vroue is daar heelwat snuisterye.

Plaasveiligheid is altyd hoog op boere se voorranglys. Daarom is daar verskeie produkte in dié verband beskikbaar, van GPS-halsbande wat jou diere monitor tot nagsigtoerusting en kameras.

Geen landbouskou kan deesdae sonder 'n goeie aanbieding van toerusting vir alternatiewe energie wees nie. Die Nampo-oesdag is geen uitsondering nie, en daar is onder meer oplossings beskikbaar om water op te gaar, van plastiektenks tot sinkdamme.

Suid-Afrika se voorste finansiële instellings is ook daar om boere te help met raad en hulpmiddels om dié oplossings deel van hul boerdery te maak.

## Kom kuier by *Landbouweekblad*

'n Deel van hierdie aanbod van aanvullende produkte en inligtingverskaffers is *Landbouweekblad*.

Waar dié landbou-mediareus in die verlede 'n stalletjie in die Nampo-saal gehad het, is daar besluit om eerder al die ▶





**Waarom boere bentoniet gebruik**

- Stop die dreineering in gronddamme
- Geskik vir nuwe en ou damme
- Maklik hanteerbaar
- Gebruik standaard plaasimplemente
- Kan gebruik word sonder om die dam leeg te maak
- Effektief vir 5-8 jaar onder normale toestande

**NAMPO Dam Seël Spesiaal**

**R890 per ton (BTW uitgesluit)**

- Vervoer uitgesluit - vra vir 'n afleweringskoste
- Geldig tot 31 Mei 2026
- Vragmotor aflewerings Mei-Julie
- Groter bestellings verkies (±30 ton)
- Gedeelde vragte binne dieselfde distrik moontlik

**Hoeveel het jy nodig?**

Damoppervlakte (m²) × 25 kg
Voorbeeld: 1 000 m² ≈ 25 ton
Gebruik enegie kaart om jou dam te meet

**Bel of WhatsApp**

**061 410 6111**

Stuur jou dam grootte vir 'n vinnige kwotasie
Bel vir advies of 'n volledige bespreking

eiers in een mandjie te sit. Daarom is *Landbouweekblad* en sy span vanjaar in die Syngenta Boerekos Plaaskombuis te vinde, en stal ook sy produkte daar uit.

Hierdie ruimte dien as 'n sentrale ontmoetingspunt vir boere en besoekers wat op soek is na kundigheid, produkte en interaksie met landboukundiges.

Dit bied 'n gesellige atmosfeer waar besoekers kan gesels, vrae vra en inkopies doen vir 'n verskeidenheid eksklusiewe produkte.

Van die belangrikste produkte is die uitstekende naslaanboeke oor boerderypraktyke en -bestuur wat deur *Landbouweekblad* verkoop word, onder meer André Lund se *Die wonder van UHDSB* wat die kollig plaas op ultrahoë-digtheidstrookbeweiding. Hierdie bestuursmetode kry toenemend aandag van veeboere wat hul weidingsbestuur wil optimaliseer.



Een van die trekpleisters vir mense wat ernstig oor hul geld is, is die gewilde Kos en Kapitaal-praatjies. Dit word in die Syngenta Boerekos Plaaskombuis deur *Landbouweekblad* met die samewerking van Allan Gray aangebied. FOTO: LIANA MOCKE

'n Ander waardevolle publikasie wat beskikbaar is, is *Familieboerderye in Suid-Afrika*. Dié boek bied insig in die komplekse dinamika van familieboerderye en bied praktiese riglyne vir die suksesvolle bestuur van sulke ondernemings.

Net omdat *Landbouweekblad* vanjaar 'n nuwe tuiste op Nampo het, beteken dit nie dat die gewilde voorblaaie met jou en jou gesin op nie beskikbaar is nie. Die span is daar met hul toerusting om jou persoonlike voorblad van Suid-Afrika se voorste landboutydskrif te druk.

## Kos en Kapitaal

As deel van sy strewe om boere van die voorste landbou-inligting te voorsien, bied *Landbouweekblad* met die samewerking van Allan Gray beleggersontbyte vir boere, Kos en Kapitaal, aan. In dié praatjies gesels Theo Vorster en Pieter Koornhof van Allan Gray oor onder meer finansiële beplanning in onseker tye. Hierdie gesprekke sal deur Chris Burgess gelei word.

Kos en Kapitaal word op 12 en 13 Mei van 08:00 tot 09:00 aangebied. Stuur 'n e-pos na **events@landbou.com** as jy dit wil bywoon. Daar is beperkte plekke elke dag.

Die beleggersontbyte word in die Syngenta Boerekos Plaaskombuis aangebied. Diegene wat dit bywoon, ontvang 'n fynproewers-ontbytboksie wat deur Arina du Plessis, redakteur van *Landbou Boerekos*, berei is, asook 'n geskenkpakkie van Allan Gray.

## *Landbouweekblad* se handelsware

Benewens gesprekke oor ernstige landbousake is daar ook pragtige en prettige handelsware met die *Landbouweekblad*-handelsmerk te koop.

*Landbouweekblad* se uitgawes van *Boerekos* is 'n móét vir elke kombuis en sal by die stalletjie te koop wees, asook kombuisware met dié handelsmerk op.

Hierdie produkte vier die landbou-erfenis en kultuur wat deel vorm van die Suid-Afrikaanse plaaslewe.

## Pryse styg, maar nie by *Landbouweekblad*

Terwyl jy daar is, is dit ook 'n gulde geleentheid om teen verlede jaar se prys op **Landbou.com** in te teken.

Ons weet jou sak word geruk deur die skerp prysstygings van brandstof, kunsmis en krag, daarom bly ons Nampo-intekenaanbod vir ons webtuiste, **Landbou.com**, vanjaar dieselfde as in 2025.

Teken in teen slegs R650 per jaar (R55 per maand) en jy het die kans om 'n spoghorlosie te wen, of een van 100 etekaartjies by die Plaaskombuis. **LBW**

Agri Blade
T/A Dolphin Machining cc
Voermengerlemme
083 744 7696
Whatsapp's ook welkom
www.agriblade.co.za
info@agriblade.co.za
15 van Riebeeck Straat
Heidelberg
Weskaap
6665
Super Skerp
Ons maak ook lemme op aanvraag vir jou menger
Aflewering met "The Courier Guy"
Harde staal lemme wat hou en nie n plaas se geld kos nie
Strautmann Storti Siloking Kverneland Taruup Peecon Sitrex Kuhn Seko

Flexi Linings
The only liner with 16 year guarantee
NAMPO AANBIEDING
SINKDAM met voering
110 000 Liter (7.8mx2.3m) - **R39 900**
57 000 Liter (5,6x2,3m) - **R29 900**
BTW ingesluit
40mm kraan en oorloop
14 jaar waarborg/ 900g/vkm voering
Aflewering/ installasie uitgesluit
Gronddamvoering
Sementdamvoerings
Sinkdamme Aluzinc
Tel:018-285 1108 | Sel: 083 77 77 670 | info@flexilinings.com

# Betroubare oplossings vir boere se werktuie

**Met takke landwyd en demonstrasies op die Nampo-oesdag wys die Bolt And Engineering Distributors Group (B.E.D.) dat die betroubaarheid van boere se werktuie eerste kom.**

Die Bolt And Engineering Distributors Group (B.E.D.) versterk sy steun aan die landbousektor met 'n toenemende landwye teenwoordigheid, spesialis-oplossings vir draaiende onderdele vir landbouwerktuie, asook praktiese demonstrasies op die ikoniese Nampo-oesdag van 12 tot 15 Mei.

Takke in Noordwes, Gauteng, die Noord-Kaap, die Wes-Kaap, Oos-Vrystaat, Limpopo en Mpumalanga is deel van die maatskappy se landwye uitbreiding. Sy netwerk word ondersteun deur internasionale tegnologievennote, soos die langtermynverskaffer SKF.

Sy onderdeel-afdeling help boere om hul werktuie in stand te hou en duur staantye in kritieke plant- en oestye te voorkom.

Kobus Moolman (**foto**), B.E.D. se Agri Bearings-produkspesialis, sê betroubare meganiese onderdele is noodsaaklik om moderne landboubedrywighede produktief te hou.



FOTO: VERSKAF

"In die landbou is staantyd eenvoudig nie 'n opsie nie."

Die toestande waaronder moderne landbou-werktuie moet werk, is uiters veeleisend. 'n Draaiende onderdeel wat ingee, kan 'n hele werktuig beskadig en die bedrywighede tot stilstand dwing. Omdat toerusting, soos stropers, miljoene rande kos, is dit sinvol om nie draaiende of enige ander onderdeel van 'n swakker gehalte te gebruik nie.

B.E.D. ondersteun boere met betroubare en geïntegreerde produkoplossings, soos laers, kettings, rollers, smeermiddels en ander aandrywingsonderdele.

"Boere bespaar tyd deur al die nodige onderdele by een betroubare verskaffer te kry."

Die maatskappy werk ook nou saam met toerustinggebruikers om instandhoudings- en vervangingsbehoeftes 'n jaar vooruit te beplan.

B.E.D. sal hierdie oplossings op die Nampo-oesdag demonstreer. Moolman sal die landbouprodukte en tegnologie – insluitend draaiende en ander onderdele – self binne en buite die maatskappy se stalletjies aan boere demonstreer. Dit sal boere die geleentheid gee om vrae te stel, die toerusting in aksie te sien en onmiddellik raad te kry oor instandhouding en die optimale gebruik van die werktuie.

"Die Nampo-oesdag gaan vir B.E.D. oor direkte kontak met boere en die geleentheid om persoonlik oplossings aan te bied," sê Moolman. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.bolteng.co.za**






Die MS 363-petrolkettingsaag is een van die drie kraggereedskapstukke in STIHL se gereedskapspakket wat 'n boer se lewe aansienlik makliker kan maak. *FOTO: VERSKAF*

# 'Driemanskap' van STIHL vir harde arbeid

'n Boer het heelparty gereedskapstukke nodig op sy plaas om sy take te verrig. STIHL, vervaardiger van kragtoerusting, plaas op vanjaar se Nampo-oesdag die klem op 'n kragtige waterpomp, 'n kettingsaag en 'n petrolenjin, wat ideaal is om take in die landboubedryf te vergemaklik.

STIHL bied gereedskap om enige probleem op jou plaas te takel. Gevolglik het hierdie vervaardiger en verspreider van kragtoerusting drie hoëprestasie-gereedskapstukke in 'n landboupakket saamgevoeg. Dié toerusting is gebou volgens die uitstekende standaarde wat 'n mens van STIHL verwag.

Die sogenoemde driemanskap is kragtige toerusting, maar dit is lig en met die oog op gebruiksgemak en eenvoudige onderhoud ontwerp.

Hierdie drie gereedskapstukke help die boer om slimmer te werk en sodoende die produktiwiteit op sy plaas te verhoog.

## STIHL WP 600-waterpomp

Met 'n maksimum uitset van 1 050 liter per minuut lewer die STIHL WP 600-waterpomp doeltreffende en betroubare verplasing van water – of jy nou water uit riviere, damme, putte of reservoirs onttrek of van ongewenste wateropbou ontslae wil raak. Met 'n suighoogte van tot 7 m en 'n vermoë om water boontoe tot op 'n hoogte van 31 m te voer, bied dit 'n betroubare oplossing vir 'n wye reeks landboubehoeftes.

## STIHL MS 363-petrolkettingsaag

As jy baie snywerk op jou plaas moet doen, is die STIHL MS 363-petrolkettingsaag die ideale gereedskapstuk. Dit is sterk, duursaam en volgens professionele standaarde vervaardig. Die saag is geskik vir landbou- en bosbougebruike, insluitend die afsaag van bome met 'n mediumdeursnit. Dit kombineer hoë wringkrag, uitstekende versnelling, sterk snyvermoë, lae brandstofverbruik en die beste krag-tot-gewig-verhouding in die 60 cc-klas. Sy kompakte ontwerp maak dit baie hanteerbaar en ideaal vir snoeiwerk.

Danksy STIHL se ElastoStart-stelsel, wat spanning tydens aanskakeling verminder, word dit moeiteloos aangeskakel.

Die enkelhefboombeheerstelsel stel jou in staat om koue aanskakeling, warm aanskakeling, werking en afskakeling maklik te bestuur – terwyl jou regterhand deurentyd veilig op die handvatsel bly.

'n Lugfilter verleng die tye voordat instandhouding nodig is en verminder staantyd en koste.

Bykomende kenmerke, soos die antivibrasiestelsel, beperk moegheid by die operateur, terwyl die kettingspanning wat aan die kant gemonteer is, asook verbeterde ergonomie veiligheid, gemak en beheer verbeter wanneer die saag gebruik word.

## STIHL EHC 905 S-petrolenjin

Die laaste lid van STIHL se driemanskap in sy landboupakket is die STIHL EHC 905 S met 'n vierslag-petrolenjin. Dit is 'n kragtige, vaste installasie wat vir 'n verskeidenheid toepassings in die landbou en boubedryf ontwerp is. Dit is gebou as 'n duursame kragsentrum en dit kan verskillende toerusting aandryf via sy 25,4 mm (1") gesmede as.

Met 'n uitset van tot 6,6 kW (9 pk) en 'n 6,5 liter-brandstoftenk lewer dit volgehoue werkverrigting oor lang tye.

Die EHC 905 S is gebou vir betroubaarheid en beskik oor 'n vogbeskermde vonkprop vir gebruik in gure weerstoestande. 'n Deurlopend verstelbare brandstofkraan vir maklike beheer en 'n beskermende uitlaat-skild dra hiertoe by.

'n Ingeboude lae-olie-sensor skakel die enjin outomaties af wanneer dit nodig is en help om skade te voorkom en die lewensduur daarvan te verleng.

Saam vorm hierdie drie gereedskapstukke 'n kragtige, betroubare pakket, wat ontwerp en vervaardig is om die eise van die moderne landbou doeltreffend en met gemak te kan hanteer. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.stihl.co.za**




STIHL

100 YEARS

# DIE NUWE KRAGTRIO VIR DIE LANDBOUBEDRYF.

By STIHL sal jy die regte stuk gereedskap vind om enige uitdaging in jou veld aan te pak. Die nuwe landbou-kragpakket bring drie stukke hoëprestasie-gereedskap bymekaar, gebou volgens die premium standaarde wat jy van STIHL verwag. Hierdie professionele trio is liggewig maar kragtig, ontwerp vir gemak, maklike werking en eenvoudige instandhouding – wat jou help om slimmer te werk en produktiwiteit elke dag te verhoog.

**DIE REEKS SLUIT IN:**



**STIHL EHC 905 S**
STASIONÊRE ENJIN

'n Kompakte en veelsydige 6.6 kW- (9 pk) werkesel, ontwerp om 'n wye reeks veeleisende take te hanteer, met 'n 6.5 l-tenk en 'n duursame 1"- gesmede dryfas vir hoër wringkrag.



**STIHL WP 600**
PETROLWATERPOMP

Verskaf doeltreffende en effektiewe vervoer van groot volumes water, met 'n suighoogte van tot 7 meter en 'n maksimum uitset van 1,050 liter/min.



**STIHL MS 363**
PETROLKETTINGSAAG

'n Robuuste, professionele stuk gereedskap met 'n kompakte ontwerp, gekombineer met hoë wringkrag, uitstekende versnelling en die beste krag-tot-gewig-verhouding in die 60 cc-klas!

**VIND ONS BY NAMPO 2026**

Besoek ons by standplaas H1 by NAMPO 2026 en vier ons 100-jaar nalatenskap waar ons professionele persone bemagtig. Ervaar ons reeks professionele gereedskap wat ontwerp is om jou bedrywighede te versterk, terwyl jy interaktiewe produkdemonstrasies geniet. Praat met ons kundiges, sien die gereedskap in aksie en ontdek waarom STIHL die eerste keuse bly vir diegene wat die grond bewerk.

**STIHL VIR DIE LEWE.**
DUITSE INGENIEURSWESE SEDERT 1926.

# Munte kan jou finansieel beskerm

**Deur in goue Krugerrande te belê, kan 'n boer homself in 'n kits toegang tot kontantvloei gee indien dit nodig is.**

Munte is altyd beskikbaar en bied aan boere en mense in die landbousektor die geleentheid om hulself te beskerm deur 'n anonieme bate fisiek te besit.

Randburg Munt is in 1980 gestig en dryf sedertdien heeltyds handel in munte vanaf 'n veilige kantoorpark in Randburg, Gauteng.

Randburg Munt koop en verkoop daagliks Krugerrande wat uit goud bestaan. Die prys word gegrond op die dollarprys van goud en die dollarwisselkoers van die rand.

Krugerrande is in vier verskillende groottes beskikbaar – 1 ons, ½ ons, ¼ ons en 1/10 ons – om verskillende prysvlakke tevrede te stel.

Krugerrande is maklik om te verkoop. Die betaling word deur 'n onmiddellike oorplasing gedoen. Jy het dus dadelik kontantvloei wanneer jy een wil verkoop vir 'n nuwe projek.



Randburg Munt koop en verkoop daagliks goue Krugerrande. *FOTO: GETTY IMAGES*

Randburg Munt bied ook 'n verskeidenheid versamelaarsmunte aan. Daar is onder meer munte van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek.

Silwer is ook in verskillende vorms beskikbaar. Daar is byvoorbeeld 'n silwer-Krugerrand beskikbaar, asook wêreld- en herdenkingsmunte, en 1 kg-stawe. Alles is 999-suiwer silwer.

Silwer word gewoonlik langer deur eienaars gehou omdat daar BTW op silwer betaalbaar is. Daar is wel tans 'n groot aanvraag vir silwer omdat dit in nywerheidsprodukte en sonpanele gebruik word.

Heelwat mense het ou goue juwele wat hulle nie meer dra nie. Daarom bied Randburg Munt mededingende pryse vir die aankoop daarvan.

Alle transaksies word vertroulik hanteer in die veiligheid en privaatheid van sy kantore.

Randburg Munt kan ook koeriers reël om die goedere op te laai teen sy eie versekering.

Belangstellendes kan inteken op Randburg Munt se weeklikse e-posse wat gratis uitgestuur word. Daarin word verskillende aanbiedinge uiteengesit. Die adres is **coins@randcoin.co.za**.

Randburg Munt het twee jaar gelede 'n veilingsmaatskappy gestig, naamlik Vintage Collector Auctions, wat elke Dinsdag van 101 tot 201 versamelaarstukke en munte op 'n veiling aanbied.

Die Vintage Collector Auctions-toepassing kan gratis afgelaai word op die webblad: **www.vintageauctions.co.za** **LBW**

NAVRAE: Web: **www.randcoin.co.za**; e-pos: **reception@randcoin.co.za**

RANDBURG MUNT
GESTIG 1980
Gebou 10 Netwater Place 252 Oak Laan Ferndale Randburg Gauteng
Tel: + 27 (0)11 789 2260 of + 27 (0)11 886 7594
epos: coin@randcoin.co.za

Webwerf - www.randcoin.co.za
ONS VERKOOP PRYSE IS REDELIK
ONS AANKOOP PRYSE IS BILLIK
GOUD EN SILWER KRUGERRANDE
DAAGLIKSE KOERSE • KOMPETERENDE PRYSE




ONS KOOP GOUD SILWER EN JUWELIERSWARE




# Uithouvermoë vir elke seisoen.

Vertrou Castrol om jou aan die gang te hou. Opwaarts en voorwaarts! Ons landbou reeks bied beskerming waarop jou enjin kan staatmaak.




**SKANDEER QR KODE**

Vir meer inligting, besoek: www.castrol.co.za




Indrukwekkende krag en gemak. Werk, avontuur en lang afstande word makliker wanneer krag, luuksheid en tegnologie saamwerk. Die Ford Everest Platinum is ontwerp om jou met selfvertroue elke roete te laat aanpak. *FOTO: FORD*

**Spesifikasies van die Ford Everest Platinum**

- V6-turbo-dieselenjin van 3,0 liter met 10-gang-outomatiese ratkas en permanente vierwielaandrywing.
- 21"-allooivellings en Pro Trailer-bystandshulp.
- Premie-leersitplekke, Bang & Olufsen-klankstelsel.
- Dubbelpaneel- elektriese sondak.

# Plaaspad of teerpad, elke rit is 'n hoogtepunt

Vir diegene wat buite die stadsgrense woon, is werkverrigting nie opsioneel nie, maar noodsaaklik – en daarvoor sorg die Ford Everest Platinum.

Die Ford Everest Platinum is ontwerp vir elke rit, of dit nou op grondpaaie, 'n langafstand-avontuur of die sleep van toerusting is.

Die kern is Ford se kragtige V6-turbo-dieselenjin van 3,0 liter, gekoppel aan 'n 10-gang-outomatiese ratkas en vierwielaandrywing.

Hierdie gevorderde kragbron lewer gladde werkverrigting oor veranderende terrein en bied die traksie en stabiliteit wat vir onvoorspelbare plaastoestande nodig is.

Van modderspore en sinkplaatpaaie tot lang ente teer – die Everest Platinum is ontwerp om jou met vertroue aan die beweeg te hou, ongeag die toestande.

## Sleep met selfvertroue

Vir baie boere en landbou-sakelui is sleepwerk deel van hul daaglikse lewe. Van sleepwaens met vee of landboutoerusting tot bote of woonwaens – die Everest Platinum maak die sleep daarvan makliker en sorg dat jy meer beheer het.

Pro Trailer-rugsteunhulp stel die bestuurder in staat om agteruit met 'n sleepwa te ry deur intuïtiewe kontroles te gebruik, wat onsekerheid verminder en presisie verhoog. Ingewikkelde bewegings het nou eenvoudig en voorspelbaar geword sodat jy op die taak kan konsentreer.

## Gemak en gerief agter die stuurwiel

Ná 'n lang dag in die buitelug is gemak nie 'n luukse nie, maar eerder 'n beloning. Binne die voertuig bied die Everest Platinum se leersitplekke uitsonderlike gemak en ondersteuning vir lang ritte, terwyl die Bang & Olufsen-klankstelsel uitstekende klank deur die binneruim lewer.

Of jy tussen eiendomme reis, stad toe gaan of die gesin op 'n naweekuitstappie neem, die binneruim is ontwerp vir 'n ontspanne, gerieflike rit wat moeiteloos luuks voel.

## Die blou lug bo met dubbelpaneel-sondak

Die dubbelpaneel- elektriese sondak sorg vir natuurlike lig in die binneruim en skep 'n ruim, oop atmosfeer wat die rit verbeter. Geniet die warmte en helderheid van die Suid-Afrikaanse son, of jy oor oop landbougrond of op die snelweg ry.

Hierdie kenmerk is ontwerp om elke oomblik agter die stuurwiel onvergeetlik te maak.

## Krag en afwerkings wat oral indruk maak

Met kenmerkende Platinum-detail en 21"-allooivellings maak die Everest Platinum oral 'n groot indruk. Sy SUV-ontwerp weerspieël sy vermoëns, terwyl die skoon afwerkings sy premie-posisionering onderstreep. Dit is 'n sportnutsvoertuig (SUV) wat luuks lyk, maar gereed bly vir veeleisende terrein en steeds veranderende werksomstandighede – 'n ware balans van vorm en funksie.

Everest Platinum gaan oor meer as om van punt A tot by punt B te kom. Dit gaan daaroor om die alledaagse lewe te verbeter, lang afstande korter te laat voel, moeilike terrein hanteerbaar te maak en die ure agter die stuurwiel te laat voel soos tyd wat goed bestee is. Ná 'n dag se werk in die landerye bied dit 'n vlak van krag en gemak wat moeilik geëwenaar sal kan word.

As jy gereed is om te ervaar wat dit beteken om "op 'n hoogtepunt te leef", besoek jou naaste Ford-handelaar om die Everest Platinum en sy uitsonderlike bestuursvermoëns en gemak te beleef. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.ford.co.za**

# SKOONHEID IN DIE ONDIER

Kleiner enjin. Sterker trekkrag. Die Ford Ranger Sport en Ford Ranger Wildtrak neem brandstofbesparende kraglewering tot 'n ander vlak met die nuwe 2.3 l-EcoBoost-petrolenjin. Hierdie twee robuuste voertuie is gebou vir meer met 222 kW en 452 Nm. Hierdie slanker en sterker masjiene is brandstofbesparend met 'n verbruik van 9,3 l/100 km, en vir daardie oomblikke wat 'n ietsie ekstra vereis, is hulle toegerus met 'n 240-kragomsetter en sonebeligting.







READY
SET

# Hilux mik vir wêreldrekord op die Nampo-oesdag

**Toyota Suid-Afrika wil 'n wêreldrekord op die Nampo-oesdag breek waar duisende Hilux-eienaars gaan saamtrek om die negende generasie van dié bakkie te vier.**

Van grondpaaie tot plaashekke en van werkspersele tot gesinsritte – min voertuie het sulke diep spore in Suid-Afrika getrap soos die Toyota Hilux. Nou wil Toyota Suid-Afrika Motors (TSAM) dié nalatenskap op 'n unieke manier vier deur nie net 'n nuwe generasie van dié staatmaker bekend te stel nie, maar ook geskiedenis te maak.

TSAM wil 'n Guinness-wêreldrekord vir die meeste Hilux-bakkies op een plek breek as deel van die viering van die splinternuwe negende-generasie-Hilux. Die bestaande rekord van 1 440 Hilux-bakkies is in 2025 in Nieu-Seeland opgestel. Die geleentheid vind op Woensdag 13 Mei 2026 tydens die Nampo-oesdag op Nampo-park by Bothaville plaas en beloof om een van die hoogtepunte op die landboukalender te wees.

Die rekordpoging sal in die suidelike parkeerterrein naby hek 1 aangebied word en is spesifiek daarop gemik om Hilux-eienaars van oor Suid-Afrika heen bymekaar te bring.

Volgens TSAM is die doel nie net om 'n amptelike wêreldrekord op te stel nie, maar ook om die unieke band tussen die Hilux en sy eienaars te vier – 'n band wat oor dekades opgebou is.

Vir baie produsente is die Hilux lankal meer as net 'n voertuig. Dit is 'n betroubare vennoot en dikwels 'n integrale deel van die boerdery se daaglikse werking. Juis daarom speel dié bakkie 'n sleutelrol in die landboubedryf, waar robuustheid en betroubaarheid nie onderhandelbaar is nie.

## Almal welkom

Hilux-eienaars van alle modelle en generasies word genooi om deel te neem. Of dit nou 'n ou staatmaker is wat al jare op die plaas diens doen of 'n splinternuwe model – elke Hilux het 'n plek by hierdie geleentheid.

Deelname is oop vir die publiek en belangstellendes kan aanlyn registreer om hul plek te verseker en deel te wees van die aksie op die Nampo-oesdag.

Volgens Toyota is vroeë registrasie noodsaaklik, aangesien ruimte beperk is en belangstelling reeds hoog is. Die verwagting is dat hierdie geleentheid vinnig vol bespreek sal wees, gegewe die sterk aanhang wat die Hilux deur die jare opgebou het.

Om deelname verder aan te moedig, bied Toyota 'n aansienlike aansporing: Alle geregistreerde deelnemers wat aan die wêreldrekordpoging op die dag deelneem, word outomaties ingeskryf vir 'n trekking om 'n nuwe Hilux Xtra Cab te wen.

Dié model is nog nie eens amptelik bekend gestel nie, wat die prys des te meer gesog maak.

Benewens die rekordpoging sal die dag ook 'n feestelike karakter hê. Besoekers kan uitsien na lewendige vermaak, eksklusiewe geskenke en verskeie pryse wat op die dag gewen kan word. Die klem val sterk op 'n gesinsvriendelike atmosfeer, wat dit 'n aantreklike uitstappie vir die hele huishouding maak.

Met duisende Hilux-voertuie wat na verwagting op die Nampo-oesdag sal saamtrek, behoort die visuele impak alleen reeds indrukwekkend te wees. 'n See van bakkies – oud en nuut – sal nie net die wêreldrekordpoging ondersteun nie, maar ook dien as 'n kragtige bewys van die model se gewildheid en die lojaliteit van Suid-Afrikaanse gebruikers.

## Hilux-gemeenskap byeen

Die wêreldrekordpoging vorm deel van 'n breër strategie om die bekendstelling van die negende generasie Hilux op 'n onvergeetlike wyse te vier.

Dit beklemtoon nie net die tegnologiese vooruitgang van die nuwe model nie, maar ook die diepgewortelde verhouding tussen die voertuig en sy gebruikers.

Vir die landbougemeenskap is dit 'n geleentheid om op een van Suid-Afrika se grootste landboubyeenkomste saam te kom, stories uit te ruil en deel te wees van iets groters – 'n viering van 'n voertuig wat al dekades lank 'n betroubare metgesel op Suid-Afrikaanse plase is.

Bepalings en voorwaardes geld. Volledige besonderhede, registrasie-inligting en die jongste inligting is by **www.hiluxworldrecord.co.za** beskikbaar. **LBW**




'n See van Toyota Hilux-bakkies – oud én nuut – gaan op die Nampo-oesdag bymekaarkom in 'n unieke wêreldrekordpoging wat die ikoniese status en lojaliteit rondom dié staatmaker vier.
*FOTO: TOYOTA SA*




**Kom met jou Hilux NAMPO toe, help ons om 'n wêreldrekord te verbeter en staan die kans om die nuwe geslag Hilux Xtra Cab – wat nog bekendgestel moet word – te wen.**

Hilux-bestuurders kry op 13 Mei gratis toegang én spesiale parkering. Registreer by www.hiluxworldrecord.co.za vandag nog.

Dis nie 'n bakkie nie,
dis 'n Hilux-wêreldrekord

B's en v's geld.

# ISUZU se FVR 900 kán hard werk

Boere wat 'n werklik betroubare werkesel-vragmotor op hul plaas wil hê, sal beïndruk wees met die krag en gemak van die FVR 900 van ISUZU.

Boere het nie tyd vir mooi brosjures en blink beloftes nie. Vir hulle is vragmotors nie versierings nie, maar werkesels. Die vragmotor moet elke oggend aanskakel, hard werk en kan aanhou totdat die vee gevoer en die laaste vragte van die land af is.

Daarom is die FVR 900 'n ware verborge juweel met sy 221 kW-krag en 980 Nm-wringkrag.

## Krag waar dit saak maak

Die nuwe FVR 900 het nie net 'n opkikkering gekry nie, dit is 'n behoorlike stap vorentoe vir boere met dié dat ISUZU die FVR 900 meer krag en wringkrag gegee het. Jy voel dit die oomblik wanneer jy met 'n vrag agterop wegtrek: Hy hét krag en dan laat waai hy.

Vir daardie boere wat wonder: "Maar kan hy 'n sleepwa trek?", is die antwoord 'n besliste ja. Die nuwe FVR 900 is meer as opgewasse vir die taak. Of jy 'n dubbelvrag-lusernbale sleep, vee vervoer of 'n graansleepwa in oestyd trek, hierdie vragmotor deins nie terug nie.

## Gemaak vir die plaas, nie net die snelweg

Boerderye in Suid-Afrika vervoer vrag nie net op gladde teer en oor maklike kilometers nie. Die paaie raak rof, die sand raak diep en die grondoppervlak kan ongenaakbaar wees. ISUZU besef dit.

Die FVR 900 beskik oor 'n onderstel en vering wat die slae kan verduur. Dit is nie 'n liggewig voertuig wat uitmekaarval ná 'n seisoen van sinkplaatpaaie ry nie.

Jy kan die veeldoelige bak aanpas volgens jou behoeftes – kante wat kan oopmaak, beesrelings of 'n platbak.

## Brandstof en rande, albei moet bespaar word

Diesel is een van die boer se grootste uitgawes en vragmotors kan jou insetkoste maak of breek. Die FVR 900 se verbeterde ryvermoë en slimmer ratverhouding beteken jy verbruik minder brandstof terwyl jy steeds meer vrag vervoer.

Dit is geld wat in jou sak bly. Voeg daarby minder staantyd en minder besoeke aan die werkswinkel, en skielik begin die totale eienaarskoste baie boerdery-vriendelik lyk.



Die vooraangesig van die nuwe FVR 900. *FOTO'S: VERSKAF*


ISUZU se FVR 900 gaan nie oor tierlantyntjies nie, maar oor die krag en trekvermoë wat hy die boer bied.

## Kajuit gebou vir lang dae

Bestuurders wat van sonsopkoms tot sononder in die kajuit sit, wil nie heeldag ongemaklik wees en aan die einde van die dag krom en styf uitklim nie.

Die FVR 900 se kajuit is ontwerp en gebou met die bestuurder in gedagte. Dit bied 'n gemaklike sitplek, goeie sigbaarheid en eenvoudige beheer. Dit is nie 'n luukse motor nie, maar dit hoef nie te wees nie. Dit is 'n werkvragmotor wat jou span wakker en veilig hou wanneer hulle onder druk werk.

## Rugsteun wanneer jy dit die nodigste het

Elke boer sê dieselfde: "As my vragmotor breek, het ek nóú hulp nodig, nie eers volgende week nie."

Omdat ISUZU se handelaarsnetwerk oor Suid-Afrika heen versprei is, beteken dit jy is nooit te ver van onderdele, diens of iemand wat werklik weet wat onder die enjinkap aangaan nie. Daardie gemoedsrus is net soveel werd soos die vragmotor self wanneer oestyd se sperdatums in jou nek blaas.

## Staatmaker onder strawwe plaastoestande

Die opgekikkerde ISUZU FVR 900 gaan nie oor tierlantyntjies nie. Dit gaan oor krag, om sleepwaens met selfvertroue te kan sleep, brandstofrekeninge te verminder en aan die gang te kan bly te midde van die strawwe toestande van die plaaslewe.

Dit is 'n vragmotor waarop jy kan staatmaak, ondersteun deur 'n handelaarsnetwerk wat verstaan dat staantyd nie 'n opsie is nie. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.isuzu.co.za**


#1
VIR
13 JAAR
IN MEDIUM EN SWAAR KOMMERSIELE VOERTUIE
TE DANKE AAN JOU
ISUZU
www.isuzu.co.za
ISUZU
With you, for the long run

# CNH Capital bied finansiering wat by jou onderneming pas

In 'n dinamiese landbou-omgewing is toegang tot finansiering wat aanpasbaar, betroubaar en gerieflik is, net so belangrik soos moderne werktuie. CNH Capital bied oplossings wat jou kontantvloei respekteer en jou in staat stel om jou boerdery of bou-onderneming doelgerig, vol vertroue en met die nodige gemoedsrus uit te brei.

CNH Capital is die finansieringsarm van wêreldbekende handelsmerke, soos CASE Construction, CASE IH, New Holland en New Holland Construction, en speel 'n kernrol binne die CNH Industrial-groep. Deur sy finansiële vennootskap met Wesbank, Suid-Afrika se grootste batefinansieringsinstelling, bied CNH Capital 'n toegewyde dienssentrum in Centurion, Gauteng. Die sentrum bestaan uit 'n span hoogs opgeleide finansiële kundiges wat kliënte deur die volledige proses van hul aansoek tot die ondertekening van die kontrakte begelei en verseker dat finansiering eenvoudig, gerieflik en deursigtig is.

"Ons vennootskap met Wesbank se landwye span bemarkers stel ons in staat om selfs plaasbesoeke te reël en 'n finansieringsoplossing aan jou te bied wat presies by jou onderneming pas. Dié kombinasie van internasionale handelsmerke, plaaslike kundigheid en toegewyde diens maak CNH Capital 'n waardevolle vennoot vir elke boer en boumaatskappy," sê Eddie Pelcher, CNH Capital se hoof van batefinansiering in Suider-Afrika.

## Aanpasbare finansiering

CNH Capital verstaan dat die kontantvloei van elke boerdery verskil. Finansiering moet by jou onderneming pas, nie andersom nie.

Die maatskappy bied bekostigbare deposito's, BTW-terugbetalings wat jou kontantvloei herstel, asook verskeie finansieringstermyne, aantreklike rentekoerspromosies en finansieringsfasiliteite wat tot 12 maande geldig is.

Voor enige finansieringsbesluit word kliënte aangemoedig om 'n gesprek met hul boekhouer te hê om die volle finansiële impak op hul boerdery te verstaan en seker te maak dat die keuse van werktuie en finansiering jou langtermyn-doelwitte ondersteun.

## Bekostigbare deposito's

'n Groot deposito kan jou beskikbare kontantvloei beperk en toekomstige uitbreidings belemmer.

CNH Capital se finansieringsopsies laat jou toe om jou kontant te beskerm, terselfdertyd jou beplande aankope te doen en 'n finansiële buffer te bou teen onverwagse terugslae, soos skielike brandstofprysstygings of onvoorsiene herstelkoste.

Dit help jou om jou onderneming volhoubaar te bestuur en jou risiko's te beperk.

## BTW-terugbetalings

By CNH Capital is dit nie 'n voorvereiste om ook jou BTW aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in die finansieringstransaksie terug te betaal nie. Dus kan jy besluit om jou BTW-terugbetaling te hou en die kontantvloei in jou onderneming vir enige verdere uitbreidings of onvoorsiene koste aan te vul. Byvoorbeeld, 'n werktuig van R1 miljoen met BTW van R150 000 kan 'n deposito van R230 000 vereis. Die moontlike BTW-terugbetaling van R150 000 kan in jou huidige kontantvloei teruggeplaas word, wat die oorspronklike kontantuitvloei van die R230 000-deposito weer met R150 000 kan aanvul en dus net 'n netto effek op die kontantvloei van R80 000 het.

## Finansieringstermyne en terugbetalingsdatums

CNH Capital bied termyne aan van 24 tot 60 maande en verskeie terugbetaaldatums – jaarliks, halfjaarliks, kwartaalliks of maandeliks – wat jou in staat stel om finansiering aan te pas by jou oes- en kontantvloeisiklus.

'n Langtermyn-opsie kan die maandelikse las verminder, terwyl die regte terugbetaaldatum verseker dat jy jou kontrak kan nakom sonder druk op jou beskikbare kontant. Deur jou terugbetaaldatum slim te kies, kan jy dit sinchroniseer met jou verwagte inkomste uit oeste, veeverkope of ander kontantvloei.

## Rentekoerspromosies

Saam met CNH Capital se handelsmerke bied hy spesiale rentekoerse aan, dikwels tot 4% minder as die prima uitleenkoers. CNH Industrial koop hierdie rente af, wat jou 'n kontrak teen 'n gunstiger koers bied en jou finansiële las verlig.

Dié promosies word voortdurend aangepas volgens die markkoers, wat jou kontrak in ooreenstemming hou met ekonomiese veranderinge en sodoende voorspelbaarheid en stabiliteit aan jou finansiële beplanning bied.

## Finansieringsfasiliteit

'n Finansieringsfasiliteit bied jou die gemoedsrus om werktuie, soos trekkers of stropers, te vervang volgens jou beplande siklus sonder dat jy dadelik ál die geld benodig.

Hierdie fasiliteite is tot 12 maande geldig en kan ooreenkomstig jou jongste finansiële state hersien word, wat voorsiening maak vir groei en die toepassing van nuwe tegnologie sonder dat dit 'n onnodige finansiële risiko inhou.

Dit beteken jy kan die nodige werktuie en toerusting op die regte tyd kry en terselfdertyd jou kontantvloei optimaal bestuur.

Met CNH Capital kry jy nie net toegang tot top-werktuie nie – jy kry 'n finansiële vennoot wat jou help om jou boerdery of bou-onderneming doelgerig te laat groei, met volle beheer oor jou kontantvloei, maksimum finansiële buigsaamheid en 'n span kundiges wat jou in elke stap van die proses ondersteun. **LBW**

NAVRAE: Web: **cnhcapital.com/en_za**

CNH | CAPITAL


STROPER & TAFELS
5150 REEKS | 6150 REEKS | 7150 REEKS
Kry tot Prima
-9.00%
50% Deposito
TERUGBETALING
2 Jaarlikse paaiemente met die 1ste paaiement 365 dae vanaf kontrakondertekening of 24 Maandelikse paaiemente met die 1ste Paaiement 30 dae vanaf kontrakondertekening
BTW gefinansier oor die volle termyn van die lening
20% Deposito
Kry tot Prima - 4.00%
TERUGBETALING
3 Jaarlikse paaiemente met die 1ste paaiement 365 dae vanaf kontrakondertekening of 36 maandelikse paaiemente met die 1ste paaiement 30 dae vanaf kontrakondertekening
BTW gefinansier oor die volle termyn van die lening
CNH CAPITAL
In samewerking met WesBank
WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank
'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer - en Geregistreerde Kredietverskaffer.
NCRCP20.
CASE

# Slimmer waterbestuur vir moderne boerdery

'n Boer wat die water op sy plaas doeltreffend en slim wil bestuur, kan nie bekostig om vanjaar verby JoJo se standplaas te loop nie. Dié verskaffer en vervaardiger van tenks en ander waterbestuurprodukte het nuwe oplossings beskikbaar.

Produkte wat nog nie tevore vertoon is nie, is vanjaar op JoJo-tenks se standplaas op die Nampo-oesdag by Bothaville te sien. Dit sluit in pasgemaakte oplossings, werkende uitstallings, demonstrasies, asook 'n verkoopsafdeling waar besoekers produkte teen promosiepryse kan aankoop.

Dié aanbiedinge is eksklusief beskikbaar op JoJo se standplaas (solank voorraad hou) en sal ook in Mei in sy aanlyn winkel te kry wees deur die koeponkode **JOJONAMPO26** te gebruik.

## Doeltreffende waterbestuur

Een van JoJo-tenks se nuutste toevoegings waaroor sy span besonder opgewonde is, is die JoJo Remote Tank Pump Controller – 'n slim oplossing wat ontwerp is om waterbestuur op plase eenvoudiger en doeltreffender te maak.

Water is een van die belangrikste hulpbronne op enige plaas, maar om dit oor groot afstande te bestuur, kan kopkrap verg. Of dit nou 'n boorgat ver van die opstal of 'n opgaartenk in 'n afgeleë landery is, die beheer van pompe met die hand verg tyd, brandstof en moeite.

Die Remote Tank Pump Controller bied 'n gerieflike manier om watervlakke op 'n afstand te monitor en pompe outomaties te beheer.

Die stelsel bestaan uit 'n sonkragaangedrewe sender met watervlaksensors wat op die tenk geïnstalleer word, asook 'n ontvanger met 'n LED-skerm wat aan die pomp gekoppel word. Met 'n koordlose reikafstand van tot 4 km (lyn van sig) kan boere hul pompe bestuur sonder om fisiek teenwoordig te wees.

Dit beteken minder onnodige ritte en meer tyd om aan ander belangrike take aandag te gee.

## Outomatiese beheer, minder risiko

Die stelsel maak dit moontlik om pompe op grond van watervlakke outomaties aan en af te skakel. Wanneer die vlak laag is, skakel die pomp aan en wanneer die tenk vol is, skakel dit af. Dit help om watervermorsing te voorkom en verseker dat die watervlak van die tenks altyd op die regte vlak bly.

Daarbenewens bied die stelsel belangrike veiligheidskenmerke, soos droëloopbeskerming en gedwonge afskakeling, wat help om duur pompskade te voorkom.

## Betroubaar en gebou vir plaasomstandighede

Die sender is sonkragaangedrewe en word deur 'n litiumbattery gerugsteun. Dit maak die toestel ideaal vir afgeleë gebiede wat nie toegang tot elektrisiteit het nie. Die ontvanger wys die watervlak duidelik op 'n LED-skerm, wat jou vinnig insig en gemoedsrus gee.

Die toestel is geskik vir gebruik by hupstootpompe, boorgatpompe en solenoïedkleppe. Twee ontvangeropsies is ook beskikbaar – een vir elektriese wisselstroompompe en een vir gelykstroomsonkragpompe. Dit maak die toestel 'n veelsydige oplossing vir verskillende plaasopstellings.

## Minder moeite, meer beheer

Vir boere wat streef na 'n "stel-en-vergeet"-oplossing, bied hierdie tegnologie presies dít. Deur waterbestuur te outomatiseer en van 'n afstand te beheer, word die bedrywighede vereenvoudig, koste verlaag en doeltreffendheid verbeter.

## Sien jou op Nampo

Kom besoek JoJo se standplaas, C1A, op die Nampo-oesdag om die Remote Tank Pump Controller en volledige reeks produkte self te ervaar – insluitend demonstrasies en eksklusiewe promosies. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.jojo.co.za**




JoJo se Remote Tank Pump Controller monitor watervlakke en beheer pompe outomaties oor 'n afstand. Die stelsel bestaan uit 'n sonkragaangedrewe sender met watervlaksensors wat op die tenk geïnstalleer word, asook 'n ontvanger met 'n LED-skerm wat aan die pomp gekoppel word.

# NAMPO 2026 *Aanbiedinge*

JoJo
FOR WATER FOR LIFE

## Spaar op geselekteerde produkte met ons eksklusiewe NAMPO-pryse!

Besoek JoJo by **staanplek C1A** vir promosiepryse op kwaliteit wateroplossings, of gebruik ons **koeponkode** en geniet dieselfde waarde aanlyn gedurende Mei.



### Tank Fill Valves

20mm
**Standaard Prys: R1,331**
**NAMPO Prys: R1,180**

40mm
**Standaard Prys: R1,844**
**NAMPO Prys: R1,550**



### IoT Tank Level

Monitor jou tenk se watervlak en verbruik.

**Standaard Prys: R4,999**
**NAMPO Prys: R3,999**



### IoT Water Meter

Monitor watergebruik, en spoor lekkasies op.

**Standaard Prys: R3,499**
**NAMPO Prys: R2,849**




### Remote Tank Pump Controller

'n Draadlose pompbeheerder met 'n son-krag-aangedrewe vlak sensor vir afstandbeheer van jou pomp.

**Standaard Prys: R3,999 | NAMPO Prys: R3,399**



### 20L Beverage Tank

Berg en bedien verfris-sings met gemak.

**Standaard Prys: R292**
**NAMPO Prys: R169**



### 3-in-1 Disruptor Filter Bottle

Suiwer water van enige bron, waar jy ook al is.

**Standaard Prys: R199**
**NAMPO Prys: R121**



### Mechanical Tank Level Indicator

Betroubare monitering, geen elektronika nodig.

**Standaard Prys: R615**
**NAMPO Prys: R549**



### 0.75kW Smart Pump



### 1.1kW Smart Pump

Stiller. Meer doeltreffend. Gebou om beter te presteer.

0.75kW: **Standaard Prys: R6,999**
**NAMPO Prys: R6,499**

1.1kW: **Standaard Prys: R9,999**
**NAMPO Prys: R9,799**




### Standard Savings Tank




### Mini Savings Tank




### Slimline Savings Tank

Maak elke rand tel met 'n prettige, unieke tenk-vormige spaarbussie.

Standard: **Standaard Prys: R222**
**NAMPO Prys: R135**

Mini: **Standaard Prys: R130**
**NAMPO Prys: R110**

Slimline: **Standaard Prys: R130**
**NAMPO Prys: R110**

**Koop direk by ons standplaas**

**Groot afslag op geselekteerde produkte**

**Beperkte voorraad beskikbaar**

### Verkies jy om aanlyn te koop?

Gebruik ons koeponkode en kry dieselfde spesiale pryse op www.jojo.co.za gedurende Mei: **JOJONAMPO26**

Pryse sluit BTW in. Ts & Cs geld

# Bly in hoogste rat met beste smeermiddels

Skoon smeermiddels en slimmer oplossings is die onsigbare krag agter volhoubare boerdery.

In die moderne landbou is dit nie net die toerusting wat prestasie bepaal nie – dit is wat binne-in gebeur wat die verskil maak. Skoon smeermiddels en gehalte-diesel speel 'n deurslaggewende rol in die werkverrigting, betroubaarheid en gebruiksduur van swaardiens-toerusting. Selfs geringe besoedeling kan lei tot verhoogde slytasie, hoër brandstofverbruik en uiteindelik duur staantyd.

Navorsing toon dat 'n groot persentasie van probleme met toerusting regstreeks verband hou met besoedeling in smeermiddels. Stof, water, bymiddels van swak gehalte en ander onsuiwerhede versnel die slytasie van onderdele en verminder doeltreffendheid. Vir produsente beteken dit verhoogde onderhoudskoste en verlore produktiwiteit – veral tydens belangrike produksietye.

Vanuit 'n omgewingsperspektief word die rol van smeermiddels en brandstof al hoe belangriker. Doeltreffende verbranding en gevorderde smeermiddeltegnologie dra by tot minder uitlaatgasse en verbeterde brandstofdoeltreffendheid. In 'n tyd waar volhoubare boerdery toenemend onder die loep is, help die regte produkte produsente om hul omgewingsimpak te verminder sonder om op prestasie in te boet.

"Dit is juis hier waar Shell se klem op die toekoms 'n verskil maak," sê Riaan van der Walt, senior sake-ontwikkelingsbestuurder van Shell Downstream Suid-Afrika.

"As deel van sy wêreldwye strategie spits Shell hom toe op die energie-oorgang en oplossings wat uitlaatgasse verminder. Dit help produsente om volhoubaarder te boer. Hierdie benadering sluit produkte en oplossings in wat help om brandstofverbruik te optimaliseer, uitlaatgasse te verminder en toerusting doeltreffender te laat funksioneer."

Terselfdertyd stel Shell kliëntgerigte oplossings hoog op prys. Dit beteken praktiese ondersteuning, tegniese advies en oplossings wat vir spesifieke toerusting en werksomstandighede aangepas is. Deur datagedrewe insigte en kundigheid te kombineer, help Shell produsente om beter besluite te neem, onderhoud te optimaliseer en staantyd te beperk.

Shell se 19 jaar agtereenvolgens as die wêreld se voorste verskaffer van smeermiddels dien as bewys van die maatskappy se vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas. Hierdie prestasie is gegrond op voortdurende innovasie, navorsing en die lewering van praktiese smeermiddeloplossings en gehalteprodukte wat werklik in die veld werk.

## Besoek Shell op Nampo

Shell bring hierdie kernpunte vanjaar regstreeks na produsente op Nampo. Besoekers kan 'n meer toegespitste en professionele uitstalling verwag waar praktiese oplossings en betekenisvolle gesprekke sentraal staan. Die doel is om produsente te help om hul bedrywighede te optimaliseer en voor te berei vir die uitdagings van die toekoms.

Shell bied insigte wat onmiddellik toegepas kan word – van die keuse van die regte smeermiddel tot die verbetering van onderhoudsprogramme en brandstofbestuur. Hierdie oplossings help om toerusting se gebruikstyd te verleng, werkverrigting te verbeter en koste te beheer – alles noodsaaklike faktore in 'n mededingende landbou-omgewing.

"Nampo bly een van die belangrikste platforms waar produsente toegang kry tot nuwe tegnologie en vennootskappe. Shell se teenwoordigheid bevestig sy rol as 'n betroubare vennoot wat saam met produsente werk om volhoubare, doeltreffende en toekomsgerigte boerdery moontlik te maak," sê Riaan.

Shell het onlangs die bio-oplosbare reeks Panolin-produkte, wat in die toekoms 'n ál groter rol in die smeermiddelbedryf gaan speel, bekend gestel. "Die Shell Panolin-reeks bied 'n regstreekse verbintenis tot en ekwivalent van ons konvensionele mineraal- en sintetiese portefeulje."

Besoek Shell by standplaas A27 en ervaar hoe praktiese oplossings, tegniese kundigheid en 'n klem op die toekoms jou besigheid kan help om aan te hou beweeg. **LBW**



**Die regte smeermiddel verleng toerusting se gebruikstyd, verbeter werkverrigting en bevorder kostedoeltreffendheid.**

*FOTO: GETTY IMAGES*



# Die reis van grond tot op jou bord

## Gebou met sorg. Aangedryf met presisie. Gelewer met trots.

Boerdery is meer as net die groei van gewasse. Dit is ’n reis. Van grondvoorbereiding tot plant, van oes tot aflewering, elke tree is afhanklik van betroubare werkverrigting. Shell Smeeroplossings werk diep binne-in jou enjin om te beskerm wat die meeste saak maak, terwyl Shell FuelSave Diesel jou masjiene doeltreffend laat werk in die veld. Hier begin sterker oeste en hier vind kwaliteit die pad na jou bord.

### Beskerming

Wat jou oupa se masjinerie beskerm, beskerm vandag joune. Shell Smeeroplossings werk diep binne-in jou enjin om slytasie te verminder en jou nalatenskap te beskerm.

### Krag

Die krag waarop jou oupa vertrou het om die seisoen te begin, dryf vandag steeds joune. Met Shell FuelSave Diesel kry jy doeltreffende werkverrigting wat jou nalatenskap vorentoe neem.

### Produktiwiteit

Jou oupa het die land sonder ophou bewerk. Shell help jou om dieselfde te doen, met betroubare werkverrigting wat jou nalatenskap laat groei.

### Vennootskap

Jou oupa het Shell vertrou. Vandag staan ons by jou. 'n Vennoot wat jou nalatenskap beskerm en laat groei, seisoen na seisoen.

Jou oupa het dit begin. Jy dra dit vorentoe.

**Besoek ons by NAMPO, 12–15 Mei, om meer uit te vind.**

SHELL LUBRICANT SOLUTIONS

Shell FuelSave Diesel

# Tata dryf landbou vorentoe in Suider-Afrika

Van die eerste meter in die landery tot by die laaste kilometer op die pad speel Tata Motors, deur sy verspreider Tata Africa, 'n toenemend belangrike rol om boere en landboubesighede met betroubare vervoeroplossings te ondersteun.

In 'n landboubedryf wat vinnig verander, is doeltreffendheid, betroubaarheid en aanpasbaarheid nie meer luukshede nie, maar noodsaaklikhede. Boere en belanghebbendes in die waardeketting moet elke dag struikelblokke trotseer – van wisselende terrein en lang afstande tot streng tydsraamwerke om produkte betyds by markte te kry.

Teen hierdie agtergrond raak geïntegreerde vervoeroplossings al hoe belangriker om produktiwiteit te verseker en mededingend te bly. Van insette wat betyds op die plaas moet aankom tot vars produkte wat vinnig en veilig hul bestemming moet bereik – vervoer vorm die ruggraat van die moderne landbou.

Sonder betroubare logistiek stagneer selfs die beste produksiepraktyke. Dit is juis hiertoe dat Tata Motors, deur sy verspreider, Tata Africa, 'n betekenisvolle bydrae lewer.

Met 'n groeiende teenwoordigheid in Suider-Afrika het Tata Africa 'n uitgebreide netwerk handelaars gevestig. Hierdie netwerk strek oor die die hele Suid-Afrika, asook na buurlande, soos Botswana, Namibië en Eswatini. Vir boere beteken dit meer as net toegang tot voertuie. Dit verseker ook dat naverkoopdiens en tegniese ondersteuning altyd binne bereik is, ongeag waar hul bedrywighede plaasvind.

Die kern van Tata se aanbod lê in sy veelsydige reeks kommersiële voertuie. Hierdie reeks dek die volle spektrum van landboubehoeftes: van ligte vragmotors wat ideaal is vir vinnige vervoer op die plaas tot medium- en swaardiensvoertuie wat groot volumes oor lang afstande kan vervoer.



Die Tata Ultra T.14 is gebou vir harde werk in strawwe toestande en is 'n betroubare vennoot wat groot vragte met gemak vervoer, of dit nou van die land na die skuur of van die plaas na die mark is. *FOTO: TATA*

Of dit nou gaan oor die vervoer van kunsmis en saad na die landerye, die vervoer van oeste na opbergingsaanlegte of die aflewering van produkte by markte – die regte voertuig maak 'n meetbare verskil.

## Gebou om te hou

'n Sleutelkenmerk van hierdie reeks voertuie is die klem op duursaamheid en werkverrigting. Landbou-omgewings stel unieke eise. Ongelyke grondpaaie, swaar vragte en onvoorspelbare weerstoestande is deel van die daaglikse werklikheid. Voertuie moet dus nie net betroubaar wees nie, maar moet ook ontwerp wees om deurlopend onder druk te presteer.

Tata se benadering is om voertuie te bou wat hierdie strawwe toestande te bowe kan kom sonder om doeltreffendheid in te boet.

Een van die puik aanbiedinge is die Tata Ultra-reeks – 'n nuwe geslag voertuie wat spesifiek ontwikkel is vir logistiek, nutsgebruik en vlootbedrywighede. Die Ultra-platform is ontwerp met veelsydigheid in gedagte en bied verskeie toepassings binne een geïntegreerde stelsel. Dit maak dit veral geskik vir landboubedrywighede, waar behoeftes dikwels verander na gelang van die seisoen of produksiesiklus.

Die modelle in die reeks is die Ultra T.7, T.9, T.12 en T.14. Elke model is ontwikkel met spesifieke bedryfsvereistes in gedagte. Hierdie modelle bied 'n balans tussen vragdravermoëns, brandstofdoeltreffendheid en bestuurdersgerief – alles faktore wat 'n regstreekse invloed het op die totale koste van besit en die algehele produktiwiteit van 'n onderneming.

Wat Tata Africa onderskei, is egter nie net die voertuie self nie, maar die omvattende ondersteuning van kliënte. In die landbou is staantyd duur. Elke uur wat 'n voertuig buite werking is, kan lei tot verlore inkomste of logistieke knelpunte. Daarom is 'n sterk naverkoopdiensnetwerk baie belangrik. Deur volgehoue diens, die beskikbaarheid van onderdele en tegniese kundigheid help Tata Africa om hierdie risiko's te beperk en boerderye aan die gang te hou.

## Vervoer strategies belangrik vir boerderye

Namate die landbousektor verder moderniseer, word geïntegreerde oplossings – waar toerusting, tegnologie en logistiek saamwerk – al hoe belangriker. Vervoer is nie meer bloot 'n ondersteunende funksie nie, maar 'n strategiese komponent van suksesvolle boerdery. Van die landery tot by die mark, en elke kilometer tussenin, speel betroubare voertuie 'n deurslaggewende rol in die voedselwaardeketting.

Deur sy vennootskap met Tata Motors bly Tata Africa daarop toegespits om oplossings te bied wat saam met die landboubedryf groei, en om die mense wat die nasie voed, te ondersteun met toerusting wat net so hard soos hulle werk. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.tata.co.za**

TATA MOTORS
COMMERCIAL VEHICLES
TATA AFRICA
A DISTRIBUTOR OF TMCV

TATA



# ONGEËWENAARDE BRANDSTOFDOELTREFFENDHEID

## Die Tata Ultra T.14

Gebou om jou te ondersteun- in elke opsig

Nuwe Generasie Enjin

Deurloopkajuit

Paneelgemonteerde Ratkas

Paraboliese Vering

Verwarmer & Lugversorging

Lugremme met ABS

**Kontak jou naaste handelaar**
www.tata.co.za

TATA ULTRA FE+

# Afrimat Cement is ware Suid-Afrikaanse bouvennoot

Afrimat staan stewig as 'n baken van plaaslike veerkragtigheid en is trots daarop om 100% Suid-Afrikaans te wees.

Afrimat Cement, 'n filiaalmaatskappy van Afrimat, is nie net in Suid-Afrika aan die bou nie, maar is deel van die land se fondament. As 'n Trots Suid-Afrikaans maatskappy verstaan hy plaaslike nuanses en prioriteite, en het hy die stewels op die grond om die land te bou.



Afrimat Cement lewer deurlopend sement van goeie gehalte wat Suid-Afrika se uiteenlopende bou- en klimaatstoestande kan deurstaan. *FOTO'S: AFRIMAT*



Met 'n klem op plaaslike uitnemendheid en betroubaarheid help Afrimat Cement om sak vir sak 'n volhoubare toekoms te bou.

## 'n Nalatenskap van plaaslike uitnemendheid

Vir Afrimat is "100% Suid-Afrikaans" meer as 'n slagspreuk – dit is 'n verbintenis tot die mense wat in Suid-Afrika se strate loop en in die huise woon wat Afrimat help bou. Die maatskappy se besluite word plaaslik geneem, aangedryf deur 'n diepgaande begrip van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die spesifieke kwessies in die plaaslike bousektor.

Die maatskappy se plaaslike ingesteldheid stel hom in staat om 'n produk te verskaf wat nie net aan internasionale standaarde voldoen nie, maar ook die maatstaf vir uitmuntende gehalte stel. Afrimat verstaan die uiteenlopende, veeleisende klimaatstoestande in elke provinsie in Suid-Afrika.

Die maatskappy se sement word gemaak om te hou, wat verseker dat elke brug, dam en huis gebou word om geslagte lank te staan.

## Vertroude gehalte en ongeëwenaarde diens

In die boubedryf loop vertroue in die gehalte van 'n produk en dienslewering hand aan hand met ingenieursvernuf en projekbestuur. Afrimat se tegniese naverkoopdiens is ongeëwenaard in die bedryf.

Afrimat se kliënte vertrou die maatskappy omdat hulle weet hy is toeganklik en verstaan hul besighede en prioriteite. Of dit 'n groot infrastruktuurprojek of 'n plaaslike gemeenskapsontwikkeling is, die maatskappy se kliëntediens is gewortel in die gees van ubuntu.

Afrimat lewer nie net 'n sak sement nie – die maatskappy lewer 'n vennootskap. Afrimat is in die loopgrawe saam met sy kliënte en verseker dat elke gieting perfek is.

## Visie vir 'n beter wêreld

Afrimat se verbintenis tot Suid-Afrika is onlosmaaklik gekoppel aan die maatskappy se breër visie: "Om wêreldwyd gerespekteer te word vir uitnemendheid in die ontsluiting van die aarde se mineraalpotensiaal om 'n beter wêreld te bou."

Die maatskappy glo dat hy Suid-Afrikaanse uitnemendheid op die wêreldverhoog kan verteenwoordig deur die ontginning en verwerking van die plaaslike mineraalrykdom te bemeester. Afrimat bewys dat 'n plaaslike maatskappy aan die voorpunt kan wees met wêreldhalte-innovasie, terwyl dit lojaal bly aan sy oorsprong.

## Bou 'n volhoubare toekoms

Die maatskappy se bedrywighede is vasgemessel in die konsep van "bou 'n volhoubare toekoms". Volhoubaarheid gaan vir Afrimat nie net oor groen etikette nie, maar oor die lewensvatbaarheid van gemeenskappe op lang termyn. Wanneer 'n kliënt Afrimat kies, kies hy of sy Suid-Afrika.

Dit ondersteun Suid-Afrikaanse werksgeleenthede, finansier plaaslike maatskaplik-ekonomiese ontwikkelingsprojekte en verseker dat die rykdom wat uit die aarde gegenereer word, mense bevoordeel. Deur 100% plaaslike eienaarskap te handhaaf, verseker Afrimat dat sy winste herbelê word in die grond waaruit die materiale gemyn is.

Saam met sy kliënte lê Afrimat die fondament vir 'n volhoubare toekoms. **LBW**

NAVRAE: Web: **www.afrimat.co.za**

AFRIMAT
Cement

# 100% SUID AFRIKAANSE SEMENT




**AFRIMAT SEMENT.**
WAT ONS SAAM BIND.


ELECTROLEE
3-JAAR-WAARBORG
Monitor KUNSMISVLOEI en SAAD op jou planter
Tel: 012 345 3193 www.electrolee.co.za


DIESEL TENKS
BO-GRONDSE TENKS IN ALLE GROOTTES!
NAMPO SPESIALE AANBIEDING
R2000 AFSLAG!
DRUKTOETS INGESLUIT
VERVAARDIGER WAARBORG
VERVOER KAN GEREËL WORD
082 492 0225
jackie@mytreasures.co.za
www.treasuresoftheworld.co.za


Die Oorspronklike
EASYWEAN®
NeusRing®
Geen Bohaai Speen Oplossing
SPEEN MET GEMAK
GEEN SPEEN SKOK
LANGS DIE MA
VERBETER PRODUKSIE
EN VERHOOG WINS
'n Praktiese oplossing om speenskok te verminder
Whole Concepts
+27 82 459 9451
judy@nosering.co.za
www.nosering.co.za


Geologiese dienste
Aanwys van boorgate
Wetenskaplike metodes
Frans Putter
Geoloog
082 785 3957 / 072 808 0007
www.waterwys.org


Kwagga se keuse vir sy plaas:
CEDAR PUMPS®
'n Wye reeks dompelpompe asook VFDs beskikbaar. Van 500 tot 500 000 liter per uur - ons het 'n oplossing vir jou.
• Werk onafhanklik van die kragnetwerk
• Verminder dieselverbruik
• Min onderhoud nodig
• Perfek vir boorgatstelsels
Installeerders en verkopers in elke dorp, regoor SA
Kry 'n gratis kwotasie vandag
CEDAR PUMPS
www.cedarpumps.com
011 794 4664

# Veewenke wat werk

Hoewel bek-en-klouseer tans 'n demper op die veebedryf plaas, kan veeboere heelwat op Nampo leer en waardevolle inligting oor die bedryf van hul kuddes kry.



Daar is heelwat inligting en produkte vir beesboere op Nampo om steeds 'n gesonde kudde – ten spyte van die huidige probleme – te onderhou. *FOTO: MARIEKE SNYMAN*

Die krisis weens bek-en-klouseer het vanjaar die aanbiedings van heelparty skoue in Suid-Afrika verander. Die Nampo-oesdag is geen uitsondering nie deurdat geen diere met gesplete kloue toegelaat word nie.

Dit beteken egter nie dat 'n beesboer nie 'n rede het om Nampo by te woon nie. Uitstallers wat die veebedryf met inligting en produkte oor voeding, die bestuur van produksiesukses, die bevordering van teelmateriaal en die behandeling van dieresiektes bedien, is steeds daar.

Met dít in gedagte moet 'n veeboer sy besoek aan Nampo beplan. Om te help met dié beplanning bied *Landbouweekblad* ses wenke aan vir sukses met 'n veekudde sodat die boer daardie inligting en produkte op Nampo kan ontgin.

## 1. Beplanning is goue draad van sukses

Jan-Hendrik Zietsman van AntroVet het op verlede jaar se Wagyu-konferensie op Frankfort in die Vrystaat die voorbeeld gebruik van 'n skaapboer wat sy kudde se bevrugtingsyfers danksy die gebruik van laparoskopie verbeter het.

"Die boer het bevestig dat die veearts hom 'n voorbereidingsprogram voor die laparoskopie laat volg het."

Hoewel die laparoskopie voordelig is vir die vermeerdering van teelmateriaal, lê die voordeel nie slegs in die tegnologie nie. Die feit dat die boer alles beplan en die plan noukeurig gevolg het, het die vrugbaarheidsyfer van sy kudde verhoog. Niks is aan raaiwerk oorgelaat nie.

**Praktiese toepassing:** Skryf jou jaarplan neer. Wanneer gaan jy bulle toets? Wanneer begin jy met voorbereidingsvoer? Wanneer ent jy?

## 2. Verstaan jou mark voor jy teel

Waldo Scheepers, die Wagyu-beestelersgenootskap se direkteur van rasverbetering, beklemtoon dat teoretiese kennis en praktiese toepassing hemelsbreed verskil. "Jy het diere nodig wat in jou spesifieke omgewing presteer én aan jou teikenmark se verwagtinge voldoen."

**Praktiese toepassing:** Voor jy 'n bul koop, vra: Wie gaan dié kalwers koop? Watter soort diere soek hulle? Speen- of slaggereed? Weidingsdiere of voerkraalbeeste?

## 3. Balans klop prestasie

"Ons het aanvanklik in die Wagyu-gemeenskap op enkele eienskappe gekonsentreer, maar ons het geleer dat balans die sleutel is," sê Waldo.

Dié beginsel geld alle rasse. 'n Bul met uitstekende groei, maar swak vrugbaarheid, of 'n koei met uitstekende melkproduksie, maar swak aanpasbaarheid, kan jou onderneming skaad.

**Praktiese toepassing:** Evalueer jou kudde vir veelvuldige eienskappe. Groei, vrugbaarheid, kalfgemak, melkproduksie en aanpasbaarheid moet alles in balans wees.

## 4. Ken jou koste – elke rand tel

Waldo se koste-ontleding wys hoe maklik produksiekoste opbrengste kan oorskry: "Swak bestuursbesluite kan 'n koste van R42 000 per dier tot gevolg hê, terwyl slegs R39 000 aan opbrengste behaal word."

**Praktiese toepassing:** Bereken jou koste per kalf totdat speengewig bereik is, of per kilogram geproduseer. Weet wat dit kos om 'n dier 'n maand langer te hou. Hierdie kennis sal tot beter besluite lei.

## 5. Entstowwe: lewend teen virusse, nie-lewend teen bakterieë

Wanneer jy entstof gebruik teen virusse (soos dié wat bloutong of knopvelsiekte veroorsaak), gebruik lewende entstowwe, wat gewoonlik in poeiervorm is en eers aangemaak moet word.

Jy kan nie-lewende entstowwe, wat reeds aangemaak is en net so gespuit word, teen bakterieë gebruik.

**Die rede:** Virusse werk binne selle, dus het jy sellulêre immuniteit nodig, wat slegs lewende entstowwe kan bied. Bakterieë werk tussen selle, daarom is humorale immuniteit voldoende.

**Praktiese toepassing:** Bespreek jou entstofprogram met jou veearts. Weet watter siektes in jou gebied voorkom en beplan jou program daarvolgens – vóórdat die seisoen begin en nie tydens 'n uitbreking nie.

## 6. Verstaan voedingsprioriteite

Jan-Hendrik sê daar is 'n natuurlike hiërargie waarvolgens 'n koei se voeding benut word.

"Eerste is basale metabolisme – die minimum energie wat sy benodig om te oorleef. Daarna kom laktasie, groei, vetmaak en laastens reproduksie.

"As daar 'n tekort aan voedingstowwe is, sal reproduksie die laaste aandag kry. Daarom is ondervoeding die grootste oorsaak van swak vrugbaarheid," sê hy.

**Praktiese toepassing:** Moenie bespaar op voeding gedurende deurslaggewende tye, soos die laaste deel van 'n koei se dragtigheid of tydens vroeë laktasie, nie. **LBW**

# Let op dié faktore vir speenkalfsukses

Die vetmesting van beeste moet oorweeg word wanneer produsente waarde wil toevoeg tot hul kalweroes.

Produsente moet marktoestande en voerpryse noukeurig bestudeer voordat hulle besluit om self hul beeste markgereed te kry. Dié faktore beïnvloed winsgewendheid, veral as vetmesting net 'n seisoenale, nie-permanente instelling op die plaas gaan wees.

## Fasevoeding

Die vetmesting van beeste word gewoonlik in drie fases opgedeel, hoewel dit soms voordelig is om slegs een rantsoen ('n groeirantsoen) te voer omdat dit bestuur vergemaklik.

Fasevoeding word toegepas om akkurater in die bees se voedingsbehoeftes te voorsien en die vermorsing van voedingstowwe te beperk.

## Aanvangsfase

Die aanvangsfase duur gewoonlik 14 dae in die voerkraal. Die klem word hier gelê op die aanpassing van kalwers, osse of graad C-beeste tot 'n volvoerrantsoen.

Met kalwers sal die rantsoen 'n hoër proteïeninhoud – en dus ook 'n deurvloeiproteïenbron – bevat, wat raamgroei en -ontwikkeling ondersteun. Dié rantsoen bevat ook tipies meer ruvoer as die groeirantsoen, en het dus 'n laer energiewaarde om die aanpassing in die voerkraal te vergemaklik.

## Groeifase

Die groeifase in die voerkraal is waar gebou word op die raampotensiaal wat vroeër vasgelê is. In dié fase word hoofsaaklik spiere (karkas) ontwikkel. Vir kalwers of osse kan hierdie tydperk 60-100 dae duur, na gelang



Goed gevoerde beeste in die voerkraal is die gevolg van deeglike voeding in verskillende fases en uiters noukeurige bestuur – waar elke kilogram groei uiteindelik bydra tot beter winsgewendheid. *FOTO: VERSKAF*

van die huidige liggaamsmassa en die teikenmassa.

Die groeirantsoen is tipies laer in proteïen en vesel as die aanvangsrantsoen en het 'n hoër energie-inhoud omdat die graaninhoud hoër is.

Omdat graad C-beeste reeds hul volwasse liggaamsmassa bereik het, slaan hulle die groeifase oor en betree slegs 'n vetmestingsfase, wat met 'n groei- of afrondingsrantsoen voltooi kan word. Dit duur gewoonlik 50-70 dae, na gelang van die kondisietelling wanneer die koei die voerkraal binnegaan.

## Afrondingsfase

Die afrondingsrantsoen bevat die laagste proteïen- en ruvoerinhoud, maar die hoogste energiewaarde van ál die rantsoene.

Dié rantsoen kan ook zilpaterol (Zilmax, reg.nr. G2180, Wet 36 van 1947) bevat, wat karkastoename en die uitslagpersentasie verhoog.

Die doel is om vetmesting te ondersteun en die karkas so vinnig moontlik markgereed te kry.

Beeste skuif gewoonlik na die afrondfase oor ná 'n sekere aantal dae in die voerkraal of sodra 'n gewenste liggaamskondisie bereik word.

Vir kalwers en osse duur die afrondfase gewoonlik 30-40 dae.

## Verandering in voertoelaag

Die oogmerk in 'n voerkraal is om beeste se inname van droëmateriaal te maksimaliseer. Beeste wat goed vreet, is beeste wat groei. Wanneer die hoeveelheid voer wat aan beeste gegee word, vermeerder of verminder word, word aanbeveel dat dit met 'n standaardhoeveelheid verander word. Dit is gewoonlik 4-6% van die inname van droëmateriaal, wat gelykstaande is aan 250-375 g voer per dag op 'n droëmateriaalbasis vir kalwers wat gemiddeld 250 kg weeg.

As die hoeveelheid voer vandag verander word, moet die produsent twee tot drie dae wag voor die hoeveelheid weer verander word.

## Voer van beeste

'n Algemene reël vir die voer van beeste is dat 'n derde van die beeste in 'n kamp voerbakke toe moet beweeg wanneer die voerkar verbykom, 'n derde moet by die voerbakke staan en 'n derde moet slegs geïnteresseerd wees om na die voerbakke te beweeg. As ál die beeste in 'n kamp die voerbakke bestorm wanneer die voerkar verbykom, is dit 'n aanduiding dat hulle te min en nie gereeld genoeg gevoer word nie.

Nog 'n teken van ongereelde voer en ondervoeding is as beeste voerbakke "blink" lek voor die voerkar verbykom. Dié gedrag kan uiters nadelige gevolge inhou vir die spysverteringstelsel omdat dit tot metaboliese steurnisse, soos suurpens, en permanente skade aan die grootpens kan lei.

## Ruvoer in die voerkraal

Die gehalte van ruvoer en/of kuilvoer is van groot belang in die voerkraal omdat dit 'n groot invloed het op die gesondheid van die grootpens en die bees in die algemeen. Ruvoer of kuilvoer moet vry van muf wees en behoorlik opgeberg en bestuur word.

Die kerflengte van ruvoer is ook belangrik en moet noukeurig gemonitor word.

Die vetmesting van beeste in 'n voerkraal kan lonend wees vir die produsent, mits dit reg beplan en bestuur word. **LBW**

*Dié artikel is geskryf deur Ashley Grimsell, tegniese bestuurder van Voermol Voere.*

NAVRAE: Web: **voermol.co.za**

Voermol

# Voermol SB 100

## Die ekonomiese, maklik voerbare en kwaliteit vetmestingskonsentraat vir beeste

Meng eenvoudig met mielies of ander energiebronne en ruvoer






60 JAAR

Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

Vir meer inligting skakel 032 439 5599
of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za.

Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za

Voermol SB 100, Regnr. V4498, (Wet 36/1947).
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

**Voermol**

**Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien**

Strong Advertising

# Pas winterlekke aan vir beter beesprestasie

Winter hoef nie 'n seisoen van verliese te wees nie. Met die regte lekstrategie en beplanning kan produsente hul kuddes se kondisie, reproduksie en winsgewendheid beskerm.



Doelgerigte winterlek-aanvulling help om koeie in goeie kondisie te hou, reproduksie te beskerm en verliese tydens die droë maande te beperk. *FOTO: MOLATEK*

Vleisbeesprodusente word jaarliks gekonfronteer met wisselende klimaatstoestande – van seisoenale droogtes tot hoë reënval – wat 'n direkte impak op weidings en kuddeprestasie het. Teen laat somer begin weidings afneem, terwyl speentyd, dragtigheid en parasietdruk bykomende stres op koeie plaas. Dié faktore verlaag weerstand, verhoog siektedruk en kan uiteindelik kalfpersentasies nadelig raak. Daarom is tydige en doelgerigte lek- en voedingsbestuur van deurslaggewende belang.

Die belangrikste bestuursinstrument vir die wintermaande bly goeie weidingsbestuur. Dit sluit in dat die regte veebelading gehandhaaf word volgens die beskikbare weiding. Produsente moet betyds van oortollige diere ontslae raak terwyl hulle nog in goeie kondisie is, pleks van om te wag vir voerskaarste. Só word druk op veld en diere verminder en verliese beperk.

Lekaanvulling is 'n kostedoeltreffende manier om voedingstekorte aan te vul. Dit ondersteun die mikroörganismes in die rumen wat verantwoordelik is vir die vertering van ruvoer. Die doeltreffendheid van hierdie proses hang grootliks af van stikstofinname, aangesien stikstof 'n kernkomponent van proteïen is en noodsaaklik is vir mikrobiese groei.

Dit is egter belangrik om te onthou dat lekke slegs doeltreffend is indien daar voldoende weiding of ruvoer beskikbaar is.

Die tipe lek wat gebruik word, moet aangepas word volgens weidingstipe, -gehalte en -beskikbaarheid, asook die fisiologiese stadium van die diere. In die Savanna-bosveld, waar weidingstoestande vinnig verswak, kan koeie kondisie begin verloor selfs met 'n onderhoudslek. In sulke gevalle is dit nodig om oor te skakel na 'n produksielek.

Laatdragtige koeie en verse op soet- of gemengde veld benodig tipies 200-250 g proteïen per dier per dag, na gelang van raamgrootte en veldtoestande.

Droogtes bly een van die grootste kwessies vir veeboerdery in Suid-Afrika. Dit is belangrik om te onderskei tussen seisoensdroogtes, wat meer voorspelbaar is, en periodieke droogtes, wat onvoorspelbaar en dikwels ernstiger is. Seisoensdroogtes lei gewoonlik tot 'n afname in reproduksie en produksie, terwyl langdurige droogtes ernstige voertekorte en selfs veeverliese kan veroorsaak.

Tydens voerskaarste is die keuse van aanvullende voer bepalende. Produsente moet nie net na die prys kyk nie, maar veral na die voedingswaarde per eenheid. Energie is die belangrikste beperkende faktor gedurende hierdie tye. Byvoorbeeld, koringstrooi het 'n baie laer voedingswaarde as mielies en word swakker benut, wat dit minder doeltreffend maak ondanks groter volumes.

Hoë hooipryse beklemtoon verder die belangrikheid van doeltreffende voerbestuur. Vermorsing kan beperk word deur hooi te verwerk, byvoorbeeld deur dit te maal.

Spoorminerale speel ook 'n sleutelrol in kuddegesondheid. Tekorte kan 'n negatiewe invloed hê op immuniteit, reproduksie en groei. Hoewel weidings sekere minerale bevat, wissel die beskikbaarheid daarvan volgens faktore soos grondtipe, reënval en verteerbaarheid. Daarom moet lekke só saamgestel wees dat ernstige mineraaltekorte aangevul word.

Om te verseker dat koeie die winter in optimale kondisie betree, is dit dikwels nodig om reeds in die laat somer met 'n produksielek te begin, veral in gebiede waar reënval ondergemiddeld was. Hierdie strategie help om energie- én proteïentekorte teen te werk en ondersteun beter reproduksie en algehele prestasie.

Deur lekke strategies aan te pas volgens seisoen en veldtoestande, kan produsente nie net verliese beperk nie, maar ook hul kuddes se produktiwiteit en winsgewendheid beskerm. **LBW**

*Dr. Vlok Ferreira is nasionale tegniese uitvoerende hoof van Molatek.*

NAVRAE: Web: **www.molatek.co.za**

# WINTERLEK

## VIR TOPPRESTASIE IN DIE WINTER, GEE HULLE PROTEÏEN!

Beeste op droë winterweiding het ekstra proteïen nodig om optimaal te presteer.

**Molatek** se klaargemengde **Dryveld 46** is geskik as 'n onderhoudslek vir droë en lakterende diere. Wanneer dit met graan gemeng word, kan dit as 'n produksielek gebruik word. Gebruik **Molatek Lick Mix 87** om jou eie oorgangs-, onderhouds- en/of produksielekke op die plaas te meng.

### VOORDELE

- Stimuleer die inname en vertering van ruvoer.
- Beperk massaverlies gedurende die winter.
- Voorkom droëgalsiek.
- Verhoogde konsepsie- en kalfpersentasies.
- Optimale mikrobiese proteïenproduksie weens die gelyktydige vrystelling van stikstof (vanaf ureum) en energie (vanaf melasse).






## OPLOSSING VIR DROËVELDWEIDING

Vir meer inligting oor **Molatek** se spesifieke voere en dienste, kontak:
**RCL FOODS:** www.rclfoods.com
**MOLATEK:** +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com

Dryveld 46 Reg. Nr. V20820 (Wet 36 van 1947), Lick Mix 87 Reg. Nr. V19783 (Wet 36 van 1947) N-FF2663 (Namibië)

MOLATEK

# ‘FarmRanger is noodsaaklik vir beesboerdery’

Danksy FarmRanger kon hierdie boer veeverliese van duisende rande voorkom.



Abrie van der Walt sê hy kan dit nie bekostig om sonder FarmRanger se ondersteuning te boer nie. *FOTO: VERSKAF*

FarmRanger is noodsaaklik om veediefstal in sy omgewing te bekamp, vertel Abrie van der Walt. Hy boer met kommersiële kruisrasbeeste naby die R49 tussen Zeerust en Ottoshoop in Noordwes, en volgens hom het veediefstal in hul gebied die afgelope paar jaar kwaai toegeneem.

## Veediewe getroef

Hy het self op twee agtereenvolgende Kersdae noemenswaardige veediefstalvoorvalle gehad.

Op 25 Desember 2024 het die alarm op Abrie se FarmRanger-toepassing (*app*) op sy selfoon afgegaan. Dit het daarop gedui dat alles nie pluis is met sy beeste nie.

“Ek het die beweging van die diere op die Google-kaart op die FarmRanger-*app* gevolg, maar omdat dit Kersdag was, was dit moeilik om my veewagters te bel,” sê hy.

Weens die afstand tussen sy woning en die plaas het dit hom ’n ruk gekos om daar uit te kom.

“Met my aankoms op die plaas het ek gevind ek was ongelukkig reeds te laat en dat een van my bulle ter waarde van R45 000 reeds in ’n drukgang geslag is.”

Weens hierdie slegte ondervinding het Abrie se veewagters verlede Kersdag nie die beeste kraal toe geneem nie.

“Later daardie dag het ek ’n alarm op my selfoon ontvang wat gewys het dat een van my beestroppe gesteur word. Ek het dadelik plaas toe gery.

“Met my aankoms het 24 beeste reeds in die kraal gestaan, gereed om op ’n vragmotor gelaai te word.

“Ek het ook op die Google-kaart op die *app* gesien dat ’n tweede groep beeste na ’n hoek van die eiendom aangejaag word.”

Abrie het die roete van die beeste, wat met FarmRanger-halsbande toegerus was, gevolg. Die veediewe het die drade van die heining langs die treinspoor geknip en die diere vir ongeveer 7 km aangejaag na ’n gebied wat dig bebos is, wat toegang en sig aansienlik bemoeilik het.

“Ek en my span is met perde en bakkies na die aangeduide gebied en het met behulp van FarmRanger op ’n trop van ses koeie met hul kalwers afgekom. Die veediewe het hulle voor ons aankoms uit die voete gemaak.

“Al die diere is teen 18:00 teruggekry, sonder verlies. As dit nie vir FarmRanger was nie, sou ek ál die diere verloor het en ’n verlies van meer as R400 000 gely het.”

## FarmRanger gee gemoedsrus

Abrie gebruik FarmRanger sedert 2020. Hy vind die produk maklik om te gebruik en is veral beïndruk met die akkuraatheid daarvan.

As voorbeeld verwys hy na die voorval op Kersdag 2025. “FarmRanger het nie slegs die roete en ligging van die diere aangedui nie, maar was só akkuraat dat dit binne 20 meter gewys het waar die beeste was, wat opsporing baie vergemaklik het.”

FarmRanger gee Abrie gemoedsrus omdat hy nie op die plaas woon nie.

“Dit stel my in staat om betyds op die waarskuwings te reageer, my werkers telefonies in te lig dat ons ’n potensiële veediefstalvoorval het en, indien nodig, soontoe te ry om self ondersoek in te stel en moontlike verliese te voorkom.”

Benewens die uitstekende *app* is daar twee ander kenmerke van FarmRanger wat vir Abrie uittroon.

“Die halsband self is sterk en pas gemaklik om die nek van die bees. Die gordel is omtrent onbreekbaar en ontwerp om moeilike toestande te weerstaan.

“Tweedens is die verlengde batterylewe uitmuntend. Die battery hoef slegs drie of vier keer per jaar herlaai te word. Die herlaaiproses is vinnig en die battery is binne ’n paar uur ten volle herlaai.”

Abrie glo dit is noodsaaklik vir veeboere wat hul beeste wil beveilig, om FarmRanger aan te skaf. “Ek raai boere wat met veediefstal sukkel, aan om FarmRanger vir hul diere te koop. Ek is heeltemal van FarmRanger afhanklik om met beeste in ons omgewing te kan boer.” **LBW**

NAVRAE: **028 212 3346**; web: **www.farmranger.co.za**

FARM Ranger VEE-SEKURITEITSHALSBANDE


FARMRANGER.CO.ZA
FARM Ranger
VEE-SEKURITEITSHALSBANDE
BESKERM JOU KUDDE TEEN ROOFDIERE EN VEEDIEFSTAL
Ontvang 'n alarm-oproep op jou foon, plus LIVE GPS Tracking via ons app, gedurende 'n aktiewe alarm, en Geofences.
TEL: +27 28 212 3346
09:04
Alarms
Cattle 1
High Activity Alarm
14 triggers | 3918 meters
02:13
Extend tracking
Collars
Geofences
Settings
SKAPE
BEESTE
BOKKE
PERDE
Available on the App Store
GET IT ON Google Play

MARIEKE SNYMAN

# Iets van alles op Oesdag te sien

Van dagbreek se eerste lig oor die uitgestrekte terrein tot die bedrywige gange vol boere, verskaffers en nuuskierige besoekers – die Nampo-oesdag bly 'n hoogtepunt op die landboukalender. Hierdie fotoblad vang die energie, innovasie en gemeenskapsgees vas wat jaar ná jaar duisende mense lok. Deur die lens kry jy 'n blik op indrukwekkende werktuie, betekenisvolle gesprekke, rustige oomblikke en die unieke atmosfeer wat net Nampo kan bied.



Ernstige gesprekke het in die mediasentrum op Nampo-park plaasgevind en insiggewende perspektiewe het in die kollig gekom tydens dié paneelbespreking, kundig gelei deur Dawie Maree van FNB. Belanghebbendes het waardevolle idees uitgeruil oor die struikelblokke en geleenthede in die landbou.




Saadmaatskappye van oor Suid-Afrika heen, onder meer Bayer, wys hul nuutste tegnologie en teelmateriaal. Dit is hier waar boere eerstehands kan sien en hoor wat vandag môre se oes moontlik maak. *FOTO'S: MARIEKE SNYMAN*




Duisende mense stroom daagliks deur die hekke van die Nampo-oesdagterrein, elk op soek na iets nuuts. As jy werklik alles wil ervaar wat Nampo-park bied, is 'n vroeë begin die geheim.




Greg Talbot van Tal-Tec en sy span is weer terug op vanjaar se Nampo-oesdag, gereed om boere te ontmoet en hul nuutste oplossings vir doeltreffende boerdery ten toon te stel.



As die kilometers van stap begin tel en jou voete swaar raak, is die pendeldiens op Nampo-park 'n welkome verligting. Dit help jou om vinnig weer op koers te kom en nog meer van die terrein te verken.



Wanneer die middagson warm skyn en die dag begin lank raak, bied die koelte onder die bome 'n ideale plek om asem te skep en weer krag bymekaar te maak vir die volgende rondte.



Weens bek-en-klouseer sal daar vanjaar geen diere met gesplete kloue op Nampo wees nie, maar besoekers kan steeds uitsien na 'n paar vriendelike gesigte – soos dié oulike donkie wat op 'n vorige Oesdag harte gesteel het.



Dié stylvolle Jack Russell in haar pienk jassie het soos 'n regte glanspersoonlikheid rondgestap. Dit was moeilik om nie twee keer te kyk nie – en sy het duidelik elke oomblik van die aandag geniet.



*Landbouweekblad* se jaarlikse redakteursbraai op die Donderdagaand van die skou is 'n hoogtepunt op die sosiale kalender. Dan kan belanghebbendes en besluitnemers in die bedryf in 'n ontspanne atmosfeer kuier en idees uitruil.



Nog voor die dag behoorlik begin, is die *Landbouweekblad*-span reeds aan die gang op Nampo-park. Op dié foto is, van links, Marisa Beeton, Reza Clifford en Nelia Richter – reg om die dag se stories te gaan soek.


Arina du Plessis, redakteur van *Boerekos*. FOTO: BRAND REPUBLIC

**Ligte, vinnige vrae**

**Koffie of tee op 'n koue Nampo-oggend?**
Altyd koffie. (Ons slaap min!)

**Jou gunstelingbestanddeel om mee te werk?**
Regte, egte plaasbotter.

**Een kombuistruuk wat elke boer of boervrou moet ken?**
Moet nooit vleis direk uit die yskas gaarmaak nie: Laat dit eers kamertemperatuur bereik.

**Wat eet jy self ná 'n lang dag op Nampo?**
Gewoonlik die grootste, soetste sjokolade waarop ek my hande kan lê.

**As die Plaaskombuis 'n persoon was, hoe sou jy hom/haar beskryf?**
Ha-ha-ha! 'n Bedrywige karakter – nogal 'n handvol, maar 'n lekker mens!

# Plaasgeure kry 'n vars, moderne aanslag in die Plaaskombuis

*Landbouweekblad* het met die redakteur van *Boerekos,* Arina du Plessis, wat in beheer van die Syngenta Boerekos Plaaskombuis is, gesels oor haar kosfilosofie, die stories agter elke gereg en hoe sy boerekos nuut en relevant na die Nampo-oesdag bring.

**Jy het op 'n plaas grootgeword. Hoe beïnvloed daardie agtergrond jou kosfilosofie vandag?**
My waardering vir goeie, vars produkte, gehaltebestanddele en boerdery spruit beslis uit my grootwordjare op my ouers se plaas. Min van die kos wat ons geëet het, het nie van ons plaas of uit die onmiddellike omgewing gekom nie.

Die beste vleis, die varsste groente en vrugte, plaasmelk en eiers – daarvoor het my pa gesorg. My ma het tradisioneel en seisoenaal gekook: Eenvoudig en sonder tierlantyntjies, sodat jy die vars, goeie produkte waarmee sy gewerk het, regtig kon waardeer.

Net soos sy, hou ek vandag nie daarvan om kos te oordoen nie. Ek verkies dit eenvoudig, maar goed gegeur en perfek gaargemaak.

**Wat beteken "boerekos" vir jou?**
Ek dink eerste aan die tradisionele, nostalgiese resepte wat baie mense met die term "boerekos" vereenselwig. Dit is daardie kos wat jou laat terugverlang na jou ouma se kombuis: boerekerrie, pampoenkoekies, skilferkorsmelktert, soutribbetjie, ouvrou-onder-die-kombers en souskluitjies.

Maar ek dink ook aan plaaskos. Die oumense het gesê dis wat jy maak met wat jy tot jou beskikking het – dit wat in jou akkers groei, op jou lande wei en wat die seisoen vir jou voorsien.

Ek hou daarvan. Al is die meeste van ons "akkers en lande" deesdae ons kombuiskaste en yskaste, bly die beginsel dieselfde: voedsame, eerlike kos met basiese bestanddele.

**As jy net één gereg moes kies wat jou kosstyl die beste beskryf, wat sou dit wees?**
Dit is te moeilik om te beantwoord. Ek het dan nie eens 'n gunstelinggereg nie! Dit wissel



na gelang van die seisoen en my bui. My styl van kosmaak is ook nie altyd dieselfde nie. Uit die aard van my werk kook ek vir die tydskrifte se kosblaaie meestal tradisionele "Afrikaanse" kos, hier en daar met 'n moderne kinkel.

Tuis, vir my familie en vriende, eksperimenteer ek graag met ander koskulture se geure en kooktegnieke.

In die algemeen sou ek egter sê my kookstyl is onopgesmuk. Ek het onlangs in 'n wagkamer 'n artikel in 'n stokou oorsese kostydskrif gelees waarin 'n Australiese koskrywer oor sy gunstelinggeregte skryf. Die titel was *The taste of contentment.* Heel boaan sy lys was 'n eenvoudige bord pasta: handgemaakte pasta, perfek *al dente* gekook, met 'n paar lepels bruinbotter, vars suurlemoen, brosgebraaide salieblaartjies, parmesaan en swartpeper.

Ek kon dit proe terwyl ek die artikel lees. Ek dink dit is hoe 'n goeie bord kos jou moet laat voel: Nie net versadig nie, maar werklik tevrede.

**Hoe gaan jy te werk om 'n spyskaart soos dié vir die Plaaskombuis saam te stel?**

Elke jaar met die Plaaskombuis werk ek saam met wonderlike proteïenvennote. Ek laat my lei deur die produkte of snitte waarmee hulle wil hê ek moet werk.

Die mark vir wie jy kos maak, is natuurlik baie belangrik. Daarom besluit ons saam op geregte wat ons weet gewild onder besoekers aan Nampo gaan wees: Resepte wat bekend, maar besonders is; iets wat mense maklik met die hand kan eet; altyd propvol geur en goeie waarde vir geld.

Daar moet ook genoeg verskeidenheid op die spyskaart wees – in geure, teksture en gaarmaakmetodes.

**Wat kom eerste – die bestanddele, die konsep of die storie agter die kos?**

Die storie agter die kos – waar dit vandaan kom – kom eerste. Al vyf proteïenvennote – **Sparta Beef, Malu Pork, Earlybird-hoender, Lamb & Legacy-Karoolam en Angus-beesvleis** – se stories getuig van harde werk, algehele passie vir hul produk, innovasie en die heel beste gehalte vir verbruikers. Vir my is dit die belangrikste om dié uitstekende produkte wat hulle aan ons lewer, met respek te behandel.

**Hoe balanseer jy tradisionele boerekos met meer moderne elemente?**

As jy begin met 'n goeie grondslag – hier fantastiese rooivleis en pluimvee – en die snitte reg gaarmaak, is dit maklik om moderne elemente by te voeg.

'n Beesborsstuk wat, byvoorbeeld, stadig oornag in 'n bad van aftreksel, vars kruie en geurige speserye gaar word, is tradisioneel. Maar jy kan dit op verskeie maniere moderniseer deur hóé jy dit voorsit en waarmee jy dit kombineer: Gee dit 'n Oosterse kinkel met gemmer, knoffel, soja en rissie, of pluis die vleis en sit dit op mielieskyfies voor met avokado, geskroeide soetmielies, suurroom en vars koljander.

**Wat dink jy maak 'n gereg "Nampo-waardig"?**

In die Plaaskombuis moet dit aan 'n hele paar vereistes voldoen. Eerstens moet dit goed lyk en heerlik smaak – geurig, vars voorberei en perfek gaargemaak. Verder glo ons aan ruim porsies en goeie waarde vir geld.

Omdat elke gereg vir Nampo in groot hoeveelhede berei word, is dit vir my nóg meer belangrik dat elke happie vleis, sous, marinade, salsa of slaaitjie nie moet proe soos iets wat in grootmaat vervaardig is nie, maar vars, tuisgemaak, geurig en heerlik is.

**Wat kan besoekers vanjaar in die Plaaskombuis verwag wat anders as verlede jaar is?**

Die basiese konsep van die Plaaskombuis bly dieselfde, met die verskil dat besoekers vanjaar hul etes en drankies by een toonbank kan bestel. Ons het weggedoen met 'n aparte drankietoonbank om die bestelproses vinniger en makliker te maak.

Die spyskaart lyk natuurlik elke jaar anders, en ek dink daar is vanjaar regtig iets vir elke smaak – van meer tradisionele geregte, soos doeksagte beesborsstuk op romerige Vrystaatse geelmieliepap met pikantrissie-tamatiesmoor, tot vingerlek-lekker varklies met kraakvars koolslaai op 'n gevlamde naanbroodjie, klassieke kaasburgers met bros aartappelwiggies, gelaaide frankfurterrolle met heerlike mosterdmayonnaise en skyfies, en natuurlik gepluiste Karoolamsboud in 'n geroosterde vars platbrood met tzatziki, kruisement en feta.

**Hoe is die samewerking met die span van The Roots Academy in die praktyk?**

Ek sê dit elke jaar, maar ek sal oorlog toe gaan met daardie studente. Hulle is die beste. En dit geld nie net een of twee nie, maar die hele span.

Hulle verstom my elke jaar met hul optimistiese ingesteldheid, stamina, hulpvaardigheid en werketiek. Hulle werk ongelooflik hard en lang ure tydens Nampo, maar hulle glimlag altyd en sien kans vir alles.

Ek geniet dit verskriklik om saam met hulle te werk en wil dit nie sonder hulle doen nie.






Van links is varklies-espetada; doeksagte beesborsstuk; frankfurterrolletjies; 'n klassieke kaasburger en gepluiste Karoolamsboud in 'n platbrood.



Van plaas tot bord – besoekers kan in die Plaaskombuis self die varsheid en gehalte van die plaasprodukte ervaar. Elke gereg vertel die storie van die land en sy mense.

**Hoe moeilik is dit om kos van restaurantgehalte op só 'n groot skaal te lewer?**
Dit was vir my seker die grootste aanpassing. Die hoeveelhede is astronomies. En dan gaan daar 'n jaar verby voordat jy weer op daardie skaal kook. 'n Mens moet elke jaar amper weer van vooraf leer.

Die belangrikste is om nooit geur en gehalte af te skeep nie. Daarom maak ons meer, kleiner lotte en sorg dat elkeen perfek is – eerder as om reuse-lotte op een slag te probeer maak.

**Hoe belangrik is dit vir jou om plaas-tot-bord-stories in die spyskaart te vertel?**
Die plaas is altyd die oorsprong van wat ons eet. Dis waar kos se storie begin. Om die lig te laat skyn op die mense wat ons kos produseer en hoe hard hulle werk, bly vir my een van die belangrikste dele van my werk.

**Wat sê die Plaaskombuis oor die verhouding tussen boere en verbruikers?**
Die Plaaskombuis gee boere die geleentheid om hul produkte aan die verbruikers bekend te stel, en aan die ander kant kry verbruikers weer die geleentheid om te leer waar hul kos vandaan kom.

Dit skep 'n regstreekse verbinding tussen produsent en verbruiker. Mense kan die kos proe, die stories hoor en die mense agter die produkte leer ken, en dit maak die landbou tasbaar en relevant.

**Dink jy Suid-Afrikaners begin anders kyk na waar hul kos vandaan kom?**
Beslis. Suid-Afrikaanse verbruikers maak al geruime tyd meer ingeligte koskeuses. Wat hulle eet en waar dit vandaan kom, het in die afgelope jare vir talle mense baie belangrik geword.

Prys speel natuurlik steeds 'n groot rol, maar as iemand 'n keuse het tussen twee produkte binne hul begroting, waarvan een 100%-naspeurbaar en die ander een nie is nie, is ek oortuig daarvan dat hulle die produk sal kies waarvan die oorsprong bekend en betroubaar is. **LBW**

## ONTMOET ONS KOSVENNOTE

In samewerking met

## KRY ONS HIER!

Die **Syngenta Boerekos Plaaskombuis** is geleë aan die suidwestelike kant van Nampopark (standplaas H11), oorkant die 4x4-baan.

## TYE:

Die Plaaskombuis sal elke dag van **09:00** oop wees vir die publiek om iets te drink.
Etes is vanaf **11:00** beskikbaar.

EST. 1966
SPARTA™
THE BEEF Co.

*'n Familiehandelsmerk wat jy kan vertrou*

Geslagte lank al beesvleisprodusente! By Sparta is ons trots op die gehaltebeesvleis wat ons produseer. Ons is 'n familie-onderneming wie se betrokkenheid by die landboubedryf meer as 'n eeu terugstrek. Ons het nog altyd na aan die aarde geleef, en dit is hierdie liefde vir die aarde en ons beeste wat ons inspireer om topgehaltebeesvleis te produseer.

***Verkoop jou kalwers direk aan Sparta – kontak Charles Mathewson by Charlesm@sparta.co.za Sel: 082 833 0872 / Kantoor: 087 821 8444***



MALU PORK

# Waar kwaliteit en varkvleis ontmoet

In ’n wêreld waar families al hoe meer bewus raak van wat op hul borde beland, maak dit saak om te weet waar jou kos vandaan kom. By MALU  glo ons dat ware kwaliteit begin lank voor die vleis jou kombuis bereik.

“Plaas-tot-tafel kwaliteit waarop jou familie kan vertrou.”

Ons volledige waardeketting – van mielielande en voermeule tot moderne plase, ons eie abattoir en verwerkingsaanleg – gee ons volle beheer oor kwaliteit.

Elke produk word met sorg, deursigtigheid en integriteit hanteer.

Vir jou gesin beteken dit veilige, vars en premium varkvleis.

Hierdie winter bring ons vir jou ’n gereg wat warmte, geur en eenvoud kombineer.

## Varknek-en-appelkooskerrie



### Bestanddele

1 MALU- ontbeende varknek, in blokkies gesny
2 uie, fyngesny
Olyfolie
3 knoffelhuisies, fyngedruk
60 ml kerriepoeier
45 ml tamatiepasta
400 ml water
1 blik appelkooshalwes in stroop
10 gedroogde appelkose, repies gesny
30 ml hoenderaftreksel
60 ml klapperroom
Sout en peper na smaak

### Metode

Gebruik olyfolie en braai uie tot goudbruin.
Voeg die varknek en knoffel by en braai ± 5min.
Roer die kerriepoeier by en maak seker dit is goed deurgeroer, sodat jy die kerriegeur duidelik ruik.
Voeg tamatiepasta en water by, roer goed deur.
Volgende voeg jy die appelkose (blik en gedroog) by, tesame met die hoenderaftreksel.
Sit die pot se deksel op en laat prut vir 90 min.
Voeg klapperroom by en laat prut vir ‘n verdere 30 min.
Voeg sout en peper by.
Bedien op Basmati-rys en garneer met vars koljanderblare.
WENK: Net voor die kerrie bedien word, roer 15 ml vars suurlemoensap deur en proe die verskil.

**Hoekom MALU Pork?**

Plaas-tot-tafel-vertroue • Premium gehalte • Trots Suid-Afrikaans

**www.malupork.com**

## Vyf boere, een handelsmerk

# Karoolam met 'n nalatenskap reguit na die verbruiker

'n Groep boere in die Karoo wil beheer oor die vleiswaardeketting verkry deur lammers van die veld af regstreeks aan verbruikers te verkoop. Só wil hulle winsgewender geleenthede met hul geharde skape skep, wat tot voordeel van die droogtegeteisterde Karoo kan strek.

Die vyf vennote van Lamb & Legacy boer al geslagte lank in die Karoo, maar kies doelbewus om hul bemarking anders te benader. Pleks daarvan om tevrede te wees met beperkte opbrengste op plaasvlak terwyl verbruikers duur vir skaapvleis betaal, het Sybrand Venter, Lukas Steenkamp, Hannes Olivier, Pieter Wiese en Jana Beets-Tippett besluit om hul produk direk aan die mark te lewer.

Hul klem is nie net op verkope nie, maar ook op verbruikersopvoeding. Volgens Pieter is baie mense onseker oor skaapvleis en hou hulle by bekende snitte, bloot omdat hulle nie weet hoe om ander dele te berei nie.

Lamb & Legacy wil hierdie gaping oorbrug deur verbruikers te wys hoe veelsydig skaapvleis kan wees. Daarom moedig hulle kliënte aan om eerder 'n halwe of heel lam te koop, wat groter waarde en meer gebruiksmoontlikhede bied.

Die vennote het besef dat ingeligte verbruikers anders koop nadat 'n padstal se vleisverkope aansienlik toegeneem het ná mense oor snitte en voorbereiding ingelig is. Aanvanklik was die plan om QR-kodes te ontwikkel wat produsente op hul produkte kon gebruik, maar ná hul sukses in die Lamb




Vyf boere in die Karoo neem beheer van hul eie waardeketting deur veldlam regstreeks aan verbruikers te bemark – 'n inisiatief wat nie net hul winsgewendheid versterk nie, maar ook nuwe geleenthede vir die breër Karoogemeenskap skep.

Champs-kompetisie het hulle besluit om self die sprong na direkte bemarking te maak.

'n Belangrike onderskeid van hul produk is dat dit veldlam is. Hierdie lammers groei natuurlik op die veld, sonder hormone of bykomende voer. Volgens die vennote bied dit 'n gesonder en volhoubaarder alternatief teenoor lam wat in voerkrale afgerond word.

Hulle glo dat beter bemarking van veldlam 'n betekenisvolle verskil vir die Karoo kan maak, veral in 'n streek wat gereeld droogtes ervaar. Omdat hierdie diere teen laer insetkoste geproduseer word, skep dit die potensiaal vir beter winsgewendheid, mits verbruikers die waarde van vetter, natuurlike vleis begin verstaan en aanvaar.

Daarby is egte Karoolam geografies beperk tot 'n spesifieke streek, wat dit 'n unieke produk maak. Die vennote produseer almal geregistreerde Karoolam en plaas groot klem op herkoms en gehalte.

Selfs wanneer hulle in die toekoms moontlik vleis sou aankoop, sal dit steeds aan dieselfde standaarde moet voldoen.

Deursigtigheid is 'n kernbeginsel in hul bedryf. Elke lam word by 'n erkende slagpale verwerk en kry 'n unieke identifikasienommer wat saam met sy gradering en gewig aangeteken word. Dit verseker dat verbruikers presies weet wat hulle koop. Die vleis word daarna volgens kliënte se voorkeure verwerk en vakuumverpak.

Mense kan tussen verskillende opsies kies, soos braaibokse of 'n halwe of heel lam wat volgens hul behoeftes opgesny is. Elke snit bevat 'n QR-kode wat toegang gee tot resepte, video's en praktiese wenke vir voorbereiding. Die klem is op eenvoudige en toeganklike metodes, of dit in 'n lugbraaier, oond of prutpot is.

Hoewel die onderneming nog relatief jonk is, het die vraag reeds sterk toegeneem. Bestellings groei vinniger as wat die vennote aanvanklik verwag het, en hulle werk daaraan om hul verspreidingsnetwerk uit te brei sodat hulle meer gebiede kan bedien. Hul visie strek verder as net kommersiële groei.

Die vennote wil hê die hele gemeenskap moet baat vind by die inisiatief. Hulle ondersoek geleenthede om ander plaaslike produsente te betrek en selfs bykomende produkte te ontwikkel, soos velsorgprodukte uit skaapvet. Daar is ook planne om lammers van ander boere in die omgewing teen 'n premie aan te koop, veral dié wat nie altyd op die konvensionele mark bevoordeel word nie.

Só hoop hulle om 'n inklusiewer en volhoubaarder plaaslike ekonomie te bou. Vir die groep is samewerking noodsaaklik. Hulle glo dat 'n gesonde gemeenskap die grondslag vorm vir volhoubare boerdery. Hierdie ingesteldheid weerspieël hul breër doelwit om nie net vleis te verkoop nie, maar ook die Karoo as bestemming en leefstyl te bevorder.

Uiteindelik streef hulle daarna om gehaltevleis teen bekostigbare pryse aan te bied, terwyl hulle terselfdertyd 'n regverdige premie verdien. **LBW**

NAVRAE: Besoek **https://lambandlegacy.co.za** vir nog inligting en aanlyn bestellings.

LAMB & LEGACY

L&L

KAROO GRAZED MEAT




Met trots gewortel in Carnarvon en Loxton in die Noord-Kaap. Waar ons passievol daaroor is om outentieke, vrylopende Karoo-lam meer toeganklik te maak vir almal. Of jy vooruit beplan of net deurreis, ons bied hoëgehalte-lam wat naspeurbaar, vol geur en maklik is om te geniet.

Elke lamsnit is gemerk met 'n skandeerbare strepieskode wat skakel na nuttige **YouTube-video's** wat jou sal help om ons vleis tot perfeksie voor te berei - en moderne geriewe gebruik om die ryk tradisie van die Karoo-boerdery direk na jou kombuis te bring. By Lamb and Legacy is dit meer as net vleis, dit is 'n erfenis wat die moeite werd is om te deel.







Lamb and Legacy Nommer: **0782821353** • Epos: **info@lambandlegacy.co.za**

Direkteure: Jana Beets-Tippett | Lukas Steenkamp | Sybrand Venter | Pieter Wiese | Hannes Olivier


DIE ANGUS-VOORDEEL
ANGUS
Kruisteling
Die wenresep vir
winsgewende Beesboerdery
www.angus.org.za | info@ angus.org.za | 051 447 9849
Rasadviseur: Danie Dames 082 3069 358
YouTube @SAAngus


Kom besoek ons by die Elanco™ Animal Health-stalletjie
By NAMPO 12 - 15 Mei 2026
Loer Gerus In By Gebou V6 & V7, Canola Laan
Ons Stap Daardie Ekstra Myl Vir Boere.
Dit maak die lewe beter as ons die lewensgehalte van diere verbeter.
Dit begin deur boere te help om dieregesondheid en -welstand te verbeter. Ons breek elke dag nuwe grond in die laboratorium, in die kliniek en op die plaas. Ons bied jou 'n omvattende produkaanbod wat die boere, voedselprodusente en die waardeketting ondersteun om veilige, bekostigbare en volhoubare proteïen op tafels regoor die wêreld te bring. Ons stap daardie ekstra myl vir jou.
Elanco™
NAMPO
Die handelsmerke wat jy vertrou, wat jou boerderybedrywighede help floreer
Elanco Hemicell
Elanco Surmax
Zeropar Aerosol
Hi-Tet™
AGITA Granular Fly Bait
Drastic Deadline®
Catosal®
Baycox™


“Ons is trots om hier te kan boer. Ek dink wat die verblywendste is, is as jy ’n produk mark toe stuur en jy kan sê, ‘Hierdie produk kom van Eersteling af.’”
– Coeta Coetzee, Eersteling Boerdery
JOHN DEERE
FINANCIAL
John Deere Financial se krediet- en finansieringsprodukte word verskaf in samewerking met Absa Bank Beperk, ’n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer en Geregistreerde Kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.


EERSTELING BOERDERY:
’N KORTFILM WAAR DIÉ PLAAS SE LANDBOUSTORIES ’N PLEKKIE ONDER DIE SON KRY
Skandeer die QR-kode om die volle kortfilm te kyk.
www.deere.africa | JohnDeereAME
John Deere
John Deere Africa & Middle East




***Bepalings en voorwaardes geld. (beskikbaar by https://www.deere.africa/en/)**

https://www.deere.africa/en/ I africa@johndeere.com I Kliëntediens: 0800 983 821

JohnDeereAME JohnDeere JohnDeereAfrica

JOHN DEERE